
# Donker Web




**Leesgids geskryf deur Hettie van Zyl**

# INHOUDSOPGAWE

## Afdeling A: Pre-lees


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding tot die genre: roman | 3 |
| 2. | Die agtergrond van *Donker Web* | 3-4 |
| 3. | Biografie van die skrywer: Fanie Viljoen | 4-5 |
| 4. | Inleiding tot die studie van *Donker Web* | 5-7 |
| 5. | Opsomming van *Donker Web* | 5-18 |
| 6. | Literêre begrippe in *Donker Web*: | |
| 6.1 | Titel | 18-19 |
| 6.2 | Intrige | 19-20 |
| 6.3 | Botsing/konflik | 21-24 |
| 6.3.1 | Innerlike konflik | |
| 6.3.2 | Uiterlike konflik | |
| 6.4 | Verteltyd en vertelde tyd | 24-25 |
| 6.5 | Milieu – tyd en ruimte | 25-38 |
| 6.6 | Taalgebruik | 39 |
| 6.7 | Tema | 39-41 |
| 6.8 | Motiewe (beelding) | 42-43 |
| 6.9 | Simboliek | 43-44 |
| 6.10 | Mitologie | 45-47 |
| 6.11 | Karakterisering | 47-52 |


**Afdeling B: Post-lees**


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Kontekstuele vrae per hoofstuk | 53-75 |
| 2. | Opsteltipe vrae | 76-79 |
| 3. | Konsepvraestel | 80-82 |
| 4. | Moontlike antwoorde: kontekstuele vrae | 83-110 |
| 5. | Moontlike antwoorde van konsepvraestel | 111-115 |
| 6. | Glossarium van literêre begrippe | 116-128 |
| 7. | Glossarium van woorde in die teks | 129-131 |
| | Bylae – Nasienrubriek | 132 |
| 8. | Bronnelys | 133-134 |

# Afdeling A: Pre-lees

## 1. Inleiding tot genre van die roman

Die term "roman" is in die twaalfde eeu gebruik om te onderskei tussen geskrewe werke in die taal Romaans en Latynse geskrifte. In Engels is die term *novel,* afgelei van *novella* in Italiaans. Daar is verskeie tipe romans, byvoorbeeld die avontuurroman, die historiese roman, die inspirasieroman, die plaasroman, die ontwikkelingsroman, die wetenskapsfiksieroman en die jeugroman.

Die **roman** is gegrond op karakters wat in 'n spesifieke **ruimte** en **tyd** afspeel. Die **karakters** en gebeure is **fiktief**, want dit is op denkbeeldige omstandighede gegrond.

Die **vertellersperspektief** in die roman kan wissel, afhangend vanuit wie se oogpunt die verhaalgebeure aan die leser voorgehou word. Daar moet baie duidelik onderskei word tussen die skrywer (die persoon wat die boek skryf) en die verteller, uit wie se oogpunt dit aangebied word. In *Donker Web* is die verteller van die proloog en epiloog 'n **derdepersoonsverteller**. Dié tipe verteller is nie een van die karakters nie en kyk van buite na die verhaal. Vanaf hoofstuk 1 tot 68 is Greg Owen die verteller. Hierdie tipe verteller word 'n **eerstepersoonsverteller** of 'n ek-verteller genoem.

Wanneer die verhaal in volgorde van tyd vertel word en gebeure op mekaar volg, is die tydsverloop **chronologies**. Indien die tydsverloop wissel tussen die hede en die verlede en voortdurend onderbreek word deur terugflitse of tydspronge is die tydsverloop **achronologies** of **fragmentaries**.

Die **proloog** is 'n voorwoord wat vóór die eerste hoofstuk aan die begin van die verhaal geplaas word. Die funksie van die proloog is om die leser in te lig oor die agtergrond waarteen die verhaal afspeel en die leser nuuskierig te maak om verder te lees. Die roman word in hoofstukke verdeel. Die **epiloog** kom aan die einde van die verhaal, na die laaste hoofstuk, voor en bevat die slotwoord. In die epiloog word die onbeantwoorde vrae van die leser beantwoord.

**Milieu** is die ruimte en tyd waarteen die verhaal afspeel. Die **intrige** (raamwerk van gebeure of plot) word in 'n verhoogde spanningslyn aangebied waar innerlike- sowel as uiterlike **konflik** waarneembaar is.

Die leser leer die **karakters** in die roman ken op grond van dit wat die verteller aan hulle meedeel, die karakter se voorkoms, dialoog, gedagtegang van die karakter en die hantering van konflik. Die **protagonis** (hoofkarakter) ondergaan karakterontwikkeling en word 'n ronde karakter genoem. **Newekarakters** is die ander karakters wat 'n invloed het op die lewe van die hoofkarakter. Die **antagonis** opponeer die hoofkarakter. Onbelangrike karakters word figurante of randkarakters genoem.

## 2. Die agtergrond van *Donker Web*

*Donker Web* is die opvolgroman van *Onderwêreld*, 'n roman wat die afgelope paar jaar vir die NSS-eksamen vir Afrikaans Huistaal voorgeskryf is. Alhoewel *Donker Web* as 'n onafhanklike roman gelees kan word, is daar belangrike agtergrondinligting van die eerste roman wat in ag geneem moet word.

Greg Owen is die protagonis in *Onderwêreld.* Hy is die hoofseun van Lawson Kollege, 'n elite seunskool vir rykmanskinders in die Drakensberge. Greg se pa plaas hom onder groot druk om te presteer, maar wanneer hy met die misterieuse nuweling, Eckardt Wilken, bevriend raak, word sy lewe gekompliseerd. Eckardt leer hom kuberkraak en Greg raak agter met sy skoolwerk terwyl hy

geleidelik in die onderwêreld van kuberkraking vasgevang word. Wanneer Eckardt spoorloos verdwyn, kom Greg in opstand teen die skoolhoof omdat die skool nie moeite doen om hom op te spoor nie en sy verdwyning wil geheim hou.

Hy vind ’n leidraad op ’n foto en ’n eienaardige boodskap op Eckardt se blog, *Ekk-0’s Underworld.* Die boodskap plaas Greg onder die indruk dat Dok Pienaar, die skoolhoof, iets met Eckardt se verdwyning te doen het. Hy volg elke leidraad deur middel van kuberkraking en kom af op Project Nursery Rhyme, ’n hemorargiese virus wat gekweek word om ’n pandemie te veroorsaak en wat kan lei tot die dood van onskuldige slagoffers. Die vaksiene vir die virus sal dan ten duurste verkoop word sodat die drie vennote van die projek, wat onder die skuilname, The Butcher, The Baker en The Candlestick-maker handel dryf, geldelike voordeel daaruit kan trek.

Greg vind uit die skoolhoof, Doktor Alex Pienaar, is die Butcher. Nadat hy alles oor Project Nursery Rhyme uitgevind het, gee hy die inligting aan die polisie, minwetende dat sy eie pa die Candlestick-maker is.

Eckardt Wilken verskyn uit die bloute en vertel vir Greg die waarheid oor sy pa se betrokkenheid. Greg besef dat Eckardt sy eie verdwyning beplan het en dat hy hom sosiaal gemanipuleer het om die skurke van Project Nursery Rhyme te ontmasker. Dit was Eckardt se manier om wraak te neem op die persone wat vir sy pa, ’n regter, se dood verantwoordelik was.

Greg is heeltemal ontnugter, want Eckardt was nooit werklik sy vriend nie en het hom van die begin af misbruik om sy wraakplan uit te voer. Hy vind uit dat Eckardt ’n skuilnaam gebruik het en dat hy glad nie is wie hy voorgee om te wees nie. Die fiktiewe Eckardt Wilken verdwyn weer spoorloos aan die einde van *Onderwêreld* en niemand weet waar die Baker is nie.

*Donker Web* speel ’n jaar en ’n half later af. Eckardt se regte naam, Xander Gericke, word in *Donker Web* onthul. Chris Owen (Greg se pa) is in die tronk, terwyl Greg en sy ma steeds in Sandhurst, Johannesburg, woon. Greg vertrek einde Januarie na Stellenbosch om Sportwetenskap te studeer. Sy besluit om die Baker op te spoor, dwing hom om met Xander saam te werk.

### 3. Biografie van die skrywer: Fanie Viljoen

Fanie Viljoen is ’n bekende skrywer van kortverhale, radiodramas, gedigte, fiksie en niefiksie-boeke. Hy is ook ’n illustreerder en ’n skilder.

Hy is passievol oor skryf en vele literêre toekennings is aan hom toegeken onder andere:

- Die Goue Sanlam-prys (2005) en die M.E.R-prys (2006) vir jeuglektuur vir *BreinBliksem.*
- Die M.E.R-prys vir geïllustreerde kinderboeke en die ATKV-kinderboektoekenning vir *Geraamte in die klas* in 2007.
- Die Silwer Sanlamprys (2007) en die ATKV-kinderboektoekenning (2009) vir *Onderwêreld*.

Fanie Viljoen is op 2 Januarie 1970 in Welkom gebore. Sy pa het in die myn gewerk en sy ma was ’n huisvrou. Hy het ’n ouer broer, Neels, en ’n jonger suster, Cecilia Steyn, wat ook ’n skrywer is. Fanie het hoë agting vir sy Afrikaanse onderwysers by Goudveld Hoërskool in Welkom waar hy gematrikuleer het, veral vir dr. Anita Fourie wat hom geïnspireer het om goeie opstelle te skryf. Die hoogtepunt van Fanie se skoolloopbaan was die dag toe hy die aanmoedigingsprys van die Bloemfonteinse Skrywersvereniging gekry het vir ’n opstel.

Na skool was hy tydelik werksaam by die destydse Volkskas-bank en in 1988 het hy in Kimberley aangemeld vir sy twee jaar nasionale diensplig. Hy het

sestien jaar by Sanlam gewerk en het deeltyds studeer. In 1995 het hy ’n N6-sertifikaat in grafiese ontwerp by die Welkom-kollege behaal en in 2002 verwerf hy ’n BA-graad in Sosiale Wetenskappe aan Unisa.

In sy vrye tyd lees, teken en skilder hy. Hy gaan gereeld gimnasium toe, stap in die veld en luister heeldag musiek. Fanie skryf nie net ’n boek en laat dit op ’n boekrak stof vergaar nie, hy doen soveel meer. Hy besoek skole landwyd en laat sy boeke lewe kry deur opleidingsessies vir onderwysers en kinders. Om matrikulante te help voorberei vir hul voorgeskrewe roman, *Onderwêreld*, het hy ’n aantal gratis video’s op die internet beskikbaar gestel.

Fanie het *Donker Web* geskryf omdat daar so baie versoeke was vir ’n opvolg op *Onderwêreld*. **“Die karakters is nou nie net myne nie, maar hulle behoort aan die lesers wat saam met my oor hulle wonder en oor hulle praat – so amper asof hulle regte vriende is. My wens is ook dat die twee romans lesers sal inspireer om ander Afrikaanse boeke te lees. Daar wag ’n wonderwêreld van woorde op hulle.”**

## 4. Inleiding tot die studie van *Donker Web*

Die skrywer en regsgeleerde dr. F.J. Labuschagne vergelyk Greg Owen en Plank van *Donker Web* met die befaamde Sherlock Holmes en sy vriend, Watson. “Greg figureer sterk as Holmes, nie net jeens sy speurvernuf en soeke na die waarheid nie, maar ook jeens sy persoonlikheid.”

Net soos Holmes kan Greg deur ’n ring getrek word, maar waar hy gaan, saai hy chaos. Greg verkies soos Holmes ook sy eie geselskap. Plank is weer soos Watson wat ’n grapmaker is en die erns van Greg se persoonlikheid breek.

Volgens Labuschagne is Greg en Xander nie Holmes en Moriarty nie, maar hulle vorm saam Holmes, terwyl Moriarty die ontwykende Baker is. Moriarty is volgens die Sherlock Holmes-verhale ’n genadelose, kriminele baasbrein wat “gruweldade tot volmaaktheid pleeg sonder om slaap daaroor te verloor”. In *Donker Web* is die Baker en Valkyrie saam die eweknie van Moriarty. Die Baker word doodgeskiet in *Donker Web*, maar Valkyrie slaag daarin om weg te kom.

### Motto

Die motto (epigraaf) wat voor in die roman aangetref word, is ’n aanhaling uit ’n ander teks wat die atmosfeer skep waarin die verhaal afspeel. Daar is drie motto’s. Die eerste motto is universeel en berei die leser voor dat die roman se inhoud hulle dalk sal afskrik, maar dat daar goeie en slegte elemente in die verhaal is. Die tweede motto is ’n aanhaling uit George Orwell se boek, *1984*. Die kragtige sin suggereer dat die karakters in die verhaal fisiese of emosionele pyn ervaar en nie noodwendig helde is nie. Die derde motto is ’n waarskuwing: Pasop dat jy nie soos die monster raak wat jy wil beveg nie. Dit sluit aan by ’n spreekwoord in die roman: “Die ou wat wil wraak neem, moet twee grafte grawe.”

### <u>Struktuur van *Donker Web*</u>

### Proloog

Die proloog is ’n voorwoord aan die begin van die roman wat dadelik die leser se aandag trek. Die proloog word aangedui deur die rekenaarterm “Reboot”. Dit word gebruik om alle programme op die rekenaar toe te maak en weer te begin. Die proloog is ’n insident wat die verhaal voorafgaan. In *Donker Web* is die proloog ’n

terugflits in die twaalfjarige Xander Gericke se lewe en verwys terug na die vorige roman *Onderwêreld.*

Indien die gebeure in beide verhale chronologies sou verloop, sal die struktuur as volg daarna uitsien: Proloog van *Onderwêreld*
Proloog van *Donker Web*
Sentrale inhoud van *Onderwêreld*
Epiloog van *Onderwêreld*
Sentrale inhoud van *Donker Web*
Epiloog van *Donker Web*

**Sentrale inhoud**

Die begin van die sentrale inhoud van die roman word aangedui deur "Recovery Drive". Hierdie rekenaarterm verwys na die data van 'n rekenaar wat gestoor word op iets soos 'n geheuestokkie wat weer gebruik kan word na 'n fout op 'n rekenaar herstel is. Hierdie verwysing suggereer dat die hoofkarakter, Greg Owen, met 'n nuwe lewe begin na die trauma wat hy en sy gesin deurgegaan het.

*Donker Web s*e sentrale inhoud bestaan uit 68 hoofstukke wat chronologies op mekaar volg. Elke hoofstuk word net soos in *Onderwêreld* in html-formaat aangedui en het 'n opskrif wat die leser 'n aanduiding gee van die inhoud van die hoofstuk. Die dele wat skuinsgedruk (kursief) is, is intertekstuele verwysings – 'n direkte aanhaling uit 'n ander teks soos 'n koerantberig, 'n aanhaling van 'n webwerf, teksboodskappe of 'n verwysing na 'n vorige gesprek.

**Epiloog**

Die epiloog is die slotwoord van die roman. Dit begin met die rekenaarterm "Format" wat gebruik word om alles op 'n rekenaar uit te vee sodat die spasie weer gebruik kan word.

In die epiloog word die vrae waaroor die leser wonder, beantwoord. Die epiloog in *Donker Web* bestaan uit 'n gesprek tussen Greg en sy pa waarin sy pa om vergifnis vra en vir Greg kwytskeld van alle skuldgevoelens rondom sy tronkstraf. Daar is ook 'n verwysing na Xander en Ayla wat verdwyn het.

**Vertellersperspektief**

Die **derdepersoonsverteller** wat in die proloog en epiloog gebruik word, het 'n beperkte alwetendheid, want dit word nie deur een van die karakters self vertel nie. In hoofstuk 1 tot 68 is die **eerstepersoonsverteller** aan die woord. Die eerstepersoonsverteller is een van die karakters in die verhaal. Die protagonis, Greg Owen, vertel die verhaal soos hy dit ervaar.

Die voordele van die eerstepersoonsverteller is:

- Dit maak die verhaal geloofwaardig.
- Die tipe verteller kan sy diepste emosies en gevoelens die beste beskryf.
- Dit betrek die leser by die verhaalgebeure.

Daar is egter nadele aan hierdie tipe verteller, want dié verteller weet nie wat die ander karakters dink of hoe hulle voel nie omdat die verhaal net uit sy eie perspektief, soos hy dit sien, vertel word.

**Tipe roman**

*Donker Web* is 'n ontwikkelingsroman (Entwicklungsroman), want die hoofkarakter, Greg Owen, se geestelike ontwikkeling, groei en verandering word in die roman beklemtoon. Die roman draai om die hoofkarakter se ingesteldheid teenoor die lewe. Hy word in moeilike situasies geplaas en leer deur ervaring om as jong volwassene die aanslae van die lewe te hanteer.

Daar is elemente van die reisroman, 'n speurverhaal en misdaadfiksie in *Donker Web*. Greg reis na Istanboel in Turkye en saam met Xander betree hy die gevaarlike kuberruimte van die donker web. Hulle soek na leidrade in Italië om die Baker op te spoor en hom te laat boet vir sy misdade. Die verhaal fokus op Greg se geestelike reis na volwassenheid. Uiteindelik vind hy homself en maak vrede met sy pa.

## 5. Opsomming van *Donker Web*

**Donker Web in 'n neutedop**

Greg Owen begin sy studies in Sportwetenskap by die Universiteit van Stellenbosch. Hy is egter nie die tipiese sorgelose student nie, maar iemand wat wroeg oor sy aandeel in sy pa se tronkstraf. Hy glo dat die Baker, wat een van die drie vennote van Project Nursery Rhyme is, ook in die tronk hoort en besluit om hom op te spoor.

Greg verras sy ma op Paasnaweek en is ontsteld omdat sy ma 'n minnaar het. Hy besoek ook sy pa in die Kgosi Mampuru II-gevangenis. Sy pa waarsku hom teen die Baker, maar hy is vasbeslote om hom op te spoor.

Hy maak kontak met Xander Gericke om hom te help om die Baker aan die pen te laat ry. Greg ontvang 'n pakkie met 'n gebrande boek van 'n anonieme afsender wat hom kan help om die Baker op te spoor.

Plank, wat die transpondeerder wat Xander vir Greg gestuur het, in sy hand geplant het, gaan saam met Greg na Turkye waar Xander en sy meisie, Ayla, woon. Xander en Greg stamp koppe omdat Greg dinge vir hom wegsteek, maar hulle slaag tog daarin om saam te werk.

Hulle probeer alles in hul vermoë om deur middel van die donker web en die Elsewhere-webblad die Baker op te spoor. Hulle moet vlug uit Turkye wanneer die Baker se mense op hulle toeslaan. Plank word deur die Baker gevange geneem.

Die soektog na die Baker lei hulle na Italië, maar die Baker kry snuf in die neus en verdwyn weer. Dirk Schutte daag op en deel aan Greg slegte nuus mee. Deur middel van kuberkraking vat hulle die spoor van die Baker na Venesië. Die Baker is egter uitgeslape en vind hulle voordat hulle hom vind en dan spat die vonke.

**<u>Opsomming per hoofstuk</u>**

By elke hoofstuk is die ruimte waarteen dit afspeel in hakies geplaas en waar moontlik is die tyd ook aangedui.

**Proloog** (Johannesburg – jare gelede)

- Vreemde besoekers daag by die Gericke-woning op.
- Regter Gericke, Xander se pa, verkeer in lewensgevaar.

**Hoofstuk 1** (Suid-Afrika: Sandhurst – Die aand voor Greg Owen se vertrek na Stellenbosch)
Tyd: Einde Januarie, ’n jaar het verloop ná sy matriekjaar.

- Kort verwysings na die slot van die vorige roman, *Onderwêreld.*
- Greg dink terug aan Lawson Kollege wat hy in die middel van sy matriekjaar moes verlaat.
- Sy bagasie staan gereed, want hy vertrek die volgende dag na Stellenbosch.
- Greg en sy ma is in John, sy broer wat selfdood gepleeg het, se kamer.
- Hulle gesels oor John en sy ma vertel vir Greg van haar wroeging en frustrasie na John se dood.

**Hoofstuk 2** (Op pad na Stellenbosch)

- Greg vertrek met sy BMW 118i-sportmodel na Stellenbosch waar hy Sportwetenskap gaan studeer.
- Tydens die reis dink hy aan Xander (Eckardt Wilken) wat die oorsaak was van hul gesinsverbrokkeling, en aan sy laaste dag by Lawson Kollege.
- Hy dink ook aan die hofsaak van sy pa, en aan die vreemde vrou wat net vir een dag die hofverrigtinge bygewoon het.

**Hoofstuk 3** (Beaufort-Wes gastehuis)

- ’n Vrou by die gastehuis herken vir Greg.
- ’n Onderonsie volg wanneer die vrou verwys na sy pa wat mense doodgemaak het.
- Greg arriveer by sy woonstel in Stellenbosch en ontmoet vir Chloe en haar vriendinne.
- Plank, Greg se skoolvriend, daag by sy woonstel op.

**Hoofstuk 4** (Studentelewe in Matieland; O-week vir eerstejaars; Vensters)
Januarie/Februarie

- Eerste week van studentelewe.
- ’n Vreemde vrou vra vir Plank uit oor Greg.
- Konflik met ’n onbekende student by Vensters se straatteater weens die verwysing na sy pa se wandade.

**Hoofstuk 5** (Universiteit Stellenbosch se kampus en straattoneel)
Februarie

- Plank vertel vir Greg van Lisa, die meisie met die elfiegesig en swart hare wat hy ontmoet het.
- Greg sien ’n kunswerk, “Broken Trust”, voor die SMAC-kunsgalery.
- Lisa se pa laai vir Plank en Lisa in die straat af waar Greg op hulle wag. Haar pa dwing vir Lisa terug in die bakkie omdat hy vir Greg herken en waarsku hom om weg te bly van haar.

**Hoofstuk 6** (Stellenbosch)

- Greg is gefrustreerd omdat sy pa se wandade veroorsaak dat mense hom oordeel.
- Hy besluit om meer uit te vind oor die Baker.

**Hoofstuk 7** (Stellenbosch)

- Greg probeer 'n profiel van die Baker opstel.
- Hy kom af op 'n foto van sy pa saam met dokter Rian Trollip.
- Hy onthou van 'n partytjie by hulle huis, toe hy en John nog kinders was, waar dokter Trollip en sy vrou teenwoordig was.
- Dokter Trollip was deel van Plus Ultramed.
- Hy beskou die dokter as 'n verdagte, maar kom af op 'n berig wat handel oor die dokter se arrestasie vir kinderpornografie en sy latere selfdood in die tronksel.

**Hoofstuk 8** (Stellenbosch)

- Greg skakel dokter Trollip se vrou.
- Hy kom agter sy is onder die invloed van alkohol.
- Sy beëindig die oproep toe hy sê dat hy die Baker soek.
- Greg probeer inligting by mense wat dokter Trollip moontlik geken het, kry.

**Hoofstuk 9** (Stellenbosch – Workout Café/gimnasium)

- Hy leer vir Dain February, een van sy klasmaats, beter ken.
- Lisa se pa, Dirk Schutte, verskyn by die Workout Café.
- Dirk vra om verskoning oor sy gedrag, vra hom uit oor die kuberkraking en waarsku hom om op te hou met kuberkraking.

**Hoofstuk 10** (Stellenbosch)

- 'n Pakkie met 'n brief en 'n gebrande boek word by Greg se woonstel afgelewer.
- Plank kom kuier en vertel hom van sy probleme met Lisa.
- 'n Man op 'n motorfiets hou Greg se woonstel dop.
- Greg en Plank kyk na die gebrande boek met formules, diagramme en kriptiese notas.
- Op die laaste bladsy is "Valkyrie" geskryf.

**Hoofstuk 11** (Stellenbosch / Johannesburg)
Paasnaweek – April

- Greg vind uit wat Valkyrie beteken.
- Greg sien dieselfde man wat hom vroeër dopgehou het op sy motorfiets buite die Workout Café.
- Greg vlieg vir die Paasnaweek van Kaapstad-lughawe na OR Tambo-lughawe in Johannesburg om vir sy ma te gaan kuier.

**Hoofstuk 12** (Sandhurst-ouerhuis en Kgosi Mampuru II-gevangenis, Pretoria)

- Greg is ontsteld toe hy sy ma se skelmpie, André Symington, by sy ouerhuis aantref.
- Hy besoek die volgende dag sy pa, Chris Owen, in die Kgosi Mampuru II-gevangenis.
- Sy pa waarsku hom om die Baker uit te los.

- Hy sien vir Dok Pienaar in die besoekershokkie.

**Hoofstuk 13** (Sandhurst-ouerhuis en Stellenbosch)

- Nicole wag hom by sy ouerhuis in met ’n baba op die heup.
- Sy ma sê vir hom dat Thomas Lawson hom vir ete genooi het.
- Hy vlieg die Sondagaand terug na Kaapstad.
- Iemand het in sy woonstel ingebreek en ’n dreigboodskap op sy skuifdeur geskryf.
- Greg oorweeg dit om Xander se hulp in te roep om die Baker op te spoor.

**Hoofstuk 14** (Clifton, Lawson-woning en Stellenbosch)

- Greg woon die ete by Thomas Lawson se huis by.
- Hy ontmoet ’n paar van Thomas Lawson se vriende.
- Op die balkon voer hy ’n gesprek met Sebastian Stadler.
- Thomas Lawson praat met Greg in sy studeerkamer en bied hom hulp aan.
- Lawson kritiseer Greg oor sy studierigting en ’n woordewisseling ontstaan.
- Greg stuur vir Xander ’n boodskap op sy blog.
- Xander stuur ’n vreemde boodskap terug.

**Hoofstuk 15** (Stellenbosch, De Warenmarkt)

- Greg vind uit dat Xander se boodskap ’n Griekse palindroom is met die betekenis: “Was ook die sondes af, nie net die gesig nie.”
- Hy kuier gesellig saam met Plank en Lisa by De Warenmarkt.
- Greg reageer op Xander se boodskap. Hy erken dat hy “sondes” het en vra vir Xander om hom te help om die Baker op te spoor.

**Hoofstuk 16** (Stellenbosch, NG Moederkerk)
Twee weke later.

- Greg merk vir Tom op toe hy, ná klas, op pad is na sy woonstel.
- Hy volg vir Tom na die NG Moederkerk.
- Tom is verbaas toe Greg sê dat hy vir Xander sal betaal om hom te help, want Xander is ryk en het nie sy geld nodig nie.

**Hoofstuk 17** (Stellenbosch, houtbrug oor die Eersterivier)

- Greg soek na leidrade in die gebrande boek.
- Lisa, Plank en Chloe daag onverwags by Greg se woonstel op.
- Greg lig hulle in oor sy planne om die Baker vas te trek.
- Die volgende dag, op pad universiteit toe, sien hy Tom se lyk in die klipperige rivierbedding van die Eersterivier.

**Hoofstuk 18** (Stellenbosch)

- Greg is laat vir klas. Professor Kabi, ’n gasdosent, plaas vir Greg onder druk om sy mening te lug oor opkikkers.
- Greg stuur die video van Tom se lyk na Xander.
- Greg se ma vertel hom dat iemand haar in die inkopiesentrum agtervolg het.
- Greg ontvang foto’s van sy ma, geneem deur ’n agtervolger, in sy Dropbox.

**Hoofstuk 19** (Stellenbosch, Botaniese Tuin)

- Greg sien ’n persoon met ’n “hoodie” wat hom dophou. Hy besef dat dit Xander is.
- Xander hardloop weg en Greg sit hom agterna.
- Xander slaag daarin om vir Greg af te skud en weg te kom.

**Hoofstuk 20** (Stellenbosch: Wilgenhof-koshuis en die inligtingsentrum in Markstraat)

- Greg vertel vir Plank dat hy vir Xander gesien het.
- Hy wonder of Xander iets met Tom se dood te doen het.
- Greg ontvang ’n anonieme boodskap wat hom beveel om die persoon te ontmoet by die inligtingsentrum in Markstraat.
- ’n Stem uit die aanhoudingselle waarsku Greg dat hulle sy pa sal doodmaak as hy verder na die Baker soek.

**Hoofstuk 21** (Stellenbosch, Dirk Schutte se huis)

- Greg ry na Lisa-hulle se huis om haar pa se hulp te gaan vra.
- ’n Swart motor agtervolg hom, maar Greg skud hom af.
- Dirk belowe dat hy iemand sal kry om vir Chris Owen te waarsku.
- Dirk moedig vir Greg aan om voort te gaan met sy soektog na die Baker.

**Hoofstuk 22** (Stellenbosch)

- Xander stuur ’n e-pos vir Greg en beveel hom om die Telegram-toepassing af te laai.
- Xander vra vir Greg of hy ’n ander video aan hom gestuur het.
- Greg kyk met afgryse na die teregstellingsvideo van regter Gericke, Xander se pa. Hy is versmoor met ’n binneband.

**Hoofstuk 23** (Stellenbosch)

- Greg ontken dat hy die video aan hom gestuur het.
- Xander stem uiteindelik in om Greg te help om wraak te neem op die Baker.
- Greg ontvang twee pakkies van Xander af: ’n skootrekenaar en ’n pakkie waarop die woorde “Dangerous Things” gedruk is.

**Hoofstuk 24** (Stellenbosch)

- In die tweede pakkie is ’n transpondeerder.
- Xander beveel Greg om die transpondeerder na ’n tatoeëerwinkel te vat en dit in sy hand te laat plant. Daarna moet hy ’n bewys aan hom stuur dat hy die opdrag uitgevoer het.

**Hoofstuk 25** (Stellenbosch)

- Greg nader vir Chloe om ’n foto te manipuleer (met Photoshop) sodat dit kan lyk asof hy die transpondeerder in sy hand ingeplant het.

- Greg kom by die woonstel aan en vind dat die woonsteldeur nie gesluit is nie.
- Hy vind vir Plank met ’n bebloede hand in die badkamer. Plank het die transpondeerder in sý hand geplant.

**Hoofstuk 26** (Stellenbosch)

- Greg ontsmet Plank se hand en raas met hom omdat hy so onverantwoordelik is.

**Hoofstuk 27** (Stellenbosch / Kaapstad-lughawe)

- Greg stuur die gemanipuleerde foto vir Xander.
- Greg gebruik Plank se hand om die skootrekenaar te aktiveer.
- Xander beveel vir Greg om na Istanboel in Turkye te kom waar hy woon.
- Plank moet noodgedwonge saam met Greg na Turkye gaan as gevolg van die transpondeerder in sy hand wat die skootrekenaar se sleutelwoord bevat.

**Hoofstuk 28** (Kaapstad-lughawe /Istanboel, Turkye)

- Greg laat weet sy ma dat hy na Istanboel vlieg en gooi sy selfoon in ’n asblik op die lughawe soos Xander beveel het.
- Xander is nie op die Istanboel-lughawe nie. Greg verwittig hom van hulle aankoms.
- Xander laat weet dat hulle by Basilica Cistern sal ontmoet.

**Hoofstuk 29** (Turkye, Istanboel, Basilica Cistern)

- Plank wag buite die gebou, want Xander weet nie dat die transpondeerder in sý hand is en nie in Greg s’n nie.
- Greg verstom hom aan die prag van die “Versonke Paleis” en steek vas by ’n beeld van Medusa.
- Xander verskyn skielik langs Greg.

**Hoofstuk 30** (Turkye, Istanboel, Basilica Cistern)

- Die atmosfeer tussen Greg en Xander is gespanne tydens die herontmoeting.
- Xander wantrou vir Greg toe hy agterkom dat hy nie die transpondeerder in sy hand het nie.
- Xander weier om na Greg te luister en wil geen ooreenkoms met hom aangaan nie.

**Hoofstuk 31** (Turkye, Istanboel, straattoneel en hotel)

- Plank en Greg is op hulle eie en oornag in ’n hotel.
- Hulle fantaseer oor die toekoms.
- Die volgende oggend daag Xander op. Sy meisie, Ayla, het hom omgepraat om vir Greg ’n tweede kans te gee.

**Hoofstuk 32** (Turkye, Istanboel, Balat-distrik – Xander se woning)

- Xander wys vir Greg en Plank hul kamers aan.

- Hulle ontmoet vir Ayla, ’n beeldskone Turkse meisie.
- Plank en Greg is verbaas dat Ayla Afrikaans kan praat.
- Ayla se ouers werk vir Doctors Without Borders.

**Hoofstuk 33** (Istanboel, Xander se woning)

- Greg vertel vir Xander wat hy van die Baker kon uitvind.
- ’n Konfliksituasie ontstaan tussen Greg en Xander.
- Xander is baie ontsteld, maar Ayla kalmeer hom.
- Greg vertel nie vir Xander van die gebrande boek nie.

**Hoofstuk 34** (Istanboel, Xander se woning, donker web-*kuberruim*)

- Xander verduidelik vir Greg hoe die donker web werk.
- Met die reëls wat Xander neergelê het in gedagte, snuffel Greg op die donker web.

**Hoofstuk 35** (Istanboel, Xander se woning)

- Xander is woedend vir Plank omdat hy vriende maak met die Turke en gooi sy selfoon stukkend.
- Hulle probeer ’n profiel van die Baker saamstel en bespiegel oor planne om die Baker vas te trek.
- Ayla en Xander doen saam navorsing oor moontlike planne om die Baker te lok; terwyl Greg en Xander as ’n span saamwerk op soek na die perfekte plan.

**Hoofstuk 36** (Istanboel, Xander se woning)

- Greg sien dat iemand in sy tas gekrap het en besef die gebrande boek is nie meer in sy tas nie.
- Xander konfronteer vir Greg omdat hy die inligting oor die boek van hom weerhou het.
- Xander vertel vir Greg van Project Coast en die dodelike chemikalieë wat gebruik word om mense dood te maak.
- Xander is teleurgesteld omdat hy nie vir Greg kan vertrou nie.

**Hoofstuk 37** (Istanboel, Xander se woning)

- Greg los die wrywing tussen hom en Xander op deur om verskoning te vra.
- Xander dink daaraan om die Baker te lok met ’n projek oor gif.

**Hoofstuk 38** (Istanboel, Xander se woning)

- Hulle beplan om op die donker web navraag te doen oor ’n soortgelyke middel as Novichok.
- Hulle ontvang negatiewe terugvoer op die donker web.

**Hoofstuk 39** (Istanboel, Hagia Sophia/Heilige Wysheid.)

- Xander en Greg onderneem ’n uitstappie na die “Heilige Wysheid”.
- ’n Ontspanne atmosfeer heers tussen Greg en Xander.

- Xander vertel vir Greg dat die vreemde woorde op sy blog ’n inskripsie was by die Hagia Sophia.

**Hoofstuk 40** (Istanboel, Xander se woning)

- Daar is ’n paar reaksies op Xander en Greg se navraag op die donker web.
- Iemand op die donker web beveel aan dat hulle op Elsewhere se webblad moet navraag doen.

**Hoofstuk 41** (Istanboel, Xander se woning)

- Daar is ’n onheilspellende inleiding op Elsewhere se webblad, maar hulle kan nie verby die intro kom nie.
- Greg gesels met Ayla oor Xander. Dit is duidelik dat Greg gevoelens het vir Ayla.
- Greg is in die middel van die nag wakker en soek na ’n inkomplek op Elsewhere se webblad. Hy ontdek dat FontCode hulle toegang kan gee.

**Hoofstuk 42** (Istanboel, Xander se woning)

- Deur middel van FontCode kry hulle toegang tot Elsewhere en ontvang ’n verwelkomingsboodskap van die webblad.
- Hulle doen navraag oor chemiese produkte via Telegram.
- Die Baker antwoord: “Greg en Xander, met wie dink julle speel julle?”

**Hoofstuk 43** (Istanboel, Xander se woning)

- Die Baker se dreigboodskap aan Xander en Greg is ontstellend en hulle vermoed dat hulle plan om hom uit te lok, misluk het.
- Xander en Greg maak nuwe planne om die Baker op te spoor. Hulle oorweeg verskeie opsies: sy Bitcoin-adres, programmatuur of deur datakrummels.
- Hulle besluit om ’n video op die bediener (server) te sit en die Baker daarheen te lok via ’n Telegram-boodskap. Hulle vind uit dat die Baker in Florence in Italië is.

**Hoofstuk 44** (Istanboel, Xander se woning)

- Plank en Greg moet vervalste Europese paspoorte kry om na Italië te reis.
- Xander en Greg gesels oor die invloed van tegnologie.

**Hoofstuk 45** (Istanboel, Xander se woning. Besienswaardighede: Hagia Sophia, Basilica Cistern, Blou Moskee en Topkapi-paleis)

- Plank en Greg besoek verskeie besienswaardighede in Turkye en hulle paspoorte word afgelewer.
- Plank storm doodsbenoud die woonstel binne en kondig aan dat daar groot moeilikheid is.

**Hoofstuk 46** (Vlug uit Turkye)

- Plank se nuwe Turkse vriend, Candon, het hom ingelig dat ander mense navraag oor hulle gedoen het.

- Xander is woedend, hy gooi die skootrekenaars stukkend en beveel almal om hulle tasse te pak.
- Hulle vlug toe iemand aan die deur hamer. Xander dwing vir Greg om tussen hom en Plank te kies.
- Plank word deur die Baker se trawante gevang.

**Hoofstuk 47** (Italië, Rome, Florence: Hotel Domus Florentiae)

- Xander, Ayla en Greg vlieg na Rome en reis per trein na Florence.
- Hulle kom by die hotel aan.
- Xander kry ’n nuwe skootrekenaar en hulle kry agterdeurtoegang tot die Baker se rekenaar.

**Hoofstuk 48** (Florence: Hotel Domus Florentiae)

- Xander en Greg ondersoek die Baker se rekenaar vir moontlike leidrade om sy identiteit te bepaal.
- Hulle laai ’n klomp encrypted dokumente af en vind uit wat die Baker se fisiese adres is.
- Greg sluip laataand weg na die Baker se adres.
- Hy hou die Baker en sy vrou vanaf die sypaadjie oorkant hulle huis dop.

**Hoofstuk 49** (Florence: Hotel Domus Florentiae; Lungarno Amerigo Vespucci en Accademia-galery)

- Xander is kwaad omdat Greg naby die Baker se huis was.
- ’n Ouerige man en ’n dame kommunikeer met Greg waar hy in die sagte lig na die beelde in die Accademia-galery kyk.
- Die Baker is nie meer by sy woning nie. ’n Swart motor agtervolg vir Xander, Greg en Ayla.

**Hoofstuk 50** (Florence: Hotel Domus Florentiae)

- ’n Teddiebeer word vir Xander by die hotel afgelewer. Daar is ’n pistool in die maag van die teddiebeer.
- Xander jaag vir Greg die skrik op die lyf toe hy die pistool op hom rig.

**Hoofstuk 51** (Florence: Hotel Domus Florentiae en Palazzo Vecchio)

- Greg vererg hom oor Xander se siek grap.
- Greg ontvang ’n boodskap van Dirk Schutte om hom die volgende dag by die Palazzo Vecchio te ontmoet.
- Dirk het slegte nuus vir Greg.

**Hoofstuk 52 (**Florence: Palazzo Vecchio)

- Greg vermoed dat Dirk die Baker is.
- Dirk sê dat Dok dood is en dat Greg se pa, Chris Owen, in die tronk aangerand is en in die hospitaal opgeneem is.
- Xander vertrou nie vir Dirk nie.

**Hoofstuk 53** (Florence: Palazzo Vecchio)

- Greg raak senuweeagtig en twyfel of hy verder na die Baker moet soek.
- Greg vertel vir Dirk dat Plank in Turkye agtergebly het.

**Hoofstuk 54** (Florence: Hotel Domus Florentiae)

- Xander wil die Baker se skootrekenaar se webkamera kraak.
- Die Baker het besef dat iemand op sy rekenaar was en die agterdeur toegemaak.
- Hulle kry deur middel van Meterpeter toegang tot die Baker se webkamera en kom agter dat hy hom in Venesië bevind.

**Hoofstuk 55** (Venesië: Airbnb-blyplek – studio)

- Dirk volg vir Xander, Ayla en Greg na Venesië. Hulle kry verblyf by ’n studio waar ’n kunstenaar soms werk.
- Xander wantrou vir Greg en dink dat hy met ’n wraakplan besig is.
- Greg wys vir Dirk die gebrande boek en hulle stel saam ’n lys met verdagtes op: Prof. Kabi, Thomas Lawson, genl. Winters en André Symington.

**Hoofstuk 56** (Venesië: Airbnb-blyplek – studio)

- Greg wonder of Ayla se pa nie dalk die Baker is nie. Hy vermoed dat Xander haar sosiaal manipuleer om haar pa te ontmasker.

**Hoofstuk 57** (Venesië: Airbnb-blyplek – studio en Rialto-brug)

- Greg vind vir Ayla by die Rialto-brug en waarsku haar dat Xander haar misbruik. Hy sê vir haar dat hy dink dat haar pa die Baker is.
- Ayla wil dit nie glo nie, maar sy twyfel.
- Sy vind troos in Greg se arms en hulle soen mekaar toe Xander daar opdaag.

**Hoofstuk 58** (Venesië: Rialto-brug, studio)

- Xander is kwaad oor Greg se aantygings.
- Hy sê dat hy berou gehad het oor sy wraak op die Owens en graag vir Greg wou help.
- Xander kry ’n emosionele ineenstorting.
- Ayla wantrou vir Greg en Xander.

**Hoofstuk 59** (Venesië: Airbnb-blyplek – studio)

- Greg is laatnag besig op die skootrekenaar. Hy krap in Xander se lêers, maar kan niks inkriminerend vind nie.
- Hy hou die Baker se webkamera dop, hoor swaar klaviermusiek en ’n vrouestem. Dan sien hy die Baker se gesig!

**Hoofstuk 60** (Venesië: Airbnb-blyplek – studio)

- Die Baker lyk vir Greg bekend.
- Greg maak ’n video van die Baker.
- Greg en Xander besluit om hulle verskille opsy te sit en saam te werk.

- Greg vind meer uit oor Project Coast.
- Die Baker is: Dokter Sebastian Stadler.

**Hoofstuk 61** (Venesië: Airbnb-blyplek – studio)

- Uitdrukke van foto's en video's oor die Baker word op 'n muur vasgeplak en hulle dink aan planne om hom vas te trek.
- Xander glo dat hulle dieselfde benadering moet volg as Taylor Swift toe sy gesigsherkenningsagteware gebruik het tydens een van haar konserte.

**Hoofstuk 62** (Venesië: Airbnb-blyplek – studio)

- Hulle koop selfone met goeie kameras. Hulle wil dit gebruik om video's te maak en deur 'n gesigsherkenningsprogram die Baker in Venesië opspoor.
- Greg kry 'n ontstellende nagmerrie.

**Hoofstuk 63** (Venesië: Airbnb-blyplek – studio, toeriste-aantreklikhede in die stad)

- Ayla, Dirk en Greg loop met selfone in die strate op soek na die Baker terwyl Xander voor die rekenaar sit om die gesigsherkenningsprogram dop te hou.
- Greg steek sy selfoon weg by sy skuilplek en gaan haal 'n "power bank" by hulle woonplek.
- Daar is konflik tussen Xander en Greg oor die selfoon wat hy weggesteek het.
- Die Baker word deur die gesigsherkenningsprogram op die weggesteekte selfoon herken.

**Hoofstuk 64** (Venesië: Airbnb-blyplek – studio en Ponte della Paglia)

- Greg en Xander hardloop deur die stad om by die selfoon uit te kom.
- 'n Smous wys vir hulle in watter rigting die persoon wat die selfoon gevat het, verdwyn het en gee vir Greg 'n pet as geskenk.
- Hulle sien vir Plank, wat erg aangerand is, met die selfoon in sy hand.

**Hoofstuk 65** (Venesië: Giardini Reali, die Koninklike Tuine)

- Plank sê dat 'n vrou vir hulle in die Koninklike Tuine wag.
- Greg sien te laat Plank se boodskap op die selfoon wat sê dat dit 'n lokval is.
- Valkyrie en die Baker verskyn en dink dat hulle beheer het oor Xander, Greg, Ayla en Dirk.
- Die Baker en Valkyrie het een van die vier "gevangenes" vergiftig.

**Hoofstuk 66** (Venesië: Giardini Reali, die Koninklike Tuine)

- Die Baker vertel vir hulle sy lewensverhaal.
- Greg toon tekens van vergiftiging.
- Xander het 'n troefkaart: Hy het deur Ransomware (losprysware) die Baker se rekenaar se kode gekraak.

**Hoofstuk 67** (Venesië: Giardini Reali, die Koninklike Tuine)

- Xander waarsku die Baker dat sy wandade aan die SA polisie en ander wetstoepassers bekend gemaak sal word.
- Greg kry die teenmiddel om die vergiftiging teen te werk.
- Xander skiet die Baker dood.

**Hoofstuk 68** (Venesië: Canale Grande)

- Valkyrie glip ongesiens weg.
- Xander, Ayla, Greg, Plank en Dirk vlug op die Canale Grande in die Baker se boot weg.
- Valkyrie se snelboot bots teen hulle. Hulle beland in die water en daar word op hulle geskiet.
- Plank word doodgeskiet.

**Epiloog** (Suid-Afrika, Pretoria, Kgosi Mampuru II-gevangenis: C-Max-besoekersarea)

- Greg en sy pa is in gesprek. Daar is 'n karakterverandering te bespeur in Chris Owen.
- Greg en sy pa versoen.

## 6. Aspekte van die roman: *Donker Web*

### 6.1 Titel

Daar word deurlopend in die roman verwys na die woord "donker" asook "web" afsonderlik en gesamentlik. In die eerste hoofstuk van die roman stap Xander Gericke in die donker gang af. Hy raak bewus van die donker wat hom opraap en in die voue van sy kleed verberg. Die donker word hier as boos gepersonifieer.

Wanneer Greg universiteit toe gaan, geniet hy dit aanvanklik en dink dat die "donker dae" (bladsy 36) weg is, maar wanneer hy begin navorsing doen oor die Baker is dit asof die donker dinge terugkeer.

Karakters word gepersonifieer as donker. Xander is 'n donker karakter met 'n donker stem. Greg stel hom gelyk aan die duiwel. Selfs Greg voel dat daar 'n donker plek in sy kop is (bladsy 84) en dat die donkerte nie uit hom kan ontsnap nie. Figurante (randkarakters) soos die man wat vir Greg dophou, die man wat sy ma agtervolg en die Baker se uniformmanne wat op Greg-hulle in Turkye toeslaan, het swart klere aan en ry in swart voertuie.

Dan is daardie "donker web", vol bladsye waar jy allerhande onwettige dinge kan bekom. Xander noem dit op bladsy 179 "die donkerste deel van jou brein" en "jou donkerste gedagtes". Op die donker web begin Xander en Greg na die Baker soek. Hulle gooi "aas" uit om hom uit die donker te lok sodat sy misdade aan die lig kan kom.

Baie ruimtes in die roman word ook as donker uitgebeeld soos Greg se besoek aan sy pa in die tronk; Greg en Xander se herontmoeting in die Basilica Cistern; regter Gericke se teregstelling en Elsewhere se webblad is in donkerte gehul. Hierdie verwysings na die woord "donker" hou verband met die titel en skep 'n onheilspellende atmosfeer.

Daar word figuurlik na die donker verwys. In hoofstuk 9 sê Dirk Schutte vir Greg: "Daar is goed in hierdie wêreld wat donkerder is as donker."

Die verwysings na 'n spinnekop se web kom dwarsdeur die verhaal na vore. Op bladsy 44 staan geskrywe: "Elke plukkie aan die spinnekopdraad van herinnering laat die hele web bewe." Die soektog na die Baker word metafories gelykgestel aan "'n fyn web se eerste draadjie wat gespan word". Soos die spanning

toeneem, word die web al nouer (bladsy 75) en kry dit al meer spinnekopdrade by (bladsy 109).

Van hoofstuk 59 af neem die verwysings na die web in intensiteit toe. Die web word gespan, dit bewe en nog ’n draad word vasgeknoop (bladsy 312). In hoofstuk 65 stap Xander en Greg in die Baker se web in toe hulle in die lokval van die Baker beland. Die Baker trek in hoofstuk 66 die spinnekopdrade van leuens, korrupsie, omkopery en dood saam wanneer hy praat oor sy donker verlede. Alhoewel die Baker dink dat hy vir Xander en Greg in sy mag het, het Xander self ’n web om hóm gespan deur sy netwerk te kraak en sy donker dade aan die lig te bring.

### 6.2 Intrige

Die intrige is die raamwerk van gebeure. Dit word aangebied in ’n verhoogde spanningslyn. Die proloog en Greg Owen se eerste dae op Matieland is die **eksposisie** van die roman. Hy studeer Sportwetenskap in Stellenbosch waar Plank, sy ou matriekvriend van Lawson Kollege, reeds besig is met sy tweede studiejaar. Beide Dok Pienaar en sy pa is in die Kgosi Mampuru II-gevangenis in C-Max, Pretoria.

Greg vertrek met sy nuwe BMW na Stellenbosch en laat sy ma alleen in die groot huis in Sandhurst, Johannesburg, agter. Hy woon in ’n luukse ateljeewoonstel stapafstand van die universiteit. Chloe, ’n kunsstudent wat in ’n aangrensende woonstel woon, probeer Greg by die studentelewe betrek, maar weens die agterdog en minagting oor sy pa se wandade behandel die ander studente hom stief. Hy verkies om hom in sy woonstel te onttrek en handhaaf ’n lae profiel.

Plank kom loer gereeld in en die vriendskapsbande wat op Lawson Kollege reeds gesmee is, raak weer so heg dat Greg vir hom ’n sleutel gee vir sy woonstel. Plank kry ’n meisie, Lisa. Die eerste ontmoeting met haar pa, Dirk Schutte, is rampspoedig en hy beveel vir Greg om weg te bly van sy dogter af.

Dirk se reaksie veroorsaak dat Greg besluit om die Baker op te spoor. Hy begin in hoofstuk 7 op die internet navorsing te doen om inligting te kry oor die Baker. Dit is die **motoriese moment**, want dit sit die handeling aan die gang.

In die **ontwikkeling** neem die spanning toe. Dirk vra om verskoning en waarsku vir Greg om die kuberkrakery te laat staan. Greg is egter hardkoppig en gaan voort om op die internet na leidrade te soek oor die derde lid van Project Nursery Rhyme, die Baker. Vir hom is dit belangrik om sy familie se naam in ere te herstel en dat die Baker, ’n viroloog, ook moet boet vir sy misdaad. Hy vermoed dat dokter Rian Trollip, ’n voormalige vriend van sy pa, die Baker is, maar loop hom vas in ’n doodloopstraat toe hy agterkom dat hy dood is.

Hy skakel dokter Trollip se vrou, maar sy beëindig vinnig die oproep. ’n Paar dae later word ’n pakkie met ’n gebrande boek by Greg se woonstel afgelewer. Die gebrande boek en die meegaande nota lig hom in dat hy op die spoor is van die Baker. Sy navrae oor die Baker maak slapende honde wakker.

Daar is konflik tussen die verskillende karakters wat ’n integrale deel van die intrige is. Greg en sy ma word dopgehou. Hy ontvang foto’s van sy ma wat dien as waarskuwing dat hy sy soektog na die Baker moet stopsit, maar dit vuur hom eerder aan. Greg word ook gewaarsku dat sy pa in die tronk doodgemaak sal word.

Hy kontak vir Xander Gericke om hom te help om die Baker op te spoor. Xander stuur vir hom twee pakkies: ’n skootrekenaar en ’n transpondeerder wat hy in sy hand moet inplant. Greg tref voorsorgmaatreëls sodat hy nie weer in Xander se magsgreep kan kom nie en stuur ’n gemanipuleerde foto aan Xander. Hy dink dat Greg sy instruksies gevolg het en dat die transpondeerder met die

skootrekenaar se sleutelwoord in Greg se hand ingeplant is. Greg hou egter nie rekening met Plank nie, want hy het die transpondeerder in die woonstel gevind en in sy hand ingeplant.

Plank moet dus saam met Greg na Turkye gaan om Xander te ontmoet sodat hulle verder planne kan beraam om die Baker op te spoor. In *Onderwêreld* tydens sy laaste ontmoeting met Xander merk Greg Xander se beeld op in die refleksie van die kunsgalery se venster. In *Donker Web* in die Basilica Cistern sien hy hom in die refleksie van die water en vra hy hom of hy al "online" is.

Dit is nie 'n blye weersiens nie en die spanning loop hoog. Toe Xander uitvind dat die transpondeerder nie in Greg se hand is nie, wil hy nie vir Greg help om die Baker op te spoor nie. Ayla, sy meisie, oortuig hom dat hy vir Greg nog 'n kans moet gee. Hulle probeer die Baker uit die donker lok met 'n navraag oor chemiese stowwe op die donker web en later op Elsewhere se webblad. Die Baker besef dat dit Greg en Xander is wat op sy spoor is en waarsku hulle dat hy hulle kan opspoor voordat hulle hom vind.

Teen Xander se bevele raak Plank bevriend met 'n Turk, Candon. Hy bel ook vir Lisa van Candon se foon af. Plank se vriendskap met die Turk veroorsaak dat die Baker op hulle spoor is en dat hulle uit Turkye moet vlug. Xander weier dat Plank saam met hulle na Italië gaan. Plank word deur die Baker se mense gevange geneem. Greg, Ayla en Xander reis na Florence, Italië, waar die Baker woon, maar voordat hulle hom kan vastrek, verlaat hy die land.

Dirk Schutte, Lisa se pa, kom in Florence aan en vertel vir Greg dat Dok Pienaar in die tronk vermoor is. Sy pa is ook aangerand en lê in die intensiewe hoësorgeenheid van die hospitaal in Pretoria.

Xander kraak die Baker se skootrekenaar se webkamera en hulle kom agter dat hy hom in Venesië bevind. Dirk volg hulle na Venesië en saam probeer hulle die Baker opspoor. Hulle loop met kameras in Venesië rond om die Baker deur middel van gesigsherkenning op te spoor. Greg maak 'n oordeelsfout deur sy selfoon onbewaak te los en dit beland in die hande van die Baker. Die gesigsherkenningsprogram herken die Baker se gesig.

Xander en Greg sien vir Plank met die selfoon wat hulle na die Koninklike Tuine lei. Die **krisisfase** van die roman is wanneer Greg en Xander besef dat die Baker hulle opgespoor het voordat hulle hom kon opspoor. Die Baker sê dat een van hulle vergiftig is en sal sterf.

Greg kom agter dat hy die slagoffer is en voel die uitwerking van die gif. Gelukkig het Xander 'n troefkaart. Hy het die Baker se netwerk se kode gekraak en al sy rekenaars by die laboratorium gevries. Xander sê dat hy die Baker se nuwe projek oor breinbeheer aan die SA Polisie, FBI en ander wetstoepassers sal bekend maak en dat hy aan die pen sal ry. Greg kry die teenmiddel en herstel.

Die **klimaks** van die roman is wanneer Xander die Baker doodskiet en Valkyrie ontsnap. Greg-hulle dink dat hulle veilig is en vaar weg op die Canale Grande. Valkyrie daag skielik met 'n snelboot op en bots met hulle boot. Almal beland in die water terwyl daar op hulle geskiet word. Plank word gewond en sterf in die kanaal van die Waterstad.

Die epiloog is die **afloop/dénouement** van die roman. Greg besoek sy pa in die tronk. Chris Owen is opreg spyt oor die tipe pa wat hy vir Greg was. Greg belowe sy pa dat hy weer sal gaan kuier en hom nie sal verstoot nie. Greg se ma, André, Dirk en Lisa wag vir Greg buite die tronk. Greg vind vertroosting in Lisa se arms.

**Subintrige:** Die term subintrige verwys na ondergeskikte verhaallyne. Dit het gewoonlik iets met die intrige te doen. Voorbeelde hiervan is: Nicole se besoek aan Greg, Plank en Lisa se verhouding, Xander en Ayla se verhouding en Greg se konflik met randkarakters soos die student by die Vensters-optrede.

### 6.3 Botsing/konflik

Konflik is ’n stryd tussen karakters (uiterlike konflik), tussen karakters en hul omgewing of omstandighede of die stryd in die karakter self (innerlike konflik) wanneer ’n karakter wroeg met ’n saak waarmee hy nie kan vrede maak nie. Konflik laat die spanning toeneem.

In ’n konfliksituasie is dit belangrik om die oorsaak van die konflik vas te stel en die aard van die konflik te bepaal. Hoe ’n karakter ’n konfliksituasie hanteer, is karakteropenbarend. Die gevolge van uiterlike konflik gee soms aanleiding tot innerlike konflik of andersom. Soms word konflik ontlont en is daar vrede tussen die karakters of in die karakter se gemoed, terwyl ander konfliksituasies smeulend bly en enige tyd weer kan ontvlam.

#### 6.3.1 Innerlike konflik

Innerlike konflik vind plaas in ’n karakter se gemoed. Op die vooraand van sy vertrek na Stellenbosch sit Greg in sy oorlede broer, John, se kamer. Hy kon nooit John se selfdood verwerk nie. Hy koester die herinneringe van hom en John wat saam ekstreme sport beoefen het. Hy dink aan die Meksikaanse spreekwoord wat sê dat daar drie dode is. Die derde dood verwys na die dag wat jy iemand nie meer kan onthou nie. Vir Greg is dit belangrik om sy broer te onthou. Sy ma waarsku hom dat die dinge wat jy inpak, die dinge is wat jy saam met jou sal dra.

Greg ervaar innerlike konflik weens sy pa se betrokkenheid by Project Nursery Rhyme wat hom in die tronk laat beland het. Greg voel skuldig omdat hy verantwoordelik was vir sy pa se ontmaskering en tronkstraf. Die student by die Vensters-optrede verwys minagtend na hom as ’n “loser” wat sy pa in die tronk gesit het. Die meeste studente hou hom ook op ’n afstand en wil niks met hom te doen hê nie. Hierdie innerlike konflik lei daartoe dat Greg verkies om eerder in sy woonstel te bly en nie met ander te meng nie. Sy buurvrou, Chloe, noem hom ’n sluiper.

Hy wonder of hy vir sy pa moet vertel van sy ma se minnaar. Greg word ontnugter (hoofstuk 12) toe hy tydens die Paasnaweek vir sy ma in Sandhurst, Johannesburg, gaan kuier en ’n vreemde man in hulle huis kry. Dit voel vir hom soos ’n berg wat in hom brand. Sy ma sê dat daar meer geheime in hulle gesin is as waarvan hy weet. Dit veroorsaak onsekerheid veral wanneer hy vir sy pa gaan kuier en besef dat sy pa hom kwalik neem vir hulle gesinsverbrokkeling en sy tronkstraf.

Greg se grootste innerlike konflik is gesetel in sy pa se minagting vir hom. Hierdie konflik het reeds ontstaan toe sy pa na John se dood vir hom gesê het: “Dit kon eerder jy gewees het.” (bladsy 243) Greg se innerlike konflik kry hom egter nie onder nie. Dit spoor hom aan om ter wille van sy ma na die Baker te soek dat hy met hom kan afreken oor die skade wat aan sy gesin gedoen is.

In die epiloog kom dit aan die lig dat Chris Owen ook innerlike konflik ervaar weens die feit dat hy nie ’n goeie pa vir Greg was nie. Hy spreek vir Greg vry van sy skuldgevoelens en sê dat hy sy tronkstraf verdien het. Greg se belofte dat hy weer vir sy pa sal gaan kuier ontlont onderskeidelik sy en sy pa se innerlike konflik.

**Ander innerlike konflik:**

- Dirk Schutte ervaar innerlike konflik omdat hy vir Greg geoordeel het sonder om hom eers te leer ken.
- Greg twyfel of hy moet voortgaan met die soektog na die Baker omdat hy bang is sy ma en pa word deur die Baker doodgemaak.
- Innerlike konflik ontstaan weens Greg se gevoelens oor Ayla.

- Greg worstel met die feit dat hy op Xander se instruksies 'n keuse moet maak tussen hom en Plank.
- Greg kan homself nie vergewe dat hy vir Plank in Turkye in die kloue van die Baker agtergelaat het nie. Hy is geskok toe hy sien hoe erg Plank deur die Baker se mense aangerand is.
- Plank is die tragiese slagoffer van Greg se obsessie om die Baker te vind. Greg is hartseer en ervaar skuldgevoelens toe Plank sterf. Hy sê dat Plank nie verdien het om dood te gaan nie, want weens sy betrokkenheid by Greg is Plank se drome vernietig.
- Ayla beleef innerlike konflik op die Rialto-brug as sy nie weet of sy vir Greg of Xander moet vertrou nie.
- Xander wroeg omdat hy Greg se gesin vernietig het om sy wraakplan te laat slaag. Na sy emosionele ineenstorting op die Rialto-brug erken Xander dat hy spyt is oor dit wat hy aan Greg gedoen het daarom wou hy hom help om die Baker vas te trek.

### 6.3.2 Uiterlike konflik

Uiterlike konflik kan voorkom in die vorm van woordewisselings, wanneer iemand handgemeen raak of selfs 'n deurborende kyk.

**Greg en Xander**

Xander en Greg is in konflik omdat hy vir Greg in sy matriekjaar misbruik het om wraak te neem op die Owens. Die wantroue tussen hulle stook 'n vuur van onmin wat aanleiding gee tot woordewisselings.

Xander se antwoord op Greg se boodskap toe hy om hulp vra, is 'n Griekse palindroom. Greg is woedend toe hy besef dat Xander wil hê dat hy sy sondes moet bely voordat hy hom sal help. Xander stuur vir Tom, sy kuberkrakervriend, om met Greg te praat, maar die ontmoeting lewer geen vrugte op nie, boonop word Tom se lyk die volgende dag gevind. Greg is gefrustreerd omdat Xander hom nie antwoord ná hy die video van Tom aan hom gestuur het nie. Xander daag onverwags in Stellenbosch op, maar hy vlug toe hy vir Greg sien.

'n Paar dae later kry Greg 'n boodskap van Xander. Hy beveel hom om die Telegram-toepassing op sy selfoon af te laai sodat hulle kan gesels. Xander is woedend, want hy vermoed dat Greg die video van regter Gericke, Xander se pa, se teregstelling aan hom gestuur het. Greg ontken dit en is geskok oor die video. Hulle besluit om saam te werk om wraak te neem op die Baker.

Greg is teensinnig om die transpondeerder wat Xander vir hom gestuur het in sy hand te plant. Hy hou nie van snaakse goed in sy lyf nie en weet as hy daartoe instem, sal hy onder Xander se beheer wees. Chloe help hom om 'n foto te manipuleer sodat hy vir Xander kan flous. Plank plant die transpondeerder in sy hand en dit veroorsaak verdere probleme vir Greg.

Daar is 'n gespanne herontmoeting tussen Greg en Xander in Turkye. Xander besef dat Greg hom vir die gek gehou het oor die transpondeerder en weier om hom te help. Ayla help om hierdie konflik te ontlont en hy gee vir Greg nog 'n kans.

Die spanning tussen Greg en Xander bly heeltyd op 'n mespunt. Hulle oordeel mekaar se opinies op grond van hul ouers se integriteit, hulle wantrou mekaar en Xander haat dit as Greg nie presies doen wat hy beveel nie of as hy dinge vir hom wegsteek.

Greg se nagtelike besoek aan die Baker se huis in Florence is vet op die vuur vir Xander. Hy is woedend omdat Greg dinge agter sy rug doen wat hulle soektog

na die Baker kan verongeluk. Xander ontsenu vir Greg toe hy grappenderwys ’n pistool op hom rig. Op die Rialto-brug kom Xander op Greg en Ayla af wat mekaar soen ná Greg vir Ayla vertel het dat Xander haar net gebruik. Xander kom weerloos voor, hy kry ’n emosionele ineenstorting en sê vir Greg dat hy berou het oor dit wat hy aan hom en sy gesin gedoen het.

Greg maak ’n oordeelsfout toe hy die selfoon wat hy gebruik het om die Baker te probeer opspoor, wegsteek en ’n nuwe “power bank” gaan haal. Xander is kwaad en daar is ’n woordewisseling. Dan sien hulle hoe die kamera van die foon die Baker se gesig herken. Hulle hardloop saam om hom in die hande te kry.

As ’n verenigde front teen die Baker word die konflik tussen Greg en Xander ontlont waar hulle in die Koninklike Tuine staan. Xander red Greg se lewe deur die Baker en Valkyrie te dwing om vir Greg ’n teenmiddel te gee om die gif in sy liggaam teen te werk.

Xander behaal ’n oorwinning oor die Baker omdat hy sy netwerk binnegedring het en sy hele projek oor menslike breinbeheer tot stilstand bring. Xander skiet die Baker dood.

In hulle laaste gesprek op die boot probeer Xander vir Greg oortuig dat hy berou het oor die skade wat hy aan Greg en sy gesin berokken het en hulle maak vrede.

**Greg en sy ma** bots met mekaar weens haar minnaar, André Symington, wat saam met haar woon. Sy ma probeer in hoofstuk 12 die konflik ontlont deur vir Greg te verduidelik dat sy alleen was en bieg dat hulle al ’n geruime tyd ’n verhouding het. Dit gee aanleiding tot innerlike konflik by Greg, want hy hou sy ma se skelm verhouding vir sy pa geheim.

**Greg en sy pa, Chris Owen**, het ’n woordewisseling toe Greg hom in die Kgosi Mampuru II-gevangenis besoek. Chris vaar uit oor die haglike omstandighede waarin hy verkeer en neem vir Greg kwalik omdat dit sy skuld is dat hy in die tronk beland het. Chris probeer die konflik oplos deur vir Greg terug te roep toe hy hom vererg en wegstap. Sy pa weier om hom te help om die Baker op te spoor en sê dat hy die Baker moet uitlos.

Chris het ná sy oudste seun se selfdood vir Greg gesê dat dit eerder hy moes wees wat moes sterf. Dit het vir Greg seergemaak en veroorsaak dat daar nooit ’n goeie verhouding tussen hom en sy pa was nie.

Die konflik tussen pa en seun word na Greg se terugkeer van Venesië ontlont toe Chris in die epiloog bieg dat hy nie ’n goeie pa vir hom was nie en hom vryspreek van sy skuldgevoelens.

**Greg en Plank** is van skooldae af vriende. Wanneer Greg in Stellenbosch begin studeer word die vriendskap voortgesit en Greg gee vir Plank ’n sleutel van sy woonstel. Greg is woedend (hoofstuk 26) toe hy by sy woonstel aankom en vir Plank in die badkamer vol bloed kry, want Plank het die transpondeerder wat Xander vir Greg gestuur het in sy hand geplant. Greg help vir Plank om die bloeding te stop en die wond te ontsmet. Plank tree kalm op in die konfliksituasie.

Konflik ontstaan tussen **Xander en Plank** omdat hy vir Lisa gebel het en vriende gemaak het met die Turkse straatsmous, Candon. Hy vernietig Plank se foon en waarsku hom om weg te bly van vreemdelinge. Plank raak vriende met Candon en hy gebruik sy foon om vir Lisa te bel. Xander is briesend toe Plank vertel dat daar mense is wat navraag oor hulle gedoen het, want hy het vir Plank gewaarsku en hy het nie geluister nie.

Xander glo dat Plank hulle lewe in gevaar stel. Hy stel vir Greg voor ’n keuse toe hulle uit Turkye moet vlug. Hy moet kies tussen hom en Plank. Greg is in ’n benarde situasie. Hy weet dat hy nie die Baker sal opspoor sonder Xander se hulp nie. Hy voel skuldig omdat hy vir Plank moet agterlaat. Dit veroorsaak innerlike konflik by Greg.

**Greg en Thomas Lawson** is in konflik by die Lawson-woning. Greg is genooi vir ’n ete en sy ma het hom gedwing om te gaan. Thomas Lawson ontbied vir Greg na sy studeerkamer waar hy sy studierigting bevraagteken. Thomas Lawson bied aan om vir Greg ander geleenthede aan te bied, maar Greg sê dat hy nie sy aalmoese nodig het nie en loop woedend weg.

Ander minder belangrike karakters met wie Greg in konflik is, is die gas by die gastehuis in Beaufort-Wes, die student by Vensters, Dirk Schutte, Tom en Ayla.

**Greg & Xander versus die Baker en Valkyrie**

Greg se navrae oor Rian Trollip plaas die Baker op sy hoede. Hy probeer alles in sy vermoë om Greg te keer om hom op te spoor. Reeds met Greg se aankoms in Stellenbosch doen ’n vreemde vrou (Valkyrie) navraag oor Greg. ’n Man op ’n motorfiets hou Greg se woonstel dop. Greg sien die motorfietsryer buite die Workout Café. Na sy terugkoms van die Paasnaweek is daar ’n dreigboodskap van die Baker op sy skuifdeur: “Jy en jou hacker buddy moet my uitlos.”

Die Baker probeer om vir Greg die skrik op die lyf te jaag deur foto’s van sy ma, wat deur een van sy trawante in ’n inkopiesentrum geneem is, te stuur. ’n Verdere waarskuwing word aan Greg gerig uit die aanhoudingselle by die inligtingsentrum in Stellenbosch dat die Baker sy pa in die tronk sal doodmaak. ’n Swart motor agtervolg vir Greg toe hy op pad is na Dirk Schutte se huis. Al hierdie dinge veroorsaak dat Greg gespanne is en telkens behoedsaam rondkyk of iemand om agtervolg. In plaas van om hom te stuit, spoor dit hom aan om die Baker te vind.

Xander en Greg span kragte saam om die Baker uit sy skuilplek te lok sodat hulle met hom kan afreken. Die Baker ruik lont en weet dat Greg en Xander op sy spoor is toe hy die navraag oor chemiese stowwe via Elsewhere ontvang. Hy stuur ’n boodskap aan hulle waarin hy hulle uitdaag en waarsku dat hy hulle dalk eerste sal kry. Deur middel van kuberkraking vind Xander en Greg uit dat die Baker in Florence is. In die Accademia-gallery gesels die Baker met ’n niksvermoedende Greg en Valkyrie sê: “The doctor knows a lot of things about a lot of things.”

Die Baker en Valkyrie vlug sak en pak na Venesië, maar Xander en Greg bly warm op hulle spoor en volg hulle daarheen. Die Baker dink dat hy alles onder beheer het omdat hy vir Plank gevange hou en vir Greg vergiftig het, maar soos altyd is Xander ’n paar treë voor en fnuik die Baker met ’n kuberaanval wat hy op sy laboratorium geloods het. Hy dreig dat hy sy misdaad aan die kaak sal stel en die owerhede sal inlig oor sy projek oor breinbeheer op babas. Xander skiet die Baker dood. Valkyrie se snelboot tref hulle boot in die Canale Grande en daar word op hulle geskiet. Dan verdwyn sy spoorloos. Greg en Xander het ’n oorwinning behaal deur van die Baker ontslae te raak en wraak te neem op hom.

**6.4 Verteltyd en vertelde tyd**

Verteltyd is die aantal bladsye van die roman. Vertelde tyd is die tydperk wat die hele verhaal dek, terugflitse uitgesluit. Die verteltyd van die roman is 346 bladsye. Dit bestaan uit ’n proloog, 68 hoofstukke en ’n epiloog.

Die vertelde tyd is ’n aantal maande. Dit begin op die vooraand van Greg se vertrek na Stellenbosch, aan die einde van Januarie, waar hy ’n jaar nadat hy matriek geskryf het, gaan studeer. Die terugflitse soos die proloog wat Xander Gericke as twaalfjarige seun uitbeeld is nie deel van die vertelde tyd nie. Dit dien as agtergrond om Xander se wraakplan te motiveer. Die terugflitse van Greg se matriekjaar waar hy afskeid neem van Lawson en die hofverrigtinge van sy pa se saak, beklemtoon Greg se innerlike konflik. Dit toon ook die rede waarom Greg begeer om die Baker agter tralies te sit.

’n Spesifieke aanduiding van tyd is die Paasnaweek, wat gewoonlik aan die begin van April is. Voor Greg en Plank se vertrek na Turkye is hy besig met sy eerste semester se eksamens, ongeveer Junie. Die gebeure in Turkye, Italië en Venesië speel af in ’n paar weke gedurende die Europese somer.

In die laaste gedeelte van die roman, tydens die besoek van Greg aan sy pa in die tronk, is dit so koud dat die koue ’n wolkie maak voor Greg se mond en hy het ’n dik baadjie aan. Daar kan dus afgelei word dat dit baie koud is in Pretoria, waarskynlik in Julie, die piek van die winter in Suid-Afrika.

Die vertelde tyd is dus ongeveer ses maande.

### 6.5 Milieu – tyd en ruimte

**Milieu** verwys na die spesifieke ruimte en tyd waarteen die verhaal afspeel. In sommige verhale word daar nie na ’n spesifieke jaar verwys nie en skep die skrywer fiktiewe ruimtes. Wanneer die verloop van die verhaal in volgorde van tyd geskryf is, is die tydverloop chronologies. Indien die hede en verlede afwisselend vertel word, is die tydverloop fragmentaries.

Die tydverloop in *Donker Web* is chronologies. Die proloog is in die derde persoon geskryf en verwys na die verhaal van die twaalfjarige Xander wat sy pa in die studeerkamer gaan roep en aankondig dat hy besoekers het. Van hoofstuk 1 tot 68 en die epiloog word in chronologiese volgorde vertel.

Die ruimte wissel op grond van waar die verteller, Greg Owen, hom bevind. In hoofstuk 1 is hy in sy ouerhuis op die vooraand van sy vertrek na Stellenbosch. Hy studeer aan Stellenbosch Universiteit. Tydens die Paasnaweek vlieg hy na Johannesburg. Hy lê besoek af by sy pa in die gevangenis in Pretoria. In hoofstuk 28 reis hy na Istanboel, daarvandaan verskuif die ruimte na Italië. Sy oorsese besoek eindig in Venesië. In die epiloog is Xander weer by sy pa in die gevangenis se besoekersarea in Pretoria.

<u>Die ruimte waarteen die verhaal afspeel kan per hoofstuk ingedeel word:</u>

Proloog: ’n Ongeïdentifiseerde ruimte, êrens in Johannesburg, in die huis waarin Xander grootgeword het.

Hoofstuk 1-2: Gauteng: Sandhurst, Johannesburg.
Hoofstuk 2-3: Op pad na Stellenbosch, oornag in Beaufort-Wes.
Hoofstuk 3-11: Wes Kaap: Stellenbosch en Kaapstad-lughawe.
Hoofstuk 12 en 13: Gauteng: Oliver Tambo-lughawe en Sandhurst, Johannesburg en Kgosi Mampuru II-gevangenis in Pretoria.
Hoofstuk 14: Wes Kaap: Clifton: Lawson-woning en Stellenbosch.
Hoofstuk 15-27: Stellenbosch.
Hoofstuk 28: Wes Kaap: Kaapstad-lughawe en Turkye: Istanboel-lughawe.
Hoofstuk 29-46: Turkye, Istanboel.
Hoofstuk 47-54: Italië: Rome (lughawe) en Florence.
Hoofstuk 55-68: Venesië.
Epiloog: Gauteng: Kgosi Mampuru II-gevangenis, Pretoria.

Die ruimte skep ’n bepaalde atmosfeer en het ’n invloed op die karakters in *Donker Web.*

**Suid-Afrika**

**Gauteng**

**Sandhurst, Johannesburg**

Sandhurst is ’n gegoede woonbuurt in Johannesburg. Greg Owen en sy ma woon in ’n luukse dubbelverdiepinghuis, waar ’n sjef kosmaak en hulle besit ’n aantal voertuie. Greg dink met heimwee aan sy kinderjare toe die gesin nog gelukkig was en John nog geleef het. Menigmaal het sy pa sy besigheidsvennote onthaal en is daar vrolik gedans.

Na John se selfdood het die atmosfeer in die huis verander en het John se kamer, wat onveranderd gelaat is, ’n soort gedenkaltaar geword. Greg se ma was hartseer, eensaam en ongelukkig in die groot huis, want haar man was gedurig uithuisig, indien hy wel daar was, was die atmosfeer gespanne. Sy sukkel om John se selfdood te verwerk.

Na Chris Owen se arrestasie het hul huis stil geraak omdat niemand meer daar wou kuier nie. Greg sukkel ook om sy broer se dood te verwerk. Die aand voor sy vertrek na Stellenbosch gesels hy en sy ma in John se kamer.

In sy kamer is aandenkings soos die foto’s en die getekende rugbybal wat vroeër deel was van Lawson se gedenkmuseum. Dit is ’n stil getuienis van ’n kind wat nie die druk wat sy pa op hom geplaas het, kon hanteer nie en die dood bo die lewe gekies het. Greg se ma erken dat John se kamer ’n plek is waar sy op haar kwesbaarste is. Sy sê dat sy soms John se teenwoordigheid kan aanvoel en baie keer, wanneer sy alleen was na John se dood, het sy haar rou emosie uitgeskree. Greg voel ook John se teenwoordigheid en hy hoor selfs John se stem.

Die huis in Sandhurst is ’n plek van donker geheime. Die een wat Greg die meeste ontstel, is sy ma se geheime minnaar. Greg is ontnugter toe hy die Paasnaweek by die huis aankom en vir André Symington, sy ma se skelmpie, daar aantref. Sy ma erken dat hulle al lank ’n verhouding het en dat daar baie geheime is waarvan Greg niks weet nie.

**Pretoria: Kgosi Mampuru II-gevangenis, Pretoria**



https://www.witsjusticeproject.co.za/uploads/kgosi-mampuru.jpg

Greg se pa, Chris Owen, dien tronkstraf uit in die Kgosi Mampuru II-gevangenis. Hy en Dok Pienaar is in die maksimumsekuriteit-afdeling: C-Max. Dit is waar die mees gevreesde misdadigers tronkstraf uitdien. Hulle is in die tronk vir hulle kriminele plan met Project Nursery Rhyme. Daar is mense dood en duisende meer sou ook sterf.

Die atmosfeer in die tronkruimte is neerdrukkend en Greg is gespanne toe hy sy pa in die tronk besoek. Die tronk het ’n negatiewe invloed op Chris Owen, boonop wil sy vrou nie meer vir hom gaan kuier nie. Sy trotse voorkoms het plek gemaak vir ’n patetiese figuur: Sy liggaam is geboë, sy hare is gryser, sy vel is vaal en sy oë is leeg. Hy het ’n kniebesering wat hy waarskynlik opgedoen het in ’n aanval op hom. Op bladsy 77 word Chris se sel as ’n benoude ruimte met flikkerende ligte en oorverdowende musiek beskryf. Die waterige pap en ander onsmaaklike kos wat die gevangenes kry, staan in skrille kontras met die luukse lewe waaraan hy gewoond was.

Dok Pienaar word deur die toedoen van die Baker vermoor en Chris word ernstig aangerand om as waarskuwing te dien vir Greg om sy soektog na die Baker te beëindig. Tydens Greg se eerste besoek is dit duidelik dat Chris vir Greg kwalik neem omdat hy veroorsaak het dat sy pa se misdade op die lappe kom en dat hy verantwoordelik was daarvoor dat sy pa agter tralies beland het. In die epiloog vra Chris vir sy seun om verskoning, hy vergewe hom en hulle versoen.

**Wes Kaap**

**Stellenbosch**



**Foto: Universiteit van Stellenbosch, rooi plein. (Dit is waar Xander vir Greg afskud na die jaagtog te voet.)**




**Foto: Sportwetenskap-gebou – UV Stellenbosch (Die gebou waar Greg klasse bywoon.)**

**https://i.pinimg.com/originals/e2/a7/23/e2a723a46a1c453ec05c59a473704463.jpg**
**Foto van Sportwetenskap-gebou met vergunning van Fanie Viljoen**

Die Universiteit van Stellenbosch is een van die oudste universiteite in Suid-Afrika. Die ruimte waar die universiteit gebou is, het aanvanklik bekend gestaan as Stellenbosch Gimnasium (1866). In 1879 is die gebou die Victoria Kollege genoem. In 1918 het die Universiteit van Stellenbosch ontstaan. ’n Deel van die universiteit is opgerig op grond wat deur gedwonge verskuiwings (Groepsgebiede wet no.51 van 1950) van die vorige bruin inwoners ontneem is.

Stellenbosch se studente staan as Maties bekend en die universiteitsgronde staan in die volksmond bekend as Matieland. Die gelyknamige studentepublikasie, Matieland, is in 1957 die eerste keer uitgegee om oud-Maties in te lig oor die bedrywighede op die universiteit. Greg studeer Sportwetenskap en woon in 'n woonstel in 'n veilige sekuriteitsbeheerde kompleks naby aan die universiteit. Hy stap meestal oor die houtbrug van die Eersterivier universiteit toe. Hy maak kennis met die kunsstudent, Chloe, wat hom by die universiteitsbedrywighede wil betrek, maar as hy agterkom dat die ander studente antagonisties teenoor hom optree as gevolg van sy pa se betrokkenheid by 'n misdaad, verkies hy om sy vrye tyd by sy woonstel deur te bring. Dain February is die enigste student in sy fakulteit wat na hom uitreik en met hom wil vriende wees.




**Foto: Lesinglokaal in Sportwetenskap-gebou**
**Met vergunning van Fanie Viljoen**

Hy oefen graag in die gimnasium en koop soms iets te ete of te drinke by die Workout Café na oefening. Hy, Plank en Lisa besoek plekke soos Kauai en De Warenmarkt wanneer hulle gesellig wil verkeer. Greg volg vir Tom wat deur Xander gestuur is om met Greg te praat na die NG Moederkerk. Die volgende dag word Tom se lyk onder die houtbrug waaroor Greg elke dag stap, gevind.

Waar ander studente 'n kommervrye lewe lei en hul studentwees geniet, is Greg gespanne. Hy word agtervolg, daar word by sy woonstel ingebreek en hy kry 'n dreigboodskap op sy skuifdeur.

Greg geniet glad nie sy besoek aan Thomas Lawson se huis in Clifton nie. Hy gesels met 'n onbekende man op die balkon. Hy en Thomas Lawson het 'n hewige argument in sy studeerkamer omdat Thomas sy studierigting bevraagteken.

'n Man met 'n "hoodie" hou vir Greg dop. Hy kom agter dit is Xander en agtervolg hom tot in die Botaniese Tuine waar hy verdwyn. Die anonieme boodskap

wat hom na die aanhoudingselle by die inligtingsentrum lok, laat die spanning toeneem, want hy besef dat sy pa in die tronk doodgemaak kan word en vrees dat die Baker se mense sy ma ook sal skade aandoen.

Hy word agtervolg na Dirk Schutte se huis, maar slaag daarin om sy agtervolger af te skud. Dirk moedig hom aan om sy soektog na die Baker voort te sit. Hy vertrek kort daarna na Turkye.

**Oorsese besoek**




https://www.google.com/url?sa=i&url=http%3A%2F%2Ftravelsmaps.com%2Fistanbul-turkey-istanbul-turkey-map-map-istanbul-turkey.html&psig=AOvVaw066K8ZYCOF4Qb6tSaqald0&ust=1599987371868000&source=images&cd=vfe&ved=0CAIQjRxqFwoTCJiTldCf4-sCFQAAAAAdAAAAABBM

**<u>Turkye: Istanboel</u>**



**Foto: Istanboel**

**https://api.creativecommons.engineering/v1/thumbs/78017f85-554f-4f5b-a27c-19508dfae5a0**

Turkye is grootliks geleë in Asië en grens aan Europa. Xander beveel vir Greg om na Istanboel te kom sodat hulle saam die Baker kan soek. Istanboel is een van die grootste stede ter wêreld met 'n bevolking van meer as 15 miljoen mense.

Plank en Greg bewonder die helder verligte aankomssaal by die lughawe. Die Basilica Cistern staan in kontras met die aankomssaal, want dit is nie goed belig nie. Xander verkies om sy identiteit te beskerm, daarom het hy nie vir Greg op die lughawe ontmoet nie, maar eerder by 'n half verligte ruimte.





**Foto: Istanboel-lughawe, aankomssaal** **Foto: Basilica Cistern**

https://www.google.co.za/search?q=istanbul+airport+arrivals&sxsrf=ALeKk03StE1AId9CSXZjlbx_WtUVxhGB1w:1600512167919&source=lnms&tbm=isch&sa=X&ved=2ahUKEwjPtei5hPXrAhV0QUEAHVIEA-UQ_AUoAXoECA0QAw&biw=1366&bih=625#imgrc=6K0gso3zjwvL5M

https://api.creativecommons.engineering/v1/thumbs/e339cb9c-d5ce-4796-a41e-26eba4d405a4

Greg kyk verwonderd na die beeld van Medusa (bladsy 157) en lees die inligting oor die verhaal van Medusa. Dit skep ’n onheilspellende atmosfeer en sluit aan by die Griekse mitologie wat een van Xander se voorliefdes is. Die slange op Medusa se kop hou verband met een van die deurlopende motiewe.





**Foto: Basilica Cistern, Medusa se kop** **Foto: Turkse vlag in Grand Bazaar**

Foto van Grand Bazaar met vergunning van Fanie Viljoen.

Greg en Plank oornag in ’n hotel nadat Greg ’n bloutjie geloop het met Xander wat hom wantrou. Die volgende dag gaan hulle na Xander se huis in die Balat-distrik van die stad. Die huis is gevul met die geur van wierook wat ’n misterieuse agtergrond skets en aansluit by die Turkse meisie, Ayla, se persoonlikheid en agtergrond.


**(Foto's ter illustrasie) Xander se blyplek in Istanboel.**

In Xander se huis doen hulle navorsing en beplan hoe om die Baker uit sy skuilplek te lok. Hulle betree die gevaarlike kuberruimte van die donker web en Elsewhere se webblad en maak kontak met die Baker. Plank en Greg verken die stad en besoek toeriste-aantreklikhede.

Plank se onwyse besluit om vriende te maak met 'n Turkse straatsmous veroorsaak dat die Baker se mense op hul spoor is en hulle moet haastig vlug. Xander dwing vir Greg om tussen hom en Plank te kies en Plank beland in die kloue van die Baker.

**Besienswaardighede in Istanboel**






**Foto: Hagia Sophia** **Foto: Gli**





**Foto: Blou moskee** **Foto: Topkapi-paleis**

https://api.creativecommons.engineering/v1/thumbs/8650987f-bc43-4cfd-8797-a3c649bcb41e
https://ccsearch.creativecommons.org/photos/8650987f-bc43-4cfd-8797-a3c649bcb41e
https://live.staticflickr.com/3893/14489256282_0872b2670a_b.jpg
https://api.creativecommons.engineering/v1/thumbs/e1a189a6-11ee-4434-8dcb-57c63d000bdc

# Florence





**Foto: Florence, Italië** **Foto: Duomo – Florence, Italië**

https://search.creativecommons.org/photos/c4e353c7-5436-4c12-8a8c-659d1b571071
https://ccsearch.creativecommons.org/photos/d1291ec0-bf8b-4a52-adb0-7d7c3a0fa759






**Foto: Palazzo Vecchio** **Foto: Palazzo Vecchio**

https://search.creativecommons.org/photos/5f538091-2c24-4074-bcae-6355443d6f67
https://search.creativecommons.org/photos/56a53cb1-279b-4caa-a679-687accebdc19






**Foto: Dawid-beeld, Accademia Galery, Florence**

https://search.creativecommons.org/photos/329cfa29-04e5-46d9-b828-3a3090e3da8c

**Florence**

Die IP-adres van die Baker se skootrekenaar lei vir Greg en Xander na Florence. Hulle gaan tuis in ’n hotel. Die adres van die Baker is: Lungarno Amerigo Vespucci 32. Greg gaan een aand na die adres sonder Xander se medewete. Hy sien ’n man en ’n vrou. Hulle kyk vir hom asof hulle hom ken. Xander is woedend toe hy hoor van Greg se besoek aan die adres.



Foto: Baker se huis in Florence. (Google Street View)

Greg dwaal in Florence se strate en besoek die Accademia-galery. Florence is ’n stad in Italië wat bekend is vir sy kunsskatte wat sover terug soos die Renaissance-tydperk dateer. Michelangelo se bekende Dawid-beeld is in die Accademia-galery te sien, terwyl Botticelli se “Birth of Venus” en Da Vinci se “Annunciation” in die Uffizi-galery uitgestal word.

’n Ouerige man knoop ’n gesprek met Greg aan terwyl hulle na die David-beeld in die Accademia-galery kyk. Greg besef nie dat dit die Baker is wat langs hom staan nie. ’n Vrouestem sê vir hom dat die dokter baie dinge weet. Die vrouestem behoort aan Valkyrie. Xander, Ayla en Greg gaan later na die Baker se adres, maar hulle is reeds sak en pak weg.

Greg voel beangs toe Xander grappenderwys ’n pistool op hom rig. Greg ontmoet vir Dirk Schutte in die Palazzo Vecchio. Die nuus wat Dirk hom meedeel van sy pa wat in die tronk aangeval is en in die hospitaal lê, ontstel hom so dat hy oorweeg om sy soektog na die Baker te laat vaar.

Xander slaag daarin om die Baker se skootrekenaar se webkamera te kraak. Hulle vind uit dat hy hom in Venesië bevind en volg hom daarheen.

**Venesië**

Greg, Xander, Ayla en Dirk gaan tuis in ’n Airbnb-blyplek in Venesië. Xander hou niks daarvan dat Dirk betrokke raak by die soektog na die Baker nie. Dirk is egter ’n aanwins vir die span, want met sy kennis van polisieondersoeke help hy om ’n lys van verdagtes saam te stel.



**Foto: Gondels op die Canale Grande**

https://live.staticflickr.com/7398/8727191597_3c47c83cac_b.jpg

Venesië is ’n kleurvolle plek waar toeriste op watertaxi’s en gondels op die Canale Grande vaar. Greg en Xander voel gefrustreerd omdat hulle nie weet hoe hulle die Baker gaan vind nie. Greg vermoed dat Ayla se pa dalk die Baker is. Op die Rialto-brug vertel hy vir haar van sy vermoede en beskuldig vir Xander wat na sy mening haar misbruik om wraak te neem op haar pa. Xander betrap vir Greg en Ayla wat mekaar soen en is verafsku deur dit wat hy waarneem.




**Foto: Rialto-brug, Venesië**

**https://ccsearch.creativecommons.org/photos/f039cc37-02d0-4dc4-886d-3f402d816820**

Xander kry ’n emosionele ineenstorting op die Rialto-brug. Vir die eerste keer word hy as weerloos uitgebeeld. Hy bely teenoor Greg dat hy hom net wou help omdat hy berou gehad het oor dit wat hy aan hom en sy gesin gedoen het. Daar is ’n gespanne atmosfeer tussen Xander en Greg terwyl Ayla onseker is oor wie sy kan vertrou. Greg en Xander besluit om ten spyte van hul verskille saam te werk om die Baker op te spoor.

Greg is een aand laat besig om op die rekenaar te werk. Dan verskyn die beeld van die Baker op die skootrekenaar. Greg neem ’n video van die Baker. Toe hulle die volgende dag na die video kyk, herken Dirk hom en sê dat dit dokter Sebastian Stadler is. Hy stel hom metafories gelyk aan die duiwel en lig hulle in dat die polisie al jare na hom soek. Greg, Ayla en Dirk loop met selfone in die Waterstad rond. Hulle wil die Baker deur gesigsherkenningstegnologie opspoor. Xander, wat alles op die skootrekenaar waarneem, is kwaad omdat Greg die selfoon in ’n wegsteekplek gelos het en ’n “power bank” by die woonplek gaan haal.

Xander en Greg hardloop vervaard na die plek waar die selfoon gelos is toe die Baker se gesig op die rekenaarskerm verskyn, maar hulle is te laat om hom te vang.

Hulle sien vir Plank met die selfoon in sy hand. Hy sê dat ’n vrou vir hulle in die Koninklike Tuine wag. ’n Nagmerrie-ondervinding wag vir Greg, want hy het ’n gratis pet by ’n straatsmous aanvaar wat vol gif is. Hy voel die gif se uitwerking op sy liggaam, Xander kry ’n angsaanval en Ayla en Dirk word gevange geneem. Hoofstuk 66 en 67 is die klimaks van die verhaal. Die spanning neem progressief toe terwyl die Baker sy lewensverhaal vertel. Greg se toestand versleg as gevolg van die uitwerking van die gif. Die dreigende reën skep ’n onheilspellende atmosfeer.

Valkyrie en die Baker dink dat hulle die hef in die hand het, maar Xander het voorsorg getref en die Baker se laboratorium gesaboteer deur kuberkraking. Xander sê dat hy die Baker se nuutste projek aan die wêreldowerhede sal

bekendmaak. Xander skiet die Baker dood, Valkyrie verdwyn en Xander-hulle dink dat alles verby is en vaar weg op die Canal Grande met die Baker se boot. Die volgende oomblik tref 'n snelboot hulle en word daar op hulle geskiet. Greg is platgeslaan toe sy beste vriend, Plank, in die kanaal sterf.



Foto: Koninklike Tuine
Met vergunning van Fanie Viljoen.



**Foto: Canale Grande, Venesië**

https://live.staticflickr.com/728/31554471745_75772e271b_b.jpg





Foto: Bo-aansig van Koninklike Tuine en Canale Grande
Google Maps

→ Rigting waarvandaan Greg en Xander van die St Markus-plein se kant aangehardloop kom.
1. Plank wag hier vir Xander en Greg by die ingang van die Koninklike Tuine.
2. Valkyrie sit op 'n rooi bankie.
3. Die Baker maak sy verskyning hier.
4. Die boot waarmee hulle vlug is hier geanker.

**Vir video's oor Istanboel, Turkye, Florence en Venesië kan die volgende skakels gevolg word:**

https://www.britannica.com/video/179470/Overview-Turkey
https://www.britannica.com/video/167573/video-Istanbul
https://www.britannica.com/video/180126/video-tour-Florence
https://www.britannica.com/place/Venice/Lagoon-and-tides

### 6.6 Taalgebruik

Die taalgebruik in *Donker Web* sluit aan by die karakters se leefwêreld en omstandighede. Taalgebruik is ook karakteropenbarend.

- Greg, Xander, Plank, Ayla, Chloe en Lisa se taalgebruik is eie aan die van jong volwassenes wat 'n tipe sleng praat wat 'n mengsel van Afrikaans en Engelse woorde is.
- Die ouer karakters in die verhaal se taalgebruik is formeel. Die Baker is hoogs intelligent daarom is dit gepas dat hy van figuurlike taal gebruik maak.
- Weens Dirk Schutte se polisieagtergrond gebruik hy soms kru woorde.
- Thomas Lawson is Engelssprekend. In die besigheidskringe waarin hy beweeg, is die voertaal meestal Engels, daarom is Engels 'n logiese keuse.
- Die stem uit die aanhoudingselle praat Kaapse Afrikaans gemeng met 'n goeie dosis bendetaal wat eie is aan die misdadigers wat weens bendegeweld en moord in die tronk is.
- Die woorde uit ander tale wat tydens Greg se oorsese toer gebruik word, skep geloofwaardigheid en sluit aan by die ruimte waarteen die gebeure afspeel.
- Die woordkeuse in *Donker Web* is ryk aan figuurlike taal. Beeldspraak en stylfigure word keurig deur die skrywer gebruik om van dié roman 'n literêre meesterstuk te maak.

### 6.7 Tema

Die tema is die universele waarheid wat agter die verhaal skuil. Die lewenswaarheid wat opgesluit is in die verhaal stem die leser tot nadenke en lei tot insig. Die sentrale tema van *Donker Web* is: Dit is gevaarlik om **wraak** te neem, want jy kan self in die proses seerkry. Greg se ma het vir hom gesê: "Die ou wat wil wraak neem, moet twee grafte grawe."

Greg se plan om wraak te neem op die Baker het tragiese gevolge. Hy verloor sy beste vriend. Sy pa word in die tronk aangerand en moet veg vir sy lewe. Sy ma word agtervolg en leef in vrees. Greg het self die dood in die oë gestaar toe die Baker hom probeer vergiftig het. Xander red hom van die dood, maar Plank is die tragiese slagoffer wat die dood tegemoetgaan sonder om sy drome uit te leef.

Subtemas wat in die verhaal na vore kom:

**Identiteit:** Xander Gericke se identiteit wat in die eerste roman, *Onderwêreld*, verborge gebly het, word bekend gemaak. Vir hom is dit belangrik om sy identiteit sover as moontlik geheim te hou. Dit is die rede waarom hy vir Greg in 'n donker plek, die Basilica Cistern, ontmoet. Hy gebruik 'n transpondeerder om sy huis se deur oop te sluit en sy skootrekenaar te ontsluit. Hy is woedend as Plank vriende maak met 'n Turk, want hy wil nie hê dat iemand iets van hom te wete moet kom nie.

In teenstelling met Xander is Greg 'n bekende gesig, want sy foto het in tydskrifte en koerante verskyn. Project Nursery Rhyme en die gepaardgaande hofsaak was voorbladnuus, daarom is dit nie vreemd dat die vrou by die gastehuis en die student by Vensters hom herken nie.

Kleredrag en bykomstighede verraai persone se identiteit. Tom dra 'n T-hemp met die Anonymous-kuberkrakergroep se masker op die voorkant wanneer Greg

hom ontmoet en toe sy lyk in die Eersterivier gevind word. Die T-hemp beklemtoon dat hy 'n kuberkraker is.

Maskers en bykomstighede verbloem soms identiteit. Valkyrie dra 'n donkerraambril in die hof en 'n sonbril toe sy Greg se woonstel dophou. Die masker met die kort snawel en vere wat sy in die Koninklike Tuine dra, sluit aan by haar naam en laat dink 'n mens aan 'n valk. Aan die einde van die verhaal is haar ware identiteit steeds onbekend en sy verdwyn spoorloos.

Die donker web stel anonimiteit voorop. Niemand weet wat die identiteit van die verkoper of koper van "onwettige" produkte op die donker web is nie. Die vervalste paspoorte wat Xander vir Greg en Plank op die donker web bestel, skep 'n vals indruk van hul identiteit. Hulle word voorgestel as Europeërs, maar is in werklikheid Suid-Afrikaners. Greg slaag daarin om deur die doeane te kom met die vervalste paspoort.

Metadata verklap mense se identiteit. Toe Chloe die gemanipuleerde foto van die kamtige transpondeerder in Greg se hand geneem het, het Greg haar gehelp om die inligting skoon te vee sodat haar naam nie daarop verskyn nie. Op bladsy 226 soek Greg en Xander 'n naam op die video se metadata, maar dit is uitgevee (scrubbed). Op bladsy 227 maak hulle seker dat hulle eie metadata verwyder is.

Die transpondeerder wat in Plank se hand geplant is, veroorsaak verwarring. Dit is die spil waarom die wending in die verhaal draai. Die leser vermoed in hoofstuk 1 dat Greg aan die einde gaan doodgaan, maar dan word Plank doodgeskiet. Die transpondeerder in sy hand veroorsaak dat die polisie dink dit is Greg se lyk wat uit die kanaal gehaal word.

Die Baker is vir die grootste gedeelte van die roman identiteitloos. Sy ware identiteit word eers op bladsy 300 bekend gemaak. Dokter Sebastian Stadler was betrokke by Project Coast en Project Nursery Rhyme, maar die polisie kon hom nie opspoor nie en niemand wat hom ken, soos Chris Owen, wou 'n woord oor hom rep nie.

Greg het die Baker by twee geleenthede ontmoet: by die Lawsons se ete en in die Accademia-galery in Florence sonder dat hy geweet het dit is die Baker. In hoofstuk 66 onthul die Baker sy agtergrond, maar Valkyrie, sy vennoot se ware identiteit word nooit openbaar nie.

**Wantroue/Agterdog:** Greg sien die kunswerk "Broken Trust" by die SMAC-kunsgalery en dink terug aan Xander wat hy eens vertrou het en wat hom toe net gebruik het. Ten spyte van die wantroue, maak hy tog later met hom kontak om hom te help om die Baker te ontmasker.

Xander vertrou op sy beurt nie vir Greg nie. Hy verplig hom om 'n transpondeerder in sy hand in te plant. Greg probeer hom mislei deur 'n gemanipuleerde foto aan hom te stuur, net om later uit te vind dat Plank die transpondeerder in sy hand geplant het en noodgedwonge moet saamgaan na Turkye. Toe Xander dit uitvind, wil hy aanvanklik nie meer vir Greg help nie.

Daar is verskeie ander voorvalle wat veroorsaak dat hulle mekaar wantrou. Greg vertel nie vir Xander van die gebrande boek nie. Hy vertel nie vir Xander dat hy by die Baker se huis in Florence was nie. Wanneer Greg vir Ayla van sy vermoede oor Xander wat haar na sy mening misbruik om wraak te neem vertel, +wantrou sy vir beide Greg en Xander. Xander wonder of Greg hom nie om die bos lei nie, want hy dink dat Greg sy eie wraakplan het en dat hy weet wie die Baker is.

Dirk Schutte vertrou nie vir Greg naby sy dogter nie en verbied haar om naby hom te kom. Xander is wantrouig oor Dirk en dink dat hy dalk vir die Baker werk. Dirk is agterdogtig aangaande Xander en Ayla. Hy dink dat Xander moontlik 'n psigopaat is. Greg se medestudente is wantrouig oor Greg weens sy pa se misdaad en hou hom op 'n afstand. Greg wantrou vir Thomas Lawson wanneer hy

vir hom hulp aanbied. Tom vertrou nie vir Greg nie en weier om Xander te oorreed om hom te help.

Greg word telkens dopgehou en agtervolg in Stellenbosch. Dit veroorsaak dat hy agterdogtig is en telkens oor sy skouer kyk. Hy breek ook die reëls van die vertroue wat daar in ’n vriendskap moet wees toe hy vir Xander bo Plank kies en hom verwese agterlaat. Greg het later self ’n gebrek aan vertroue wanneer hy daaraan dink om sy soektog na die Baker te laat vaar.

**Verraad:** Greg het sy pa verraai deur sy misdaad bekend te maak en veroorsaak dat hy in die tronk sit. Greg voel verraai deur sy ma wat ’n minnaar het en hom nie daarvan vertel het nie. Dit voel vir hom asof sy ma, wat hy altyd beskerm het, nie meer die persoon is wat hy leer ken het nie. Greg se pa, Chris Owen, het Greg op ’n jong ouderdom verraai toe hy vir hom gesê het dat dit eerder hy moes wees wat selfdood gepleeg het en nie sy broer, John, nie.

Greg is self nie onskuldig nie, want hy verraai sy beste vriend, Plank, deur vir Xander bo hom te kies. Alhoewel Plank gepoog het om Greg te waarsku, verraai hy hom deur hom in die Koninklike Tuine van Venesië uit te lewer aan Valkyrie en die Baker.

Xander het berou omdat hy vir Greg in sy matriekjaar verraai het, want hy het hom voorgehou as ’n vriend alhoewel hy slegs daarop uit was om wraak te neem op die Owens. Op die Rialto-brug in Venesië sê Xander dat hy berou het oor die verraad en eintlik net vir Greg wou help.

Die skrywer verraai uiteindelik die leser. In die eerste hoofstuk dink die leser dat Greg gaan sterf, maar dit is eintlik Plank wat doodgaan. Die transpondeerder wat in sy hand geplant is, het veroorsaak dat die polisie gedink het dit is Greg se lyk wat uit die Canale Grande gehaal word.

**Geheime:** Greg se ma vertel hom van haar innerlike worsteling na John se dood. Niemand het geweet dat sy soms haar hartseer uitgeskree het in die huis waarin sy vasgekluister was nie. Toe Greg vir sy ma in Sandhurst gaan kuier, is hy geskok toe haar minnaar die deur oopmaak. Sy ma erken dat die verhouding al ’n geruime tyd duur en dat daar meer geheime in hul gesin is as waarvan hy weet.

Greg probeer by dokter Trollip se vrou meer uitvind oor die Baker, maar sy wil niks sê nie. Die ander persone wat hy skakel wil ook nie ’n woord rep oor die Baker nie. Selfs sy pa swyg soos die graf en probeer hom oorreed om sy soektog na die Baker te laat vaar. Die identiteit van die Baker bly ’n geheim totdat sy beeld op die rekenaarskerm verskyn en Dirk hom herken as Sebastian Stadler. Valkyrie se naam en agtergrond bly onbekend.

Greg probeer die feit dat die transpondeerder in Plank se hand ingeplant is vir Xander geheim hou, maar in Turkye vind hy dit uit en is woedend. Die gebrande boek is aanvanklik Greg se geheime wapen, maar Xander en Ayla ontdek dit en ’n woordewisseling volg. Xander vertel ook nie vooraf vir Greg dat hy die Baker se rekenaar gekraak en Ransomware gebruik het om al die rekenaars van sy laboratorium te blokkeer nie.

Greg het nog nooit vir iemand vertel wat sy pa ná John se dood aan hom gesê het nie. Hy voel verwerp deur sy pa omdat sy pa eerder sou verkies dat hy dood moes wees in plaas van John. Sy pa se woorde het sy hele wêreld uitmekaar geruk. Hierdie geheim wat Greg met hom saamdra, veroorsaak innerlike konflik en veroorsaak spanning tussen hom en sy pa.

Nog subtemas wat in die roman voorkom is onder andere: mag, geld, lig en donker, drome, verhoudings, die rol van ’n vaderfiguur, chaos en verlies.

## 6.8 Motiewe (beelding)

Deurlopende of herhalende motiewe is elemente wat dwarsdeur die roman voorkom. Die skrywer gebruik gepaste beelde om betekenis aan 'n sekere voorwerp te gee. Dit word ook 'n leitmotiv genoem.

**Web:** Die woord web word in verskillende kontekste gebruik. Dit verwys na die titel van die roman asook die donker web op die internet waar jy onwettige goedere kan bekom. Dit skrywer span die figuurlike betekenis van 'n spinnekopweb in om Greg se innerlike konflik uit te beeld.

"Elke plukkie aan die spinnekopdraad van herinneringe laat die hele web bewe." (bladsy 44)
"Die spanning word 'n web wat versmorend om my span." (bladsy 75)

Die soektog na die Baker is soos 'n web wat progressief al nouer span.

"Soos 'n fyn web se eerste draad wat gespan word." (bladsy 48)
"Hy hoef nie van die web te weet wat al hoe meer spinnekopdrade bykry nie." (bladsy 109)
"… selfs 'n spinnekopweb lyk onskuldig totdat die vlieg daarin beland." (bladsy 303)
"Nog 'n draad van die web word vasgeknoop." (bladsy 312)
"… asof die spinnedrade van leuens en korrupsie, omkopery en dood saamtrek." en "Nog 'n draad van die spinneweb kom aan die lig." (bladsy 334)

**Slang:** 'n Slang is 'n teken van onheil of gevaar. Die woord slang kom deurlopend in die roman na vore. In die eerste hoofstuk word die neerdrukkende atmosfeer in Greg se ouerhuis vergelyk met 'n opgekrulde slang.

Terwyl Greg vir Xander in die Basilica Cistern wag (hoofstuk 29) kyk hy na die Medusa-kop wat vol slange is, hy dink terug aan 'n beeld in Stellenbosch waar 'n slang uit beton krul. Xander word metafories aan 'n slang gelykgestel, weens Greg se vrees dat Xander hom, soos in die verlede, weer sal misbruik.

Die misdadigers van Project Nursery Rhyme word as slange uitgebeeld: "Een slangkop, Dok, is dood. 'n Ander slangkop, my pa, is in ICU. 'n Derde slangkop, die Baker, is weer op vlug." (bladsy 273) Wanneer die Baker aan die woord is in hoofstuk 66 noem hy die hooggeplaaste mense soos finansiers, bankiers, militariste en politici slange. "Dit is soos 'n menigte slange wat krioel in 'n onderwêreldse rivier van bloed." (bladsy 338)

In hoofstuk 1 en 68 is die Canale Grande die metaforiese slang wat deur die stad kronkel. Die kanaal hou gevaar in, want dit is daar waar daar op Greg-hulle geskiet word en waar Plank in die kanaal sterf.

**Water:** Daar word herhalend na water in die roman verwys. In hoofstuk 16 ontmoet Greg en Tom in die NG Moederkerk. Greg sien die teksvers bo die doopvont en die kanselkleed met die woorde, *'n Rivier van Lewende Water.* Hoofstuk 17 se titel lui: 'n Rivier van dooie water, dit staan in kontras met die woorde op die kanselkleed. Tom se lyk word in die Eersterivier gekry. Die laaste hoofstukke van die roman en die klimaks speel af in Venesië, die Waterstad. Xander gooi die pistool in die kanaal nadat hy die Baker doodgeskiet het. Hy was sy hande in die kanaal en Plank sterf in die Canale Grande.




**Foto: Palindroom**

https://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons/thumb/1/1a/Ambigram_palindrome_%CE%9D%CE%99%CE%A8%CE%9F%CE%9D%CE%91%CE%9D%CE%9F%CE%9C%CE%97%CE%9C%CE%91%CE%A4%CE%91%CE%9C%CE%97%CE%9C%CE%9F%CE%9D%CE%91%CE%9D%CE%9F%CE%A8%CE%99%CE%9D_%28Wash_your_sins%2C_not_only_your_face%2C_in_Greek%29.jpg/640px-Ambigram_palindrome_%CE%9D%CE%99%CE%A8%CE%9F%CE%9D%CE%91%CE%9D%CE%9F%CE%9C%CE%97%CE%9C%CE%91%CE%A4%CE%91%CE%9C%CE%97%CE%9C%CE%9F%CE%9D%CE%91%CE%9D%CE%9F%CE%A8%CE%99%CE%9D_%28Wash_your_sins%2C_not_only_your_face%2C_in_Greek%29.jpg

Die betekenis van die palindroom “Was die sondes af, nie net die gesig nie”, sinspeel op water wat gebruik moet word soos in fonteine en watervonte in verskeie kerke om sondes af te was. Die Basilica Cistern waar Greg vir Xander ontmoet, word die Versonke Paleis genoem en was voorheen ’n waterreservoir. Greg sien vir Xander in die refleksie van die water. Die Baker verwys na water as iets wat verbind word met transformasie, purifikasie en skoonmaak.

Let op die progressie in die laaste paar hoofstukke. Wolke pak saam (bladsy 320), die wolke dreun (bladsy 327), dit raak donkerder en die wolke daal laer (p. 328), die gedreun van wolke en die eerste druppels wat val (bladsy 342), ’n swaar rammeling (bladsy 344). Op bladsy 346 bereik dit ’n klimaks: “Deur die reënnewels kyk ek hoe dit plasse … blinkrooi stroompies.” Die wolke wat saampak en die uiteindelik reën ondersteun die spanning wat toeneem.

Ander deurlopende motiewe wat in die roman voorkom is onder andere: gif, vuur, breinbeheer, duiwel, berge, skaak, foto’s en brûe.

### 6.9 Simboliek

’n Simbool is ’n teken of voorwerp wat iets anders verteenwoordig. Simboliek word in letterkunde aangewend om ’n dieperliggende boodskap na vore te bring. Die

Bluetooth-simbool op bladsy 22 is ’n samevoeging van simbole wat kommunikasie moontlik maak. Greg en Xander word ook in die verhaal so bymekaargebring.

In die roman word simboliek soms gebruik om ’n karaktereienskap te identifiseer. Die Baker en sy sakevriende soos Dok Pienaar en Chris Owen word as **slange** voorgestel. Slange dui op gevaar, onheil en die bose. Greg noem vir Xander ’n slang, want hy weet waartoe hy in staat is. Greg dink ook aan hom as die **duiwel** met wie hy ’n ooreenkoms moet aangaan om ’n ander slang (Die Baker) se kop af te kap.

**Kerke en kruise** verteenwoordig van die vroegste eeue af Christenskap en heiligheid. Plekname kan simboliese betekenis hê. Soos die Hagia Sophia wat ook bekend staan as Heilige Wysheid. Op bladsy 205 is ’n kort geskiedenis wat aandui dat die kerk telkens afgebrand is, maar weer herbou is - dit is asof Heilige Wysheid seëvier. Op bladsy 208 kry Heilige Wysheid ’n dieper betekenis wanneer Plank vra of hulle wel heilige wysheid gevind het. Hy raak filosofies daaroor: “Heilig en Onheilig. Goed en Kwaad – albei is binne-in jou en daar is ’n dun lyn wat die twee skei.”

Dit is ironies dat Tom ’n kerk kies om vir Greg te ontmoet, want Tom is Xander se vriend wat hom gehelp het om wraak te neem op die Owens. Die kerk simboliseer in hierdie geval veiligheid, maar iets lê onder hierdie kerkvloer verborge. Die kruis teen ’n venster binne die Duomo (bladsy 249) is vir Greg ’n teken van hoop. Hy voel dit is ’n teken dat Plank veilig is.

**Water** is ’n simbool van reiniging, heling en purifikasie. Die simboliek van Xander se palindroom is dat Greg sy sondes moet afwas. Op bladsy 206 sê Xander aan Greg: “Dit beteken dat water ons skoonmaak, Greg. Reinig. Maar die palindroom gee dit ook ’n ander betekenis. Dit is simbolies van dood en hergeboorte. In die omdraai van die letters, die spieëling daarvan, verslind dit sy eie beeld. Soos Narcissus. Soos water die vorme in die natuur kanselleer, kanselleer die palindroom sin en betekenis.”

Die Baker glo nie daarin om die sondes af te was nie. Sy bloed meng met die reënwater nadat Xander hom doodgeskiet het. Die simboliek hiervan is dat Xander en Greg weer heel kan word en met hul lewe aangaan. Terselfdertyd word die wêreld gereinig van ’n bose figuur.

Voorwerpe soos die ring van dokter Rian Trollip simboliseer dat hy ’n Vrymesselaar is. Vrymesselaars gebruik handgebare of handgrepe om aan te toon dat hulle aan dié organisasie behoort. Lawson Kollege, Greg se ou skool, gebruik ook ’n geheime handgreep. Kwanele groet vir Greg by sy vertrek van die skool met die handgreep asof hy nog deel is van hulle. (p. 25) Op bladsy 26 groet Plank vir Greg op dieselfde manier.


Foto: Vrymesselaarsring.

https://live.staticflickr.com/3107/2873332621_8342f83c1b.jpg

### 6.10 Mitologie

Mitologie word deur die skrywer gebruik om 'n parallel te trek tussen die mite en die werklikheid. Dit maak die leser bewus van die mitologie en lei hom/haar om beter begrip te kry van die karakters in die verhaal.

**Prometheus**

Prometheus was een van die leiersfigure in die oorlog tussen die Titane en die Olimpiese gode wat deur Zeus gelei is. Hy het later sy kragte saam met die Olimpiese gode gespan omdat die Titane nie sy advies wou volg nie.

Zeus was woedend omdat Prometheus vuur by die gode gesteel het en aan die gewone mens gegee het. Zeus het Prometheus gestraf deur hom aan 'n rots vas te maak en 'n arend gestuur het om elke dag 'n stuk van sy lewer te eet.



Foto: 'n Beeld van Prometheus in Parys, Frankryk.

https://live.staticflickr.com/2192/2391850210_e7be6c1585_b.jpg

Prometheus het probeer om iets goeds te doen deur vir die mensdom vuur te gee wat hulle kon help om hulle lewe te vergemaklik. Hy het volgens die mite die mens geleer hoe om vuur te gebruik om voorwerpe uit metaal te maak.

Xander stel homself metafories gelyk aan Prometheus. Hy sien hom op bladsy 300 as die "goeie ou". Net soos Prometheus iets goeds vir die mense gedoen het, wou Xander iets goeds vir sy gesin doen. Hy wou sy pa se dood wreek. Daarmee saam sou hy ook die mense van 'n vernietigende virus red, alhoewel dit nie sy hoofdoelwit was nie. Xander gaan egter verkeerd te werk. Hy probeer goed doen deur kwaad te doen – hy vernietig Greg se gesin deur sy wraakaanval en ontmasker die "onheilige drie-eenheid" van Project Nursery Rhyme.

Hy besef later watter skade hy aangerig het, want Greg is 'n onskuldige slagoffer en is nie soos sy pa nie. Hy het vir Greg en sy ma onnodig by die saak betrek. Die berou vreet aan hom soos die arend wat elke dag Prometheus se lewer

gevreet het. Om te vergoed vir sy wandaad, steun dit sy besluit om die Baker te help soek.

**Medusa**

Daar bestaan verskillende mites oor Medusa. Een teorie is dat sy ’n beeldskone jong meisie was wat deur Poseidon verlei en verkrag is in die tempel van Athene. Die godin het haar gestraf en haar hare in krioelende slange verander en almal wat na haar kyk sou in klip verander het.

Dit is ironies dat sy gestraf is, want sy was nie die skuldige party nie. Volgens die mite kon Athene nie vir Poseidon straf nie daarom het sy haar woede op Medusa uitgehaal. Boonop was sy jaloers op Medusa omdat al die mans in haar belanggestel het, daarom het sy haar lelik gemaak.

In die werklikheid word die onskuldige Greg ook gestraf vir sy pa se wandade en omdat hy sy pa onwetend ontmasker het. Dit kan as parallel gesien word vir die verhaal van Medusa.

**Valkyrie**

Die Walkure was vroulike geeste in die Noorse mitologie wat baie toegewyd was in hulle taak. Hulle het hul meesters in enige iets ondersteun, al was dit boos. Hulle het baie krag en veggees gehad en het besluit wie moet lewe en wie moet sterf.

Valkyrie is die Baker se vrou en sy geesgenoot wat hom bystaan. Hy noem haar sy Lady Macbeth. In die drama *Macbeth* van Shakespeare is dit Lady Macbeth wat haar man aanmoedig om die Skotse koning, Duncan, dood te maak en sodoende die troon te bestyg.

Valkyrie was die een wat die plan gehad het om regter Gericke met ’n binneband te versmoor. Sy is dus net so skuldig soos Dok, Chris Owen en Sebastian Stadler.

**Gordiaanse knoop**

Die mite van die Gordiaanse knoop dateer uit die jaar 333vC. ’n Antieke wa, wat aan Gordius behoort het, is met verskeie knope styf vasgemaak. Daar is ’n uitdaging gestel dat die een wat die knope kon losmaak die heerser van Asië sou word. Koning Alexander die Grote het met een swaai van sy swaard die tou afgekap.



**Foto: Afbeelding van Alexander die Grote wat die Gordiaanse knoop deurkap.**

https://api.creativecommons.engineering/v1/thumbs/b0db220a-115f-4c19-91e2-919ea427514e

“Die Gordiaanse knoop deurhak” is ’n spreekwoord wat beteken dat jy ’n probleem oplos deur kragtige maatreëls. Die verteller verwys op bladsy 273 na die Gordiaanse knoop van slange wat die beeld intensiveer: “In die donker wêreld seil en knoop en krul hulle oormekaar sodat jy nie weet wie is wie, waar elkeen begin en eindig nie. ’n Gordiaanse knoop van slange.”

Net soos die tou deur Alexander die groot heerser afgekap is, het Xander ook kragtige maatreëls in plek gehad om die probleem aangaande die Baker eens en vir altyd op te los.



Foto: Gordiaanse knoop
https://live.staticflickr.com/7409/11409270084_9c2a5af97a_b.jpg

## 6.11 Karakterbeelding

Dié roman is gegrond op fiktiewe karakters. Greg Owen is die sentrale karakter in die roman. Hy is die hoofkarakter of protagonis. Die meeste gebeure in die verhaal draai om Greg en hy is deurentyd op die voorgrond. Omdat die hoofkarakter groei en karakterontwikkeling plaasvind, staan hy bekend as ’n ronde karakter.

Teenoor die protagonis is die bose teenspeler, die Baker. Hy is die antagonis en een van die belangrikste newekarakters. Die funksie van newekarakters is om die hoofkarakter te belig en verhaalgebeure te bevorder. Die antagonis het ’n invloed op die protagonis en bepaal sy optrede en denke. Die Baker is ’n plat of vlak karakter, want daar is geen groei of ontwikkeling in sy karakter nie. Hy bly deurgaans in ongevoelige en onverbiddelike karakter.

**METODES VAN KARAKTERISERING**

**Eksplisiete karakterbeelding:**

Die leser leer ’n karakter ken op grond van die inligting wat die verteller oor die karakter aan die leser meedeel. Dit wat die ander karakters oor die karakter sê of van hom dink, beeld die karakter uit.

**Implisiete karakterbeelding** word oorgedra deur die voorkoms van die karakter of die voorstelling van sy omgewing. Deur die handeling van die karakter kan sekere afleidings gemaak word. Die karakter se gedagtegang en dialoog is openbarend van sy eienskappe. Die wyse waarop ’n karakter konflik hanteer, lig die leser in aangaande sy persoonlikheid.

**<u>Greg Owen (protagonis)</u>**

Greg was altyd gewoond aan die beste omdat hy in ’n huis grootgeword het waar geld alles kon koop. Na ’n lang hofsaak word sy pa skuldig bevind aan terrorisme en beland in die tronk. Greg en sy ma woon in Sandhurst, maar daar is ’n somber atmosfeer tuis. ’n Jaar na matriek koop Greg vir hom ’n BMW 118i-sportmodel uit sy trustrekening en vertrek na Stellenbosch om Sportwetenskap te gaan studeer.

Sy ma het aanvanklik gedink dat hy dromer is, maar het later besef dat hy eerder ’n rebel is. In sy matriekjaar het hy deur middel van kuberkraking sy pa en Dok Pienaar se skelmstreke oor Project Nursery Rhyme oopgekrap en dit het daartoe gelei dat hulle agter tralies beland het. Plank verwys grappenderwys op bladsy 116 na hom as: “The master of disaster.” Greg voel skuldig oor sy aandeel aan sy pa se tronkstraf. Hy sien homself op bladsy 14 as “die ou wat sy pa vir die wolwe gegooi het.” Hy voel jammer vir sy ma en mymer steeds oor sy broer wat selfdood gepleeg het.

Hy is verbitterd oor die derde lid van Project Nursery Rhyme, die Baker, wat nog op vrye voet is. Hy is vasbeslote om wraak te neem en die Baker vas te trek al kon die polisie dit nie eens regkry nie. Ten spyte van vele waarskuwings van sy pa en dreigboodskappe van die Baker laat vaar Greg nie sy planne nie en hou hardkoppig vol met die soektog. Vir Greg is sy familie belangrik, hy is besorg oor sy ma en wil graag sy familie se naam in ere herstel deur die Baker te ontmasker.

Greg kom soms onseker voor wanneer hy twyfel of hy die regte ding doen om die Baker te laat boet, maar hy toon deursettingsvermoë deur nie tou op te gooi nie. In ’n konfliksituasie, soos in die geval van die onderonsies met die gas in Beaufort-Wes, die onbekende student by Vensters en die ontmoeting met sy ma se minnaar, kom Greg ongeskik en aggressief voor. Tog is daar ’n weerloosheid in Greg. Hy gee baie om vir mense, want hy wil vir Ayla beskerm omdat hy dink dat Xander haar misbruik.

Hy is agterdogtig oor Xander se ware motief wanneer hy bereid is om hom te help. Greg is waaksaam en bly op sy hoede om agtervolgers te identifiseer en af te skud.

Greg is lojaal teenoor sy ma, want hy vertel nie vir sy pa van sy ma se skelmpie nie. Hy is vergewensgesind. Hy vergewe sy pa vir die onreg wat hy hom aangedoen het as kind. Hy maak vrede met Xander wat hom mislei en misbruik het.

Indien albei boeke in hierdie reeks in ag geneem word, is daar ’n duidelike karaktergroei in Greg. Aan die begin van *Onderwêreld* sien hy homself as “bullet-proof”. Aan die einde van *Onderwêreld* besef hy dat hy nie so bullet-proof was as wat hy gedink het nie en dat ’n mens eintlik ’n koeëlvaste baadjie teen die aanslae van die lewe moet dra. Aan die einde van *Donker Web* kom hy op bladsy 354 tot die volgende gevolgtrekking: “... om in hierdie wêreld te oorleef het jy nie ’n koeëlvaste baadjie nodig nie. Jy moet bombestand wees.”

**<u>Die Baker (Sebastian Stadler) – Antagonis</u>**

Sebastian Stadler is ’n ouerige man met silwergrys hare wat hy agteroor kam. Hy hou van swaar klaviermusiek en wyn; dra netjies pakke en het ’n sambreel met ’n gargoyle kop. Hy lyk oënskynlik onskadelik wanneer hy met Greg by die Lawsons

se woning en in die Accademia-kunsgalery praat, maar hy is voortdurend besig om slinkse planne te smee. Hy is intelligent en ingelig oor Greg en Xander se planne en bewegings. Hy is uitdagend en vol bravade toe hy hulle waarsku dat hy hulle sal vang voordat hulle hom sal vang.

Die Baker is ’n ongure, sadistiese karakter met baie kontakte wat hy manipuleer om te doen wat hy vereis. Dirk noem hom “die duiwel self”. Hy is ’n glibberige kalant wat telkens daarin slaag om te verdwyn wanneer iemand op sy spoor is.

Stadler se vormingsjare op die plaas, Uitschotkraal, het aanleiding gegee tot sy gewelddadige geaardheid. Sy pa was streng en het hom mishandel. Hy het van kleins af diere doodgemaak en opgestop. Hy was gefassineer deur die dood en chaos daarom het hy by chemiese en biologiese oorlogvoering betrokke geraak. As dokter in virologie was hy betrokke by Project Coast, Project Nursery Rhyme en sy laaste projek wat handel oor breinbeheer.

Hy is wreed en vertel met smaak vir Xander hoe hulle sy pa doodgemaak en van sy lyk ontslae geraak het. Hy was ook verantwoordelik vir die dood van sy neef, **Rian Trollip** en **Dok Pienaar** asook die aanval op Chris Owen. Hy is so gevoelloos dat hy eksperimente doen op weerlose babas om die menslike brein te beheer. Hy put ’n behae daarin om te sien hoe iemand ly.

Die Baker ly aan ’n grootheidswaan en sê dat hy lamlendige mense soos sy neef, Rian Trollip, verafsku. Hy verwys na Chris Owen en Dok Pienaar as dromers en beskou homself as meerderwaardig. Sy eksperimente oor breinbeheer bewys dat hy glo dat hy die toekoms kan beheer.

**Valkyrie**, sy vrou en geesgenoot, is volgens hom sy “Lady Macbeth” omdat sy hom aanspoor tot geweld en moord. Sy het swart skouerlengte hare en ’n streng mond. Sy hou ’n wakende oog oor Chris Owen se hofsaak en hou vir Greg dop in Stellenbosch. Haar oë is gewoonlik versluier agter ’n bril of ’n masker.

Die Baker is voortvarend en glo dat hy mag het oor almal en alles. Tot op die laaste oomblik is hy uittartend teenoor Xander aangaande sy pa se moord, maar drie koeëls uit Xander se pistool lei tot sy dood.

### <u>**Xander**</u>

Xander kan gesien word as die **tritagonis**. Deur die wraak wat hy geneem het op die persone wat verantwoordelik was vir sy pa se dood, het hy vir Greg betrek en aangevuur om ook wraak te neem op die Baker.

Xander Gericke het sy pa op ’n jong ouderdom verloor as gevolg van die misdadige aktiwiteite van Dok Pienaar, Chris Owen en die Baker. Hy het reeds wraak geneem op Dok en die Owens, maar die Baker het spoorloos verdwyn.

Xander is ’n misterieuse karakter wat verkies om sy identiteit geheim te hou. Dit is asof hy ’n muur om hom bou. Hy is ’n kuberkraker en het ’n donker kant. Hy is agterdogtig toe Greg hom kontak aangaande die soektog na die Baker en stuur sy vriend, Tom, om met Greg te onderhandel. Na Tom se dood hou hy vir Greg op ’n afstand dop en vlug toe Greg hom herken.

Hy stuur vir Greg ’n transpondeerder om in sy hand te plant en is voorskriftelik oor die voorwaardes vir ’n ontmoeting. Op die wyse kan hy vir Greg manipuleer en ook hulle kommunikasie veilig hou. Hy is kwaad vir Greg wat hom mislei het aangaande die transpondeerder en besluit om hom op sy eie in Turkye te los. Sy vriendin, Ayla, bring ’n sagter kant in Xander na vore. Sy oorreed hom om vir Greg te help.

Xander is slim met tegnologie en kuberkraking. Hy is ook ryk en het baie geld met Bitcoins gemaak. Hy stel vir Greg aan die donker web bekend toe hulle met die soektog na die Baker begin. Greg en Xander is telkens in konflik omdat hy

in beheer wil bly en nie daarvan hou as iemand iets vir hom wegsteek nie. Alhoewel hy 'n sterk persoonlikheid het, is hy emosioneel geknou deur die verlede. Hy steek dit baie goed weg en kry angsaanvalle in onbeheerde oomblikke wanneer iemand na sy pa verwys.

Toe hy vir Ayla in Greg se arms op die Rialto-brug betrap, kry hy n emosionele ineenstorting en kom weerloos voor. Hy het ook sy skanse laat val toe hy en Greg saam gedraf het en hy met die kinders in die straat gespeel het. Hy sê vir Greg dat hy hom net wou help en dat hy regtig lief is vir Ayla. Op bladsy 348 vra hy weer om verskoning en sê vir Greg dat hy dit nie verdien het om gestraf te word nie.

Xander is 'n uitgeslape kalant. Plank sê dat hy altyd 'n paar skuiwe voor is. Hy is ongevoelig en manipulerend. Hy dwing vir Greg om te kies tussen hom en Plank, wat hulle skuilplek openbaar het met sy vriendskap met 'n Turk. Hy laat vir Plank aan die genade van die Baker se mense oor en is onversetlik in sy besluit.

Xander neem berekende besluite. Hy het die Baker se rekenaars gekraak en al die inligting bekom om hom aan die pen te laat ry, maar nie vir Greg daarvan vertel nie. Dit was sy troefkaart om te gebruik indien hulle in die moeilikheid beland. Hy dwing die Baker om die teenmiddel aan Greg te gee en sy manne te ontwapen.

Xander is impulsief en emosioneel wanneer hy hoor hoe die Baker sy pa doodgemaak het. Hy skiet die Baker koelbloedig dood. Dit lyk aanvanklik of hy trots is op dit wat hy gedoen het, tog voel hy skuldig daaroor. Hy ondergaan 'n karakterverandering wanneer hy berou toon oor wat hy aan Greg en sy familie gedoen het. Na die voorval in Venesië verdwyn hy weer. 'n Mens sou dink dat hy en Greg goeie vriende geword het met alles wat hulle saam beleef het, tog glo Greg dat dit bloot 'n "pakt" was en dat Xander nie geken wil word nie.

**Plank**

Plank is Greg se vriend wat saam met hom op Lawson-kollege was. Hy is altyd vol grappe en geniet sy lewe. Xander noem hom die "klasclown". Hy ontmoet vir Lisa en raak smoorverlief. Plank is 'n goeie vriend en is nie kwaad as Lisa se pa as gevolg van Greg se pa se geskiedenis haar verbied om hom te sien nie. Hy en Lisa droom van 'n toekoms saam.

Hy is onverantwoordelik. Hy rook dagga en plant die transpondeerder in sy hand sonder dat hy weet wat dit is. In Turkye gebruik hy sy selfoon om Lisa te kontak. Al het Xander hom verbied om vriende te maak, leen hy sy nuwe Turkse vriend se selfoon om met Lisa te kommunikeer. Sy optrede veroorsaak dat hulle moet vlug en hy beland in die Baker se kloue.

Plank is vergewensgesind en koester geen wrokke nie. Selfs na Greg hom aan sy eie genade oorgelaat het en hy mishandel word, vergewe hy hom en probeer hom waarsku teen Valkyrie en die Baker.

Plank is 'n sielvolle persoon wat filosofies raak oor die toekoms en sy drome. Daar kom egter niks van sy drome nie, want dit verander in 'n nagmerrie. Hy word noodlottig getref deur 'n koeël en sterf in Venesië.

**Chris Owen**

Greg se pa is harteloos en daar is 'n gebrek aan kommunikasie tussen hom en Greg. Hy maak 'n gevoellose opmerking teenoor Greg ná John se dood toe hy vir hom sê dat dit eerder hy moes wees wat moes sterf.

Chris Owen word as gevolg van sy betrokkenheid by Project Nursery Rhyme as 'n terroris beskou en word tronkstraf opgelê in die Kgosi Mampuru II-

gevangenis. Hy kry swaar in die tronk. Hy is maerder, sy liggaam is geboë en hy het ’n kniebesering. Sy vrou besoek hom ook nie meer nie. Hy neem Greg kwalik omdat hy veroorsaak het dat hy in die tronk beland. Hy het ’n heilige vrees vir die Baker en beveel Greg om sy soektog na die Baker te laat staan.

In die tronk word hy deur die Baker se toedoen wreed aangerand en beland in die hospitaal se intensiewe hoësorgeenheid. Na sy terugkeer uit Venesië besoek Greg hom weer. Hy vra vergifnis omdat hy nie ’n goeie pa vir Greg was nie en spreek hom vry van enige skuldgevoelens. Hy verwag dat Greg hom sal verwerp soos wat hy hom as jong seun verwerp het, maar Greg belowe dat hy weer vir hom sal gaan kuier.

**Ma**

Greg se ma is ’n stylvolle vrou wat baie hartseer beleef het met haar seun se dood. Sy kon nie haar seun se dood verwerk nie en haar man se sakereise het veroorsaak dat sy vereensaam het. Sy is ’n liefdevolle ma wat net die beste vir Greg wil hê. Sy gee vir hom wyse raad en hy neem dit ter harte.

Sy het ’n minnaar, André Symington. Hy woon saam met haar en hulle gaan saam op vakansie. Greg hou nie van die idee nie, maar hy bly lojaal aan sy ma en vertel nie vir sy pa daarvan nie. Hy dink dat daar meer lig in haar stem is toe hulle op die foon gesels. Sy en Greg het ’n baie goeie verhouding en sy ondersteun hom in alles wat hy doen.

**Ayla**

Xander se meisie, Ayla, is van Turkye, maar het ’n Suid-Afrikaanse agtergrond. Haar ouers werk vir Doctors Without Borders. Sy het meestal sonder ouerondersteuning grootgeword en werk vir ’n maatskappy wat internetvryheid monitor. Sy het ’n positiewe invloed op Xander en hulle werk goed saam as ’n span. Sy help hom om perspektief te kry as hy impulsiewe besluite neem. Sy ondersteun hom om sy angsaanvalle te beheer.

Sy is baie mooi en Greg het gevoelens vir haar. Greg vermoed dat haar pa dalk die Baker kan wees en dat Xander haar misbruik. Sy weier om dit te glo, maar is tog agterdogtig. Sy wantrou daarna vir Greg en Xander. Toe dit bekend raak dat Greg se vermoede verkeerd was, skaar sy haar aan die kant van Xander en verdwyn aan die einde saam met hom.

**Lisa en Dirk Schutte**

Lisa het donker hare, blou oë en ’n elfiegesig. Sy en Plank het ’n mooi verhouding en droom saam van ’n toekoms. Haar pa, **Dirk Schutte**, is ’n oudpolisieman en veroorsaak wrywing tussen haar en Plank weens sy agterdog aangaande Greg. Hy is die tipiese liefdevolle ouer wat net sy kind teen gevare wil beskerm. Dit blyk later dat hy soos ’n vaderfiguur vir Greg is toe hy vir hom hulp vra aangaande die Baker.

Hy daag onverwags in Italië op om Greg in te lig van sy pa se aanranding en hospitalisasie. Dirk se ondervinding as polisieman help vir Greg en Xander om die raaisel oor die Baker te ontrafel. Met hul terugkeer na Suid-Afrika ondersteun Dirk en Lisa steeds vir Greg wat sy beste vriend aan die dood moes afstaan.

**Ander karakters: Thomas Lawson, Nicole, Tom en Chloe,**

**Thomas Lawson** is ’n ryk sakeman wat in Clifton woon. Hy het tydelik in Dok Pienaar se plek waargeneem as hoof van Lawson Kollege na sy arrestasie. Hy

veroordeel Greg oor sy aandeel in die arrestasie van sy pa en Dok Pienaar. Al John se foto's en aandenkings, wat deel was van die museum in Lawson Kollege, word in sy opdrag aan die Owens terugbesorg.

Thomas Lawson doen sake met verdagte besigheidsmense. Hy is die enigste vriend van Chris Owen wat poog om hulle by te staan en nooi vir Greg na 'n ete. Later blyk dit dat hy dit in opdrag van die Baker gedoen het. Hy bied vir Greg hulp aan en probeer hom oortuig om 'n ander studierigting aan te durf. Sy poging het egter die teenoorgestelde uitwerking op Greg en veroorsaak 'n rusie.

**Nicole** is Greg se eks-meisie wat deur haar ouers weggestoot word omdat sy 'n baba van 'n onbekende man gekry het. Sy probeer om Greg te oortuig om hulle verhouding te hervat, maar hy stel nie belang nie.

Xander en **Tom** is kuberkrakervriende. Tom ontmoet vir Greg in die NG Moederkerk in Stellenbosch om te hoor wat hy van Xander verwag. Hy vertel vir Greg dat Xander ryk is en nie omgekoop kan word nie. Hy word deur die Baker se mense vermoor.

Die kunsstudent, **Chloe**, is 'n Greg se buurvrou en 'n sosiale vlinder. Sy probeer vir Greg by sosiale geleenthede betrek, maar slaag nie daarin nie omdat hy verkies om alleen te wees. Chloe help vir Greg om 'n gemanipuleerde foto vir Xander te stuur.

## Afdeling B: Post-lees

### 1. Kontekstuele vrae per hoofstuk


**<u>Riglyne vir die beantwoording van kontekstuele vrae.</u>**

Die volgende vrae berus op die inhoud van die roman. Dit is uiters noodsaaklik om seker te maak dat jy alle literêre begrippe onder die knie het voordat jy die vrae beantwoord. Indien jy twyfel oor die betekenis van ’n term raadpleeg die glossarium aan die einde van die leesgids.

Aan die einde van elke vraag word die puntetoekenning in ronde hakies (..) aangedui. Stapelvrae (waar ’n paar vrae onder een nommer gevra word) moet in die volgorde soos dit gevra is, beantwoord word. Vrae dek alle kognitiewe vlakke. Kognitiewe vlakke word in vierkantige hakies [...] aangedui.

Vlak 1 en 2 vrae is letterlike vrae wat jy maklik sal kan beantwoord indien jy die inhoud van die roman verstaan. Vlak 3 vrae is effens moeiliker en jy sal afleidings moet maak en bietjie harder moet dink oor situasies en karakters. By vlak 4 en 5 sal daar van jou verwag word om krities en evaluerend te antwoord. Sommige vrae vereis dat jy jou persoonlike opinie moet uitspreek. Dit is belangrik dat jy die inhoud van die roman in gedagte hou in jou antwoord en so volledig as moontlik antwoord.

**<u>Die omslag</u>**



Bestudeer die omslag van die roman en beantwoord die volgende vrae:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Wie dink jy is die persoon op die voorblad? Gee ’n rede vir jou antwoord. | (2) [4] |
| 2. | Wat is die titel van die eerste boek in die reeks? | (1) [1] |
| 3. | Dink jy die ruimte (agtergrond van die foto) is in Suid-Afrika? Motiveer jou antwoord met twee redes. Waar dink jy is dit? | (3) [4] |
| 4. | Lees die inligting op die flapteks (die agterkant van die omslag). | |
| 4.1 | Wie is die hoofkarakter (protagonis) in die roman? | (1) [1] |
| 4.2 | Watter verwagting word daar geskep aangaande die hoofkarakter? | (1) [3] |
| 4.3 | Het die inligting op die flapteks jou geprikkel om die boek te lees? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| 5. | Wie is die uitgewer van die roman? | (1) [1] |

**(10 punte)**

**Motto en proloog**

| | | |
|---|---|---|
| | **<u>Motto</u>** | |
| 1. | Watter atmosfeer skep die eerste motto van die roman? | (1) [3] |
| 2. | Uit watter boek is die uittreksel van die tweede motto? | (1) [1] |
| 3. | Stem jy saam met die derde motto? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| | **<u>Proloog</u>** | |
| 4. | Watter agtergrond skep die terme soos <htlm> en Reboot? | (1) [3] |
| 5. | Wat is die funksie van “reboot” in hierdie roman? | (1) [3] |
| 6. | Wie is die “hy” in die proloog? | (1) [2] |
| 7. | Benoem die beeldspraak in die volgende aanhaling: “Dit is asof die donker hom opraap ...” | (1) [3] |
| 8. | Wat merk die twaalfjarige seun op aangaande die voorkoms van die persone wat by die voordeur wag? | (1) [3] |
| 9. | Hoe reageer die regter toe hy hoor dat Dok die mense by die voordeur gestuur het? | (1) [3] |
| 10. | Verklaar waarom die regter vir sy seun sê dat hy moet gaan wegkruip. (p. 10) | (1) [3] |
| 11. | Hoe sal jy die pa-seunverhouding tussen die regter en sy seun beskryf? | (1) [3] |
| 12. | Benoem die beeldspraak in die volgende aanhaling: “Dis soos monsters wat die huis binnegekom het.” Is die beeldspraak na jou mening effektief? Gee ’n rede vir jou antwoord. | (1) [3]<br>(1) [5] |
| 13. | Gee twee moontlike redes waarom die laaste paragraaf van die proloog kursief gedruk is. | (2) [3] |

**(15 punte)**

**Hoofstuk 1**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Die eerste gedeelte van hoofstuk 1 kom ook op die omslag van die boek voor. Wat dink jy is die rede daarvoor? | (1) [4] |
| 1.2 | In watter voorstad van Johannesburg is Greg se ouerhuis geleë? | (1) [1] |
| 1.3 | Noem twee voordele van die eerstepersoonsverteller. | (2) [2] |
| 1.4 | Watter tipe atmosfeer heers in die Owens se huis? Haal ’n frase op bladsy 13 aan om jou antwoord te motiveer. | (2) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| 1.5 | Waarom het die Owens se vriende nie meer by hulle huis kom kuier nie? Wie is die enigste "vriend" wat hulle wel besoek? | (2) [2] |
| 1.6 | By watter universiteit gaan Greg studeer? | (1) [1] |
| 1.7 | Watter tipe konflik ervaar Greg op bladsy 14? ("die ou wat sy eie pa vir die wolwe gevoer het") | (1) [3] |
| 1.8 | "'n Mens leer ook uit die wedstryde wat jy verloor het ..." Evalueer krities waarom hierdie stelling 'n onderliggende waarheid bevat. | (1) [5] |
| 1.9 | Onder aan bladsy 16 verwys die verteller na "iets" wat sy pa aan hom gesê het die dag van John se dood. Wat dit was, word nie dadelik aan die leser meegedeel nie. Wat is die funksie van die uitsteltegniek? | (1) [3] |
| 1.10 | Hoe voel Greg en sy ma onderskeidelik oor John se dood? Haal bewyse uit hoofstuk 1 aan om jou antwoord te motiveer. | (4) [3] |
| 1.11 | Was Greg se ma gelukkig in die huis na John se dood? Gee twee redes vir jou antwoord. | (2) [2] |

**(18 punte)**

**Hoofstuk 2**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Watter tipe motor het Greg uit sy trustgeld gekoop? | (1) [1] |
| 2.2 | Waarom neem Greg 'n foto van John se foto op bladsy 20? | (1) [2] |
| 2.3 | Watter afleiding kan die leser maak wanneer Greg sy oorlede broer groet en hom verbeel dat hy teruggroet? | (2) [3] |
| 2.4 | Wat is die betekenis van 'n "raakvatter-vrou"? Hoe kontrasteer dit wat Greg se ma die vorige aand vir hom vertel het met haar voorkoms die volgende oggend? | (2) [3] |
| 2.5 | "Jy gaan ver <u>paaie</u> loop ..." en "Die <u>pad</u> is lank ..." (p. 21 Verduidelik wat die verskil in betekenis is van die onderstreepte woorde. | (2) [3] |
| 2.6 | Verklaar wat die boodskap is wat Greg se ma aan hom wil oordra deur die volgende woorde:<br>"Onthou, die dinge wat jy inpak, is die dinge wat jy saam met jou moet dra." | (1) [3] |
| 2.7 | Na watter spoke van die verlede verwys die verteller op bladsy 22? | (2) [3] |
| 2.8 | Waarom het Eckardt Wilken (Xander Gericke) vir Greg misbruik? | (1) [2] |
| 2.9 | Watter konnotasie word daar aan Eckardt (Xander) geheg as Greg hom "die duiwel self" noem? | (1) [3] |
| 2.10 | By watter subtema kan die verwysing "geraamtes uit die kas val" aansluit? | (1) [3] |
| 2.11 | Wie was die waarnemende skoolhoof van Lawson Kollege tydens Greg se vertrek uit die skool? | (1) [1] |
| 2.12 | "Never burn a bridge to find your way in the dark." (p. 24)<br>Verklaar die betekenis van die spreekwoord. | (1) [3] |
| 2.13 | Bestudeer die aanmerkings wat Greg se medeleerlinge by Lawson Kollege gemaak het (p. 25) tydens sy laaste dag by die skool. Dink jy die aanmerkings teenoor Greg is geregverdig? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 2.14 | Verduidelik waarom Greg die blinddoek en die flitslig in sy bedkassie se laai agtergelaat het. | (2) [3] |
| 2.15 | Die memorabilia van John, wat in die gedenkmuseum was, is aan die Owens terugbesorg. (p. 26) Lug jou mening oor die regverdigheid van hierdie handeling van Lawson Kollege? | (1) [5] |

**[20 punte]**

**Hoofstuk 3**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Watter karaktertrek van Greg kom na vore in die konflik tussen hom en die vrou by die gastehuis in Beaufort-Wes? | (1) [3] |
| 3.2 | Die vrou by die gastehuis is nie ’n belangrike karakter in die roman nie. Wat word hierdie tipe karakters genoem? | (1) [2] |
| 3.3 | Greg woon in woonstel nommer 7. Wat is die simboliek van die getal sewe? | (1) [2] |
| 3.4 | Bestudeer bladsy 31 en 32. Lug jou mening oor Chloe Adams se optrede teenoor Greg. | (1) [5] |
| 3.5 | Watter suggestie lê in Plank se woorde: “Is dit Hackers for Hire?” | (1) [3] |
| 3.6 | Wat word geïmpliseer deur die Lawson-handdruk wat Plank vir Greg gee? | (1) [3] |
| 3.7 | Evalueer krities Plank se opinie oor sy studies. (p. 33) | (1) [5] |
| 3.8 | Wat dink jy is die rede waarom Nicole se ouers haar verbied het om met Greg kontak te maak? | (1) [4] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 4**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Watter tyd van die jaar is dit? | (1) [1] |
| 4.2 | Wat is die doel van die O-week? | (1) [2] |
| 4.3 | Benoem die karaktereienskap van Chloe wat na vore kom op bladsy 35. | (1) [3] |
| 4.4 | Dink jy dit is belangrik vir eerstejaarstudente om aan sosiale geleenthede soos Vensters deel te neem? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 4.5 | Verklaar waarom Greg die sosiale geleentheid en die ander studente as ligsinnig en simpel beskou. Gee twee redes. | (2) [3] |
| 4.6 | Wat is die “donker dae” waarna die verteller op bladsy 36 verwys? | (1) [2] |
| 4.7 | Wat dink jy is die rede vir die vreemde vrou se navrae oor Greg? | (1) [4] |
| | Waarom lyk sy bekend vir Greg? | (1) [3] |
| 4.8 | Verduidelik waarom Greg nie wou deelneem aan die Vensters-optrede nie. | (1) [3] |
| 4.9 | Dink jy die uitspraak van die onbekende student by Vensters is geregverdig? | (1) [4] |
| 4.10 | “En ek is alleen tussen al hierdie mense.” Identifiseer die stylfiguur in die aanhaling en verduidelik wat daardeur geïmpliseer word. | (2) [3] |

**(13 punte)**

**Hoofstuk 5**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Verduidelik waarom Greg se pa sou verkies dat hy eerder in ’n besigheidsrigting studeer. | (1) [3] |
| 5.2 | “Hiervoor het jy ’n toring voorgeskrewe boeke nodig.” Benoem en verduidelik die beeldspraak in die onderstreepte | (1) [2] |
| | woorde. | (1) [3] |
| 5.3 | Wat dink jy is die rede waarom Greg nie saam met Chloe wil koffie drink of uitgaan nie? | (1) [4] |
| 5.4 | “Dit beteken ek hoef nie tussen vier ure vasgekeer te sit nie.” (p. 41) Waarna verwys die onderstreepte woord? Watter ander karakter sit wel tussen vier mure vasgekluister? | (2) [2] |

| | | |
|---|---|---|
| 5.5 | Watter sportsoort, wat deel is van sy kursus, geniet Greg die meeste? | (1) [1] |
| 5.6 | Wat is die konnotasie wat geheg kan word aan Greg se ma wat meer "lig" het in haar stem? | (1) [3] |
| 5.7 | Wat is die naam van die meisie waarin Plank belangstel? Gee 'n kort beskrywing van haar. | (2) [2]<br>(1) [5[ |
| 5.8 | "... nou sit jy soos 'n haas in 'n gat." Lug jou mening oor die effektiwiteit van die vergelyking op bladsy 43. | |
| 5.9 | Watter subtema wat in die roman voorkom, word gesuggereer deur die Broken Trust-kunswerk wat Greg voor die SMAC-kunsgalery sien? | (1) [3]<br>(1) [2] |
| 5.10 | Na watter karakter verwys die titel van hierdie hoofstuk? | |
| 5.11 | Dink jy Lisa se pa het regverdig teenoor Greg opgetree? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |

**(14 punte)**

**Hoofstuk 6**

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | "Lyk my ek gaan nooit van my pa ontsnap nie." (p. 46)<br>Waarna verwys Greg in bogenoemde aanhaling? Met wie was Greg ook in konflik oor sy pa se wandade. | (3)[2] |
| 6.2 | Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken om 'n kloon te word van jou pa? Op watter manier is Plank 'n kloon van sy pa? | (2) [2] |
| 6.3 | Haal 'n frase op bladsy 47 aan wat bewys dat daar 'n goeie vertrouensverhouding tussen Greg en Plank is. | (1) [3] |
| 6.4 | Verklaar waarom Greg dink dat Plank 'n beter mens as hy is. | (1) [3] |
| 6.5 | Wat dink jy is die rede waarom Dok en Chris Owen nie die Baker se identiteit wil bekend maak nie? | (1) [4] |
| 6.6 | Haal 'n sin op bladsy 48 aan wat verband hou met die titel. | (1) [3] |
| 6.7 | Verduidelik waarom die laaste sin van hierdie hoofstuk verwys na die motoriese moment van die roman. | (1) [3] |

**(10 punte)**

**Hoofstuk 7**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Noem drie kenmerke wat die Baker volgens Greg kan hê. | (3) [1] |
| 7.2 | Wie is op hierdie stadium Greg se hoofverdagte? Waarom dink hy dat hierdie persoon moontlik in die profiel van die Baker kan val? Gee twee redes. | (3) [2] |
| 7.3 | Dink jy Chris Owen is ook 'n Vrymesselaar? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 7.4 | Op watter wyse kry Greg toegang tot die inligting van PlusUltraMed se webblad? | (1) [2] |
| 7.5 | Verduidelik waarom Greg se huishulp, Doortjie, 'n randkarakter is. | (1) [3] |
| 7.6 | Greg loop oor die houtbrug van die Eersterivier. Watter karakter het vir hom gesê dat jy nie brûe moet verbrand om sy pad in die donker te verlig nie? | (1) [2] |
| 7.7 | Bestudeer Greg se medestudente se optrede teenoor hom op bladsy 54. Dink jy Greg verdien die misnoeë van die ander studente? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 7.8 | Verduidelik waarom die soeke na Greg se hoofverdagte in 'n doodloopstraat eindig. | (1) [3] |

**(12 punte)**

**Hoofstuk 8**

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Hoe slaag Greg daarin om dokter Rian Trollip se vrou se kontaknommer in die hande te kry? | (1) [2] |
| 8.2 | Gee ’n rede waarom Greg vermoed dat dokter Trollip se vrou onder die invloed van drank is. | (1) [2] |
| 8.3 | Waarom het die dokter se vrou nie ’n goeie woord oor haar man te sê nie? | (1) [2] |
| 8.4 | Gee ’n moontlike rede waarom die vrou die oproep beëindig toe sy die Baker se naam hoor. | (1) [3] |
| 8.5 | Wat is die betekenis van kuberdoolhof? | (1) [3] |

**(5 punte)**

**Hoofstuk 9**

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Benoem die stylfiguur wat voorkom in die volgende aanhaling: “Jy is darem ’n emmer vol sonskyn.” | (1) [3] |
| 9.2 | Wat word geïmpliseer wanneer Dain sê: “Ek weet. Almal weet.” (p. 60) | (1) [3] |
| 9.3 | Wat was die doel van Dirk Schutte se besoek aan Greg? | (1) [2] |
| 9.4 | Waaruit kan Greg aflei dat dié persoon by die polisie betrokke was? | (1) [3] |
| 9.5 | Hoe verskil Lisa se pa van Greg se pa? | (1) [3] |
| 9.6 | Is die volgende stelling denotatief of konnotatief? Motiveer jou antwoord. “Daar is goed in hierdie wêreld wat donkerder is as donker.” | (2) [3] |
| 9.7 | Noem ’n karaktereienskap van Dirk Schutte op bladsy 62. | (1) [3] |
| 9.8 | Waarom is Dirk Schutte ge “board”? | (1) [1] |
| 9.9 | Dink jy dat Dirk Schutte emosioneel herstel het na sy uittrede uit die polisiediens? Gee twee redes vir jou antwoord. | (2) [4] |

**(11 punte)**

**Hoofstuk 10**

| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | Watter verwagting word by die leser geskep deur die titel van die hoofstuk? | (1) [2] |
| 10.2 | Waarom is Plank en Lisa weer haaks? | (1) [2] |
| 10.3 | Wie dink jy is die man op die motorfiets wat Greg se woonstel dophou? Motiveer jou antwoord. | (2) [4] |
| 10.4 | Verduidelik wat Greg in die pakkie kry. | (2) [1] |
| 10.5 | “Die polisie kon <u>hom</u> nie kry nie. Maar ek gaan.” Na wie word daar in die onderstreepte woord verwys? Benoem die karaktereienskap van Greg wat in die tweede sin voorkom. | (2) [3] |
| 10.6 | Watter afleidings maak Greg en Plank op grond van die voorkoms van die boek wat Greg op bladsy 67 uit die koevert haal? Noem twee dinge. | (2) [1] |
| 10.7 | Bestudeer die diagram op bladsy 67. Is die gebruik van die diagram in die hoofstuk effektief? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |

**(11 punte)**

**Hoofstuk 11**

| | | |
|---|---|---|
| 11.1 | Wat is die betekenis van Valkyrie of Walkure? | (1) [2] |

| | | |
|---|---|---|
| 11.2 | Verduidelik waarom Greg op bladsy 69 moeg is. | (1) [3] |
| | Teen watter maand van die jaar speel hoofstuk 11 af? Haal ’n sin | |
| 11.3 | op bladsy 69 aan om jou antwoord te staaf. | (2) [3] |
| | Lug jou mening oor die gebruik van Ritalin deur studente. | (1) [5] |
| 11.4 | Waarheen gaan Greg vir die Paasnaweek? | (1) [1] |
| 11.5 | “’n Onbekende vrou wil nog met my praatjies maak oor my pa, | |
| 11.6 | <u>maar ek ignoreer haar soos ’n stopstraat.”</u> Verduidelik die ironie | |
| | in die onderstreepte woorde. | (1) [3] |
| | Waarmee ry Greg na Sandhurst? | (1) [2] |
| 11.7 | Dink jy die laaste sin in hierdie hoofstuk is effektief? Motiveer jou | |
| 11.8 | antwoord. | (1) [4] |

**(9 punte)**

**Hoofstuk 12**

| | | |
|---|---|---|
| 12.1 | Waaruit kan Greg aflei dat die man wat vir Greg by die deur ontvang daar oornag? | (1) [2] |
| 12.2 | “’n Bom ontplof in my kop.” Benoem hierdie stylfiguur. | (1) [3] |
| 12.3 | Noem twee traumatiese gebeure in die Owen-gesin se lewens wat hulle beroof het van geluk en sorgeloosheid. | (2) [3] |
| 12.4 | Noem die rede wat Greg se ma gee vir André Symington se teenwoordigheid in hulle huis. | (1) [2] |
| 12.5 | Wat is die naam van die gevangenis waar Dok en Chris Owen agter tralies gehou word? Verduidelik waarom hulle juis in hierdie tronk is. | (2) [1] |
| 12.6 | Verduidelik die betekenis van die volgende sin: “Dit is ’n plek waar hoop en wanhoop aan mekaar vasgeketting is.” | (1) [3] |
| 12.7 | Hoe kontrasteer die voorkoms van Greg se pa op bladsy 76 met sy voorkoms op bladsy 27? Waaraan kan hierdie veranderde voorkoms toegeskryf word? | (3) [3] |
| 12.8 | Is dit aanvaarbaar dat Chris Owen vir Greg kwalik neem vir sy tronkstraf? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| 12.9 | Verduidelik hoe Chris Owen op die name van die Baker en Valkyrie onderskeidelik reageer. (p. 79) | (2) [2] |

**(14 punte)**

**Hoofstuk 13**

| | | |
|---|---|---|
| 13.1 | Wie is die eienaar van die rooi motor wat vir Greg voor hulle huis inwag? | (1) [1] |
| 13.2 | Wat kan jy in verband met die meisie se onversorgde voorkoms op bladsy 81 aflei? | (1) [3] |
| 13.3 | “en haal **’n bondeltjie komberse** uit.” (p. 81) Benoem die stylfiguur in die donker gedrukte woorde. | (1) [3] |
| 13.4 | Die meisie kan nie eers onthou wat die pa van haar baba se naam is nie. Verskaf een woord om haar gedrag te omskryf? | (1)[2] |
| 13.5 | Het jy empatie met die meisie en haar omstandighede? Gee ’n rede vir jou antwoord. | (1) [5] |
| 13.6 | Verduidelik waarom die meisie onsuksesvol was met die doelwit wat sy wou bereik. | (1) [2] |
| 13.7 | Daar word op bladsy 24 en 84 na Thomas Lawson verwys. Waarom is dit ironies dat Greg se ma hom aanmoedig om na die Lawsons se ete te gaan. Gee twee redes. | (2) [3] |
| 13.8 | “*Jy en jou hacker buddy moet my uitlos*.” | |

| | | |
|---|---|---|
| | Wie is Greg se "hacker buddy"? Wie het moontlik opdrag gegee vir die boodskap wat aan die binnekant van Greg se skuifdeur geskryf is? Wat dink Greg het die persoon wat in sy woonstel was gesoek? | (3) [2] |
| 13.9 | Watter tipe konflik ervaar Greg wanneer hy oorweeg om vir Xander te nader om hom te help met sy soektog na die Baker? Wat is die oorsaak van hierdie tipe konflik? | (2) [3] |
| 13.10 | Dink jy dit is regverdig dat Greg vir Xander metafories aan die duiwel gelykstel? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |

**(14 punte)**

**Hoofstuk 14**

| | | |
|---|---|---|
| 14.1 | "... my gesig so glad soos 'n rekenaarskerm." (p. 87) Evalueer die gepastheid van hierdie vergelyking van die verteller. | (1) [5] |
| 14.2 | Hoe voel Greg oor die ete by die Lawson woning? | (1) [3] |
| 14.3 | Verduidelik waarom Thomas Lawson se vrou 'n "trofee-vrou" is. | (1) [3] |
| 14.4 | Noem drie van die belangrike gaste wat by die Lawsons se ete was. | (3) [1] |
| 14.5 | Beskryf die man wat met Greg op die balkon gesels. Wat is die man se naam? | (2) [2] |
| 14.6 | Watter een van die dinge wat die man as kind gedoen het, sal jy nie as kattekwaad beskou nie? Motiveer jou antwoord. | (2) [3] |
| 14.7 | Gee twee redes vir die konflik tussen Greg en Thomas Lawson. | (2) [3] |
| 14.8 | Op watter manier maak Greg kontak met Xander? | (1) [1] |

**(13 punte)**

**Hoofstuk 15**

| | | |
|---|---|---|
| 15.1 | Wat is 'n palindroom? Verklaar die betekenis van die boodskap wat Xander vir Greg gestuur het. Wat dink jy wil Xander met hierdie boodskap bereik? | (2) [2]<br>(1) [3] |
| 15.2 | Hou Greg van Lisa? Gee 'n rede vir jou antwoord. | (1) [2] |
| 15.3 | Watter handeling (p. 97) van Greg toon dat hy goed opgevoed is? | (1) [3] |
| 15.4 | Greg vertel vir Lisa 'n paar dinge oor Plank. Noem een van die staaltjies wat Greg vir haar vertel. | (1) [1] |
| 15.5 | Dink jy dit is aanvaarbaar dat Greg persoonlike dinge, waaroor Plank skaam is, aan Lisa vertel? Motiveer jou antwoord. | |
| 15.6 | Watter invloed het Lisa op Plank? | (1) [4] |
| 15.7 | Dink jy Greg se belydenis aan Xander aan die einde van hierdie hoofstuk is opreg? Verduidelik. | (1) [3]<br>(1) [4] |

**(9 punte)**

**Hoofstuk 16**

| | | |
|---|---|---|
| 16.1 | Waarom word Tom as 'n skim uit die verlede beskou? | (1) [2] |
| 16.2 | Watter verband is daar tussen Tom se T-hemp en sy vriendskap met Xander? Noem twee dinge. | (2) [3] |
| 16.3 | Waarom dink jy het Tom vir Greg in die NG Moederkerk ontmoet. | |
| 16.4 | Watter vreemde inligting omtrent die kerk deel Tom vir Greg mee? | (1) [4] |
| 16.5 | Gee twee moontlike redes waarom Greg se benadering om Xander deur middel van Tom te oorreed om met hom saam te werk, nie geslaagd is nie. | (1) [1]<br>(2) [3] |

**(7 punte)**

**Hoofstuk 17**

| | | |
|---|---|---|
| 17.1 | Waar steek Greg die gebrande boek in sy woonstel weg? | (1) [2] |
| 17.2 | Met wie moet Greg sy kos deel? | (3) [1] |
| 17.3 | Waarom noem Chloe vir Greg ’n sluiper? | (1) [3] |
| 17.4 | Hoe wil Chloe Greg se kennis van kuberkraking tot haar eie voordeel gebruik? | (1) [3] |
| 17.5 | Watter aaklige ontdekking maak Greg die volgende oggend op pad klas toe? | (1) [3] |

**(7 punte)**

**Hoofstuk 18**

| | | |
|---|---|---|
| 18.1 | Waarom dink Greg die polisie sal nie bewyse aangaande Tom se dood kry nie? | (1) [3] |
| 18.2 | Wie is die gasprofessor in Greg se fisiologieklas? | (1) [1] |
| 18.3 | Stem jy saam met die gasprofessor dat Greg onkundig is oor die gebruik van opkikkers? (p. 108-109) Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| 18.4 | Noem twee waarskuwings wat die Baker aan Greg rig om sy soektog na hom te laat vaar. Watter een van hierdie waarskuwings ontstel hom die meeste? Motiveer jou antwoord. | (2) [2]<br>(2) [3] |
| 18.5 | Waarom wonder Greg of Tom sy lyk toevallig op daardie spesifieke plek agtergelaat is? | (1) [3] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 19**

| | | |
|---|---|---|
| 19.1 | Verduidelik waarom Xander ’n “hoodie” dra terwyl hy vir Greg dophou? | (1) [1] |
| 19.2 | Waarom dink jy is Xander in Stellenbosch? | (1) [4] |
| 19.3 | In watter rigting hardloop Xander toe hy sien dat Greg hom opmerk? Gee ’n moontlike rede waarom hy weghardloop? | (1) [1]<br>(1) [3] |
| 19.4 | Waarom kan Greg nie vir Xander inhaal nie? | (1) [2] |

**(5 punte)**

**Hoofstuk 20**

| | | |
|---|---|---|
| 20.1 | Benoem die volgende beeldspraak: | |
| 20.1.1 | “… met die venstertjies wat die plek soos ’n mondfluitjie laat | |
| 20.1.2 | lyk.” | (2) [2] |
| 20.2 | “… kom Plank maar nie weg van hierdie koekiedrukkerlewe nie.” | |
| | Plank noem vir Greg “The master of disaster.” Stem jy saam met | (1) [4] |
| 20.3 | hierdie uitdrukking? Motiveer jou antwoord. | |
| | Wie dink Greg het vir hom die boodskap gestuur om hom te | (1) [1] |
| 20.4 | ontmoet by die inligtingsentrum in Markstraat? (p. 119) | |
| | Bestudeer die taalgebruik van die gevangenes in die | |
| | aanhoudingselle op bladsy 121 en 122. | (2) [3] |
| 20.5 | Watter tipe taal praat hulle? Wat kan jy daaruit aflei? | |
| | Hoe is dit moontlik dat die persoon in die aanhoudingselle vir | |
| | Greg op sy naam aanspreek al ken hy hom nie? Motiveer jou | (1) [3] |
| 20.6 | antwoord. | |
| | Verduidelik, in jou eie woorde, die betekenis van die twee laaste | (2) [3] |
| 20.7 | sinne op bladsy 122. | |
| | Dink jy Greg sal die soektog na die Baker laat vaar op grond van | |
| | die waarskuwings wat hy van die Baker ontvang? Gee ’n rede vir | (1) [4] |
| | jou antwoord. | |

**(10 punte)**

**Hoofstuk 21**

| | | |
|---|---|---|
| 21.1 | Watter uitwerking het die dreigement uit die aanhoudingselle op Greg? Waarom wil hy nie sy pa bel om hom te waarsku nie? | (2) [3] |
| 21.2 | Noem die karaktereienskap wat Greg openbaar toe hy die swart motor sien wat hom agtervolg? (p. 123) | (1) [3] |
| 21.3 | Watter moontlike verklaring is daar vir die swart motor wat geen nommerplate het nie. | (1) [3] |
| 21.4 | Hoe slaag Greg daarin om sy agtervolger af te skud? | (1) [1] |
| 21.5 | Dink jy Greg het 'n goeie besluit geneem om vir Dirk Schutte te gaan spreek? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 21.6 | Wat is die betekenis van die "Gordiaanse knoop" op bladsy 126? | |
| 21.7 | Dirk moedig vir Greg aan om voort te gaan met sy soektog na die Baker. Verduidelik die ironie hiervan in die lig van hulle vorige ontmoetings. | (1) [3]<br>(1) [3] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 22**

| | | |
|---|---|---|
| 22.1 | Watter konnotasie word aan Xander se naam geheg op bladsy 127? | (1) [3] |
| 22.2 | By wie kry Greg die Ritalin? | (1) [2] |
| 22.3 | Waarom wil Greg aanvanklik die e-pos (p. 128) ignoreer? Wie is die afsender van hierdie e-pos? | (2) [2] |
| 22.4 | Na watter video verwys Xander? (p. 128) | (1) [1] |
| 22.5 | Greg verafsku die video van regter Gericke se teregstelling, maar terselfdertyd voel hy ook verlig. Verduidelik hierdie stelling. | (2) [3] |
| 22.6 | Wie dink jy het die video vir Xander gestuur? Motiveer jou antwoord. | (2) [4] |
| 22.7 | Op watter wyse skakel die proloog met hierdie hoofstuk? | (1) [3] |

**(10 punte)**

**Hoofstuk 23**

| | | |
|---|---|---|
| 23.1 | Watter verskil is daar tussen Dok se wreedheid in regter Gericke se teregstelling en sy betrokkenheid by Project Nursery Rhyme? | (2) [3] |
| 23.2 | Die video wat die Baker aan Xander gestuur het, het die teenoorgestelde uitwerking op hom. Verduidelik hierdie stelling. | (2) [3] |
| 23.3 | Verduidelik waarom die gesprek tussen Xander en Greg op bladsy 134 kursief gedruk is. | (1) [2] |
| 23.4 | "Die **jakkals** is nou in die skaapkraal." Verduidelik wat die konnotatiewe betekenis is van hierdie aanhaling. | (1) [3] |
| 23.5 | Verklaar waarom Xander vir Greg 'n skootrekenaar stuur al het hy self een? | (1) [3] |
| 23.6 | Haal 'n voorbeeld van klanknabootsing op bladsy 135 aan. | (1) [2] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 24**

| | | |
|---|---|---|
| 24.1 | Wat is in die tweede pakkie wat Greg ontvang? | (4) [1] |
| 24.2 | Noem twee voordele van biohacking-toerusting. (p. 137)<br>Dink jy Greg sal toelaat dat 'n transpondeerder in sy hand geplant word? Motiveer jou antwoord. | (2) [2] |
| 24.3 | Wat is Xander se opdrag aan Greg aangaande die transpondeerder? | (1) [4] |

| | | |
|---|---|---|
| 24.4 | Waarom wil Xander 'n foto van die inplanting in Greg se hand hê? | (1) [2] |
| 24.5 | Verduidelik wat die rede is waarom Xander aandring op 'n transpondeerder en nie 'n gewone "password" vir Greg gee om | (1) [3] |
| 24.6 | die skootrekenaar te ontsluit nie. | (1) [3] |

**(10 punte)**

**Hoofstuk 25**

| | | |
|---|---|---|
| 25.1 | Hoe sluit die ruimte van Chloe se woonstel op bladsy 139 aan by haar persoonlikheid? | (1) [3] |
| 25.2 | Wat bied Greg aan Chloe aan inruil vir haar hulp om die foto te manipuleer? | (1) [2] |
| 25.3 | Wat is Greg se doelwit met die gemanipuleerde foto? | (2) [3] |
| 25.4 | Dink jy dat die gemanipuleerde foto vir Xander sal flous? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 25.5 | Bestudeer Greg se houding aangaande die politieke omstandighede op bladsy 141. Dink jy Greg se houding is aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| 25.6 | Wat vind Greg in sy woonstel toe hy terugkom van Chloe af? Hoe kan hierdie omstandighede sy planne met Xander verongeluk? | (1) [2]<br>(1) [3] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 26**

| | | |
|---|---|---|
| 26.1 | Verduidelik waarom Plank die transpondeerder in sy hand geplant het. | (2) [2] |
| 26.2 | Noem twee karaktereienskappe wat Plank openbaar deur sy handeling om die transpondeerder in sy hand te plant. | (2) [3] |
| 26.3 | Verduidelik waarom die verwysing na "Hannibal the Cannibal" intertekstueel is. Wat is die verband tussen hierdie verwysing en die toestand van die woonstel? | (2) [3] |
| 26.4 | Waarom kan die wond op Plank se vel septies word? | (1) [1] |
| 26.5 | Wat is Plank se voorstel aangaande die transpondeerder in sy hand? Waarom is dit nie 'n goeie oplossing nie? | (1) [1]<br>(1) [3] |
| 26.6 | Verduidelik waarom Plank nie gewys het dat hy pyn het toe Greg die wond ontsmet het nie? | (1) [2] |

**(10 punte)**

**Hoofstuk 27**

| | | |
|---|---|---|
| 27.1 | "Jy is darem so <u>gullible</u>. Ek het die transponder <u>geactivate</u>. Nou is jy myne." | |
| 27.1.1 | Wat is die betekenis van "gullible"? | (1) [2] |
| 27.1.2 | Wat is die doel van die transpondeerder? | (1) [1] |
| 27.1.3 | Is Xander reg as hy dink dat hy nou vir Greg besit? Motiveer jou antwoord. | (1) [3] |
| 27.1.4 | Lug jou mening oor die effektiwiteit van die woorde in die aanhaling. | (1) [5] |
| 27.2 | Verskaf 'n rede waarom Greg sy persoonlike skootrekenaar en sy selfoon moet vernietig. | (1) [2] |
| 27.3 | Waar wil Xander vir Greg ontmoet? | (1) [1] |
| 27.4 | Bestudeer bladsy 147. Watter tyd van die jaar dink jy is dit? Gee 'n rede vir jou antwoord. | (2) [3] |
| 27.5 | Greg moet kies tussen die eksamen en die Baker. Wat sou jy doen indien jy in dieselfde omstandighede was? | (1) [5] |

| | | |
|---|---|---|
| 27.6 | Verduidelik waarom Plank saam na Turkye moet reis. Wat moet hy doen om geld te kry vir sy vliegtuigkaartjies? | (2) [2] |
| 27.7 | Beskryf die kontras tussen Plank en Greg se besoek aan Turkye. | (1) [3] |

**(12 punte)**

**Hoofstuk 28**

| | | |
|---|---|---|
| 28.1 | Waarom is Greg paranoïes oor die mense op die lughawe? | (1) [3] |
| 28.2 | Wat is die "ander rookgoed" wat Plank nie mag saamvat nie. | (1) [1] |
| 28.3 | Vir wie bel Greg op die lughawe? | (1) [1] |
| 28.4 | Verduidelik waarom Greg se verwysing na "Suicide Sunday" onvanpas is. | (1) [3] |
| 28.5 | Wat bedoel Ma as sy sê dat sy haar lewe lank verlang? | (1) [3] |
| 28.6 | Dink jy dit was wys van Greg om sy ma te skakel voordat hy die selfoon vernietig het soos Xander beveel het. Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 28.7 | Hoe kontrasteer die ruimte van die aankomssaal van die Istanboel-lughawe met Greg se gemoedstoestand? | (2) [3] |
| 28.8 | Waarna verwys die spreekwoord: "Lux hominum vita"? Gee twee redes waarom Greg nie aan die spreekwoord glo nie? | (1) [2] (2) [3] |
| 28.9 | Wat is die moontlike rede waarom Xander nie vir Greg by die lughawe wil ontmoet nie? Waar moet Greg vir Xander ontmoet? | (2)[3,2] |

**(13 punte)**

**Hoofstuk 29**

| | | |
|---|---|---|
| 29.1 | "Dit is 'n lewenskragtige stad <u>wat wydsbeen staan oor Asië en Europa</u>." Benoem die beeldspraak in die onderstreepte woorde. Lug jou mening oor die geslaagdheid van die beeldspraak. | (1) [2] (1) [5] |
| 29.2 | Wat is kenmerkend in die argitektuur van Istanboel? | (2) [2] |
| 29.3 | Verklaar waarom Plank nie saam met Greg in die Basilica Cistern kan ingaan nie. | (1) [3] |
| 29.4 | Wat is die ander naam vir die Basilica Cistern? Waarom is die naam gepas vir dié besienswaardigheid? | (1) [1] (1) [3] |
| 29.5 | Verduidelik waarom die ruimte in die ontmoetingsplek 'n geskikte ontmoetingsplek is vir Xander. | (1) [3] |
| 29.6 | Slange is 'n deurlopende motief in die roman. Wat is die funksie van die Medusa-kop in hierdie hoofstuk? | (1) [3] |
| 29.7 | Bestudeer die mite oor Medusa op bladsy 157. Dit blyk dat Medusa eintlik 'n onskuldige slagoffer was van die woede van Athene. Noem twee onskuldige slagoffers van die Baker. | (2) [2] |
| 29.8 | "Wie weet of ek nou vir 'n slang staan en wag?" Is die slang in hierdie aanhalig denotatief of konnotatief? Verduidelik waarom Greg na die persoon as 'n slang verwys. | (2) [3] |
| 29.9 | Wat bedoel Xander as hy vir Greg vra of hy al "online" is? Hoe pas Xander se persoonlikheid by die verwysing aan. | (2) [3] |

**(15 punte)**

**Hoofstuk 30**

| | | |
|---|---|---|
| 30.1 | Waarom skrik Greg toe Xander se hand na sy broeksak beweeg? | (1) [2] |
| 30.2 | Verduidelik waarom die ontmoeting tussen Greg en Xander gespanne is. | (1) [3] |
| 30.3 | Watter karaktereienskap van Xander kom na vore wanneer hy vir Greg dwing om te sê dat hy reg is? | (1) [3] |
| 30.4 | Gee 'n rede waarom Xander sku is vir foto's. | (1) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| 30.5 | Verklaar waarom Xander Greg se SIM-kaart weggooi. | (1) [2] |
| 30.6 | Wat is Xander se reaksie toe hy agterkom dat Greg nie die transpondeerder in sy hand geplant het nie? Dink jy sy optrede is aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord met twee redes. | (1) [3] (2) [4] |
| 30.7 | Noem twee subtemas wat op bladsy 161 waarneembaar is. | (2) [3] |

**(10 punte)**

**Hoofstuk 31**

| | | |
|---|---|---|
| 31.1 | Noem twee besienswaardighede in Istanboel. (bladsy 163) | (2) [1] |
| 31.2 | Greg en Plank is op hul eie in Istanboel. Wat besluit hulle om te doen? | (2) [2] |
| 31.3 | Waarom wil Plank nie sy kinders na Lawson Kollege toe stuur nie? (p. 165) | (1) [3] |
| 31.4 | Dink jy Greg is bly om vir Xander te sien? (p. 166) Gee ’n rede vir jou antwoord. | (1) [4] |
| 31.5 | Waarom noem Xander vir Plank “die klasclown”? | (1) [3] |
| 31.6 | Wie het vir Xander omgepraat om vir Greg nog ’n kans te gee? | (1) [2] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 32**

| | | |
|---|---|---|
| 32.1 | Aan watter plek in Suid-Afrika dink Greg as hy die ruimte van die Balat-distrik waarneem? Watter ooreenkoms is daar tussen die twee ruimtes? | (2) [2] |
| 32.2 | Noem drie tale wat Ayla kan praat. | (3) [1] |
| 32.3 | Watter tipe atmosfeer skep die geur van wierook in Xander en Ayla se woonstel? | (1) [3] |
| 32.4 | Waar werk Ayla se ouers? | (1) [1] |
| 32.5 | Verklaar waarom Greg vir Plank wou keer om die limonade te drink. | (1) [3] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 33**

| | | |
|---|---|---|
| 33.1 | “Genoeg van al die <u>mooi-moois</u>.” Gee ’n sinoniem vir die onderstreepte woord. | (1) [2] |
| 33.2 | Wat is die ooreenkoms tussen Greg en Xander se voorneme om die Baker op te spoor? | (1) [3] |
| 33.3 | Lug jou mening oor die gebrek aan vryheid van spraak in Turkye. (p. 173) | (1) [5] |
| 33.4 | Wat is die oorsaak en gevolg van die uiterlike konflik tussen Greg en Xander op bladsy 173-174? Hoe word die konflik ontlont? | (4) [3] |
| 33.5 | Wat was die werklike rede vir Xander se besoek aan Stellenbosch? | (1) [2] |
| 33.6 | Dink jy dit is slim van Greg om nie vir Xander van die gebrande boek te vertel nie? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 33.7 | Wat doen Xander soggens vir ontspanning? | (1) [1] |

**(10 punte)**

**Hoofstuk 34**

| | | |
|---|---|---|
| 34.1 | Watter verband is daar tussen die inhoud van hiérdie hoofstuk en die titel van die roman? | (1) [3] |
| 34.2 | | |

| | | |
|---|---|---|
| | Verduidelik die ironie in Plank se idee van die donker web (p. 178) en die werklikheid. | (1) [3] |
| 34.3 | Wat dink jy is die funksie van die verwysing na die spesifieke handelsnaam van die pen. (Montblanc-pen/ Leidraad: lees weer die proloog) | (1) [4] |
| 34.4 | Bestudeer die skets op bladsy 180. Dink jy die gebruik van die skets is funksioneel? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 34.5 | Watter voordeel van die donker web vergemaklik Greg-hulle se soektog na die Baker? | (1) [3] |
| 34.6 | Noem twee van Xander se voorskrifte op bladsy 182-183 aangaande die gebruik van die donker web. | (2) [2] |
| 34.7 | Verduidelik die ironie in die volgende woorde: "Moenie op weird goed klik nie." (p. 183) | (1) [3] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 35**

| | | |
|---|---|---|
| 35.1 | Met wie het Plank vriende gemaak? Waarom is Xander kwaad hieroor? | (2) [3] |
| 35.2 | Evalueer die regverdiging in Xander se handeling om Plank se selfoon te breek? | (2) [5] |
| 35.3 | Hoe hanteer Plank die konflik tussen hom en Xander? | (1) [2] |
| 35.4 | Noem twee kenmerke van die Baker wat Greg-hulle identifiseer op bladsy 187-188. | (2) [2] |
| 35.5 | Hoe beplan hulle om die Baker in die hande te kry op die donker web? | (1) [2] |
| 35.6 | "Die stilte is dawerend." Benoem die stylfiguur. | (1) [3] |
| 35.7 | Waarom is dit noodsaaklik vir die groep om navorsing te doen? | (1) [3} |

**(10 punte)**

**Hoofstuk 36**

| | | |
|---|---|---|
| 36.1 | Verduidelik waarom Xander kwaad is oor die geheimhouding van die gebrande boek? | (1) [3] |
| 36.2 | Watter leidraad vind Xander in die boek? Watter afleiding maak hy daaruit? | (2) [3] |
| 36.3 | Wat is Plank se reaksie toe hy hoor dat Xander weet van die gebrande boek? Hoe weet hy van die boek? | (2) [2] |
| 36.4 | Wat is die gevolg van die ontdekking van die boek? | (1) [3] |

**(6 punte)**

**Hoofstuk 37**

| | | |
|---|---|---|
| 37.1 | Bestudeer die verteller se vergelyking in die tweede paragraaf van bladsy 196. Is die vergelyking gepas binne die raamwerk van Greg se agtergrond? Motiveer jou antwoord. Verduidelik wat met "tackle" bedoel word. | (1) [4]<br>(1) [3] |
| 37.2 | Watter produk word op die donker web verbied? | (1) [1] |
| 37.3 | Het Ayla op bladsy 197 rede om beangs te wees? Gee 'n rede vir jou antwoord. | (1) [3] |
| 37.4 | Watter invloed het Ayla op Xander? | (1) [2] |
| 37.5 | "Okei, wie is Novichok?" Wat kan die leser aflei oor hierdie vraag van Plank? | (1) [3] |

**(6 punte)**

**Hoofstuk 38**

| | | |
|---|---|---|
| 38.1 | Wat is Novichok? | (1) [1] |
| 38.2 | Op watter wyse wil hulle Novichok gebruik in hulle soektog na die Baker? Noem twee ander plekke waar hulle aas kan uitgooi vir die Baker. | (1) [3] |
| 38.3 | Wie was aanvanklik verantwoordelik vir die ontstaan van die donker web? Gee 'n rede waarom hulle die donker web geskep het. (p. 201) | (2) [1]<br>(2) [2] |

**(6 punte)**

**Hoofstuk 39**

| | | |
|---|---|---|
| 39.1 | Xander stel voor dat hulle "Heilige Wysheid" gaan opsoek. Verklaar die tweeledige betekenis van hierdie woorde. | (2) [3] |
| 39.2 | Bestudeer die laaste paragraaf op bladsy 204. Wat het Greg en Xander albei verloor? | (2) [3] |
| 39.3 | Wie of wat is Gli? | (1) [1] |
| 39.4 | Wat gaan wys Xander vir Greg op bladsy 205? Waarom dink jy doen hy dit? | (1) [1]<br>(1) [4] |
| 39.5 | Waarvan is water simbolies? | (1) [2] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 40**

| | | |
|---|---|---|
| 40.1 | Waaroor voel Greg skuldig op bladsy 207? | (1) [2] |
| 40.2 | Verklaar waarom die boodskappe van die Chinese dadelik uitgeskakel word. (p. 208) | (1) [3] |
| 40.3 | Waarom is Elsewhere op bladsy 208 en 209 met 'n hoofletter geskryf? | (1) [3] |
| 40.4 | Is Plank van enige ware hulp in hul soektog na die Baker? Motiveer jou antwoord. | (1) [3] |

**(4 punte)**

**Hoofstuk 41**

| | | |
|---|---|---|
| 41.1 | Waarom is Greg geskok oor Elsewhere se webblad? | (1) [3] |
| 41.2 | Watter verband is daar tussen die aanhaling op die inleidingsblad van Elsewhere en die motto van *Donker Web*? | (1) [3] |
| 41.3 | Watter intertekstuele verwysing is daar in hierdie hoofstuk? | (1) [2] |
| 41.4 | Van watter probleem van Xander vind Greg uit in sy gesprek met Ayla? (p. 214) | (1) [2] |
| 41.5 | Hoe het Xander en Ayla ontmoet? | (1) [1] |
| 41.6 | Wat kan jy aflei van Ayla se verhouding met haar ouers? | (1) [3] |
| 41.7 | Watter program gebruik Greg wat hulle toegang kan verleen tot Elsewhere se webtuiste? Waarom kan Greg nie dadelik die program gebruik om sy teorie te toets nie? | (2) [2] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 42**

| | | |
|---|---|---|
| 42.1 | Waaruit kan jy aflei dat Xander net so opgewonde soos Greg is toe hulle die verwelkomingsboodskap van die Baker kry? | (1) [3] |
| 42.2 | Hoe voel Xander oor die Ritalin wat Greg gebruik? | (2) [2] |
| 42.3 | Wat doen Greg en Xander om die spanning te verlig? | (1) [1] |
| 42.4 | Hoekom is Greg verbaas as Xander die kind in die straat optel? | (1) [3] |
| 42.5 | Greg se oplossing vir die probleem om toegang te kry tot Elsewhere se webblad is merkwaardig, tog maak hy of dit | |

| | | |
|---|---|---|
| | onbenullig is. Watter karaktereienskap van hom kan jy hieruit aflei? | (1) [3] |
| 42.6 | Dink jy Greg steek iets weg? (p. 221) Gee 'n rede vir jou antwoord. | (1) [4] |
| 42.7 | Hoe dink jy het die Baker dit reggekry om vas te stel dat dit Xander en Greg is wat die boodskap vir hom gestuur het? | (1) [4] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 43**

| | | |
|---|---|---|
| 43.1 | Watter onmiddellike reaksie het die Baker se uitdaging tot gevolg? Noem die karaktereienskap van Xander wat te bespeur is wanneer hy twee uur later terugkeer na die woonstel. | (2) [2] |
| 43.2 | Noem drie maniere wat Xander en Greg oorweeg om die Baker se identiteit vas te stel. (p. 224-226) | (3) [3] |
| 43.3 | Verduidelik waarom Xander se hand bewe toe hy die muiswyser na die video-ikoon toe beweeg? (p. 226) | (1) [3] |
| 43.4 | Dink jy Greg en Xander vul mekaar as spanmaats aan of werk elke individu op sy eie? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 43.5 | Verduidelik kortliks hoe hulle beplan om deur middel van 'n video die Baker se IP-adres vas te stel. | (2) [2] |
| 43.6 | Waar in die wêreld bevind die Baker hom op die stadium wat Xander en Greg die IP-adres vasstel? | (1) [1] |

**(10 punte)**

**Hoofstuk 44**

| | | |
|---|---|---|
| 44.1 | Watter struikelblok is daar in die weg van Greg en Plank om na Italië te reis? Hoe word die probleem oorkom? | (2) [2] |
| 44.2 | Watter karakter glo dat tegnologie vir altyd sal bly bestaan? | (1) [1] |
| 44.3 | "Hoe meer tegnologie vorder, hoe minder menslik word ons. Dis hoekom mense so verlore voel. * Ons weet nie meer wie ons is nie, waarin ons moet glo nie, wat ons waardes is nie." | |
| 44.3.1 | Stem jy saam met die eerste onderstreepte sin? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| 44.3.2 | Noem die subtema wat deur die * onderstreepte frase uitgehef word. | (1) [3] |
| 44.4 | Dink jy die vergelyking wat Xander van die muis in die muisval tref, is effektief? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |

**(6 punte)**

**Hoofstuk 45**

| | | |
|---|---|---|
| 45.1 | Wat doen Greg en Plank om die tyd om te kry terwyl hulle vir hulle paspoorte wag? Hoe lank sal dit neem voordat hulle hul paspoorte ontvang? | (2) [2] |
| 45.2 | Wat koop Greg vir sy ma as geskenk? | (1) [1] |
| 45.3 | Die Basilica Cistern was tydens Greg se eerste besoek 'n keerpunt tussen hom en Xander. Op watter wyse verlig Plank die erns van die situasie? (p. 232) | (1) [3] |
| 45.4 | Evalueer krities Plank se persoonlikheid op grond van sy gesprek met Greg op bladsy 233. | (1) [5] |
| 45.5 | "Turkse lekkers wat kreun van die suiker." (p. 234) Benoem en verduidelik die beeldspraak. | (2) [2] |
| 45.6 | | (1) [4] |

| | | |
|---|---|---|
| 45.7 | Dink jy dat Greg en Plank probleme sal ondervind by die doeane met hulle paspoorte? Motiveer jou antwoord.<br>Hoe word die ontspanne atmosfeer op bladsy 235 onderbreek? | (1) [3] |

**(9 punte)**

**Hoofstuk 46**

| | | |
|---|---|---|
| 46.1 | Gee drie redes waarom Plank oortuig is dat hulle moeilikheid het. | (3) [2] |
| 46.2 | Noem twee gevolge op bladsy 237 van Plank se misstap. | (2) [2] |
| 46.3 | Hoe slaag hulle daarin om van die persone wat aan die deur hamer te ontvlug? | (2) [2] |
| 46.4 | Xander stel vir Greg op bladsy 240 voor 'n keuse. Hy moet kies tussen hom en Plank. Vir wie kies Greg? Verduidelik waarom hy dié keuse uitvoer. Waarom veroorsaak hierdie keuse innerlike konflik by Greg? | (1) [1]<br>(2) [3] |
| 46.5 | Wat dink jy het met Plank gebeur na die ander se vertrek? (p. 242) | (1) [4] |

**(11 punte)**

**Hoofstuk 47**

| | | |
|---|---|---|
| 47.1 | Op bladsy 243 word die grootste rede vir die moeilike verhouding tussen Greg en sy pa aan die leser openbaar. Verduidelik hierdie stelling. | (2) [3] |
| 47.2 | "Die wêreld het vir die tweede keer daardie dag gaan stilstaan." Na watter twee insidente word hier verwys? | (2) [3] |
| 47.3 | Greg dink dat hy net soos sy pa is. (p. 244) Stem jy saam? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| 47.4 | Hoe beskou Greg die verhouding tussen hom en Xander? | (1) [1] |
| 47.5 | Wie was moontlik die mense vir wie hulle moes vlug uit Istanboel? | (1) [2] |
| 47.6 | Op watter wyse word die spanning op bladsy 245 verhoog? | (1) [2] |
| 47.7 | Wat is die naam van die lughawe in Rome? | (1) [1] |
| 47.8 | Noem die naam van die hotel waar hulle in Florence tuisgaan. | (1) [1] |
| 47.9 | Hoe kan die ontdekking wat Xander op die nuwe skootrekenaar maak hulle soektog na die Baker vergemaklik? | (1) [3] |

**(11 punte)**

**Hoofstuk 48**

| | | |
|---|---|---|
| 48.1 | Hoe laat begin die son in Italië sak? | (1) [2] |
| 48.2 | Wat is die simboliese betekenis van die skadu van die kruis vir Greg? | (1) [3] |
| 48.3 | Watter waardevolle vonds vind Xander en Greg op die Baker se skootrekenaar? | (2) [3] |
| 48.4 | Dink jy dat Greg die regte besluit geneem het om na die Baker se fisiese adres te gaan sonder om vir Xander daarvan te sê? Gee twee redes vir jou antwoord. | (2) [4] |
| 48.5 | Vir wie sien Greg en wat hoor hy by die Baker se huis? | (2) [2] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 49**

| | | |
|---|---|---|
| 49.1 | Xander is onversetlik oor Plank. Dink jy hy het reg opgetree om vir Plank in Turkye agter te laat? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 49.2 | | (1) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| | Hoe reageer Xander as hy uitvind dat Greg die vorige aand by die Baker se huis was? Is Xander se optrede aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 49.3 | Greg loop in die strate van Florence om weg te kom van die konflik met Xander. Waarheen gaan hy? Met wie voer hy ’n gesprek by die Dawid-beeld? Wat is kenmerkend van die voorwerp wat die man in sy hand vashou? | (3) [2]<br>(1) [3] |
| 49.4 | Wat vind Greg-hulle uit toe hulle na die Baker se adres gaan? | |
| 49.5 | Wie is die persoon in die swart motor wat hulle agtervolg vanaf die Baker se adres? | (1) [1] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 50**

| | | |
|---|---|---|
| 50.1 | Waarom vermoed Greg dat Dirk Schutte die Baker is? | (2) [3] |
| 50.2 | Benoem die beeldspraak: “Die skielike stilte val soos ’n guillotine tussen ons.” | (1) [2] |
| 50.3 | Wat is in die pakkie wat Xander ontvang? Waar het hy die inhoud van die pakkie bestel? | (3) [2] |
| 50.4 | Op watter wyse ontsenu Xander vir Greg? | (1) [3] |
| 50.5 | Lug jou mening op dié handeling van Xander. | (1) [5] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 51**

| | | |
|---|---|---|
| 51.1 | Wat was Xander se intensie toe hy die pistool op Greg gerig het? | (1) [3] |
| 51.2 | Wie het vir Greg ’n boodskap gestuur? Waar wil die persoon vir Greg ontmoet? | (2) [1] |
| 51.3 | Hoe voel Greg oor Xander se pistool? Wat kan jy daaruit aflei? | (2) [3] |
| 51.4 | Waar het Greg onderskeidelik ook ’n beeld van Medusa se kop en die Dawid-beeld gesien? (p. 267) | (2) [2] |
| 51.5 | Wat is die doel van Dirk se besoek aan Italië? | (1) [2] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 52**

| | | |
|---|---|---|
| 52.1 | Wat is die slegte nuus wat Dirk aan Greg meedeel? | (3) [2] |
| 52.2 | Hoe het Dirk geweet waar om vir Greg in die hande te kry? | (1) [2] |
| 52.3 | “Die nuus sny soos ’n lem deur my.” Watter verband is daar tussen die vergelyking en die slegte nuus wat Greg ontvang? | (1) [3] |
| 52.4 | Wat het waarskynlik Chris Owen se lewe gered? | (1) [3] |
| 52.5 | Dink jy Greg se soektog na die Baker het aanleiding gegee tot die aanval op sy pa? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 52.6 | Verklaar waarom Xander nie wil hê dat Greg van Dirk se water drink nie. | (1) [3] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 53**

| | | |
|---|---|---|
| 53.1 | Het die Baker daarin geslaag om vir Greg te intimideer? Motiveer jou antwoord. | (1) [3] |
| 53.2 | Greg stel die vennote van Project Nursery Rhyme metafories gelyk aan slangkoppe. Is hierdie metafoor geregverdig? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 53.3 | Het oom Dirk moeite gedoen om vir Greg op te spoor? Gee ’n rede vir jou antwoord. | (1) [2] |
| 53.4 | | |

| | | |
|---|---|---|
| 53.5 | Watter parallel gebruik die verteller om die soektog na die Baker en die gepaardgaande struikelblokke op bladsy 275 te beskryf?<br>Watter rol kan Dirk speel as hy kragte saamsnoer met Greg en Xander om die Baker op te spoor? | (1) [2]<br><br>(1) [3] |

**(5 punte)**

**Hoofstuk 54**

| | | |
|---|---|---|
| 54.1 | Verduidelik waarom Xander twyfel aan Greg se karakteroordeel-vermoë. | (1) [3] |
| 54.2 | Watter besluit neem Xander om die Baker se identiteit vas te stel? | (1) [2] |
| 54.3 | "… so dik van die sjokolade lê dat dit jou met een hap in 'n diabeet kan verander." Benoem die stylfiguur. | |
| 54.4 | Wat het die Baker gedoen toe hy uitgevind het dat Xander en Greg op sy rekenaar was? Hoe kan hulle steeds die webkamera op sy rekenaar aktiveer? | (1) [3]<br>(2) [2] |
| 54.5 | Hoe stel hulle vas waar die Baker hom bevind? | (1) [3] |
| 54.6 | Waarheen moet Greg-hulle reis om die Baker vas te trek? | (1) [1] |

**(7 punte)**

**Hoofstuk 55**

| | | |
|---|---|---|
| 55.1 | Na watter stad verwys die titel van die hoofstuk? | (1) [1] |
| 55.2 | Hoe weet Dirk waarheen Greg-hulle gaan vertrek? Verduidelik waarom hierdie inligting ironies is. | (1) [2]<br>(1) [3] |
| 55.3 | Verklaar die ironie in die volgende woorde van Greg: "As jy gedurig oor jou skouer kyk, sien jy elke skaduwee vir 'n spook aan, Xander." | (1) [3] |
| 55.4 | Dink jy Xander het rede om te glo dat Greg besig is met sy eie wraakplan? (p. 283) Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 55.5 | "Onthou maar ek <u>slaap wakker</u>." Benoem die stylfiguur in die onderstreepte woorde. | (1) [3] |
| 55.6 | Waar gaan Greg-hulle tuis tydens hulle besoek aan Venesië? | (1) [1] |
| 55.7 | Wat gee Greg vir Dirk om hulle te help met die soektog na die Baker? Wat merk hy op wat hulle nie voorheen waargeneem het nie? | (2) [1] |
| 55.8 | Noem die name van drie verdagtes wat Greg identifiseer. | (3) [1] |
| 55.9 | Watter een van die verdagtes (p. 287-288) dink jy is moontlik die Baker? Gee 'n rede vir jou antwoord. | (2) [5] |

**(14 punte)**

**Hoofstuk 56**

| | | |
|---|---|---|
| 56.1 | Op watter spreekwoord sinspeel die titel van die hoofstuk? Wat word deur die spreekwoord gesuggereer? | (1) [1[<br>(1) [3] |
| 56.2 | Benoem die volgende beeldspraak: "… kerse wat smeek om 'n geselliger atmosfeer …" | (1) [3] |
| 56.3 | Wie het die video van regter Gericke se teregstelling afgeneem? | (1) [1] |
| 56.4 | Tot watter gevolgtrekking kom Greg wanneer hy vermoed dat Ayla se pa die Baker is? Stem jy saam met hierdie gevolgtrekking van hom? Motiveer jou antwoord. | (1) [3]<br>(1) [5] |

**(6 punte)**

**Hoofstuk 57**

| | | |
|---|---|---|
| 57.1 | Wat kan jy aflei uit Greg se besluit om Ayla te waarsku? | (2) [3] |
| 57.2 | Waar vind Greg vir Ayla? | (1) [1] |
| | Sê in jou eie woorde wat die volgende beteken: "kwetterende nes | |
| 57.3 | van tale". (p. 293) | (1) [3] |
| | Verduidelik waarom Ayla nie Greg se teorie oor haar pa en | |
| 57.4 | Xander wil glo nie. | (2) [3] |
| | Waarom twyfel Ayla of haar pa dalk die Baker is? | (1) [2] |
| 57.5 | "Hy het hom soos 'n virus in jou lewe ingewerk." Watter verband | |
| 57.6 | is daar tussen die vergelyking en die Baker? | (1) [3] |
| | Dink jy dit is aanvaarbaar dat Greg en Ayla mekaar soen op | |
| 58.7 | bladsy 296? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |

**(9 punte)**

**Hoofstuk 58**

| | | |
|---|---|---|
| 58.1 | Watter verklaring gee Xander vir sy teenwoordigheid die aand in Jeffreysbaai toe Greg hom in die gang betrap het? | (2)[2] |
| 58.2 | Waarom noem Xander vir Greg G-4ce? | (1) [3] |
| 58.3 | Bestudeer Xander se handeling op die Rialto-brug op bladsy 298. Wat is besig om met Xander te gebeur? Noem 'n vorige geleentheid waar hy soortgelyk opgetree het. | (2) [3] |
| 58.4 | Aan wie word Prometheus op bladsy 299-300 metafories gelykgestel? Verduidelik wat daardeur geïmpliseer word. | (1) [2] |
| 58.5 | Greg weier om vir Xander te glo aangaande sy berou. Stem jy saam met hom? Motiveer jou antwoord deur 'n kritiese evaluering van Xander se karakter. | (1) [3]<br>(1) [5] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 59**

| | | |
|---|---|---|
| 59.1 | Waarom sit Greg laat daardie aand voor Xander se skootrekenaar? | (1) [2] |
| 59.2 | Skryf twee aanhalings op bladsy 303 neer wat verband hou met die titel van die roman. | (2) [3] |
| 59.3 | Verklaar wat die moontlike rede is waarom Greg in Xander se lêers op sy rekenaar rondkrap. | (1) [3] |
| 59.4 | Wat hoor Greg as hy die Baker se webkamera dophou? | (3) [1] |
| 59.5 | Wie dink jy is die vrou wat op die agtergrond gehoor kan word? | (1) [4] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 60**

| | | |
|---|---|---|
| 60.1 | Hoe lyk die Baker? Waarom lyk die beeld van die man vir Greg bekend? | (1) [1] |
| 60.2 | Hoe word die beeld van die Baker vasgevang? | (1) [3] |
| 60.3 | Van watter projek kom Greg meer te wete? (p. 308-309) Waarom doen hy juis navorsing oor hierdie onderwerp? | (1) [1] |
| 60.4 | Wie identifiseer die Baker? Verklaar hoe hy weet wie die persoon in werklikheid is. | (1) [2]<br>(1) [1] |
| 60.5 | Waar het Greg vir Sebastian Stadler ontmoet? Was daar enige iets verdag aan hulle eerste ontmoeting wat hom as die Baker kon identifiseer? Motiveer jou antwoord. | (1) [2]<br>(2) [3] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 61**

| | | |
|---|---|---|
| 61.1 | Verklaar wat Xander bedoel met: "Zero's en one's is al wat jy nodig het." | (1) [3] |
| 61.2 | Wat deel Dirk vir Greg-hulle mee wat die saak teen die Baker versterk? | (1) [2] |
| 61.3 | Wat is die strydkamer ("war room") waarna op bladsy 312 verwys word? | (1) [3] |
| 61.4 | Wat is die verband tussen die strydkamer en die draad van die web wat vasgeknoop word? (p. 312) | (2) [3] |
| 61.5 | Waar het die Baker grootgeword? Wat het hy studeer? Wat was sy uiteindelike beroep? | (3) [1] |
| 61.6 | Op watter wyse wil die groep vir die Baker opspoor? | (1) [1] |

**(9 punte)**

**Hoofstuk 62**

| | | |
|---|---|---|
| 62.1 | Op watter wyse kan die video van die Baker aangewend word om die Baker op te spoor? | (1) [2] |
| 62.2 | Verklaar waarom Dirk op bladsy 315 sê: "Big Brother is watching you." Hierdie verwysing is 'n aanhaling uit 'n ander teks. Wat word dié literêre term genoem? | (2) [3] |
| 62.3 | Watter benodigdhede skaf die groep aan om die Baker op te spoor? Watter tipe program moet hulle van die internet aflaai? | (2) [2] |
| 62.4 | Wat dink jy is die oorsaak van Greg se nagmerrie? (p. 317) | (2) [4] |
| 62.5 | Verduidelik waarom Xander 'n pistool in sy hand het toe hy in Greg se kamer instap. | (1) [3] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 63**

| | | |
|---|---|---|
| 63.1 | In watter gebied gaan die groep hulle soektog konsentreer? Gee 'n rede vir jou antwoord. | (2) [2] |
| 63.2 | Verduidelik waarom almal ekstra "power banks" moet saamneem. | (1) [3] |
| 63.3 | Bestudeer die ruimtebeskrywing op bladsy 319. Wat is kenmerkend van die ruimte van Venesië? | (1) [2] |
| 63.4 | Waar gaan sit Greg wanneer hy begin met die verfilming? Waarom verlaat hy later sy skuilplek en laat die selfoon agter? | (2) [3] |
| 63.5 | Wat is Xander se taak tydens die soektog deur middel van gesigsherkenning? | (1) [1] |
| 63.6 | Hoekom is Xander ontsteld toe Greg by hulle blyplek aankom?<br>Het hy rede om ontsteld te wees? Motiveer jou antwoord. | (1) [3]<br>(1) [3] |

**(9 punte)**

**Hoofstuk 64**

| | | |
|---|---|---|
| 64.1 | "… 'n tsunami in my lyf." (p. 322) Benoem die beeldspraak. | (1) [3] |
| 64.2 | Dink jy dit is aanvaarbaar dat Xander sy pistool saamneem as hulle deur die straat hardloop om die Baker in die hande te kry? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 64.3 | Wat kom Greg en Xander agter toe hulle by die plek aankom waar die selfoon weggesteek was? | (1) [1] |
| 64.4 | Wie dui vir hulle die rigting aan waarin die persoon wat die selfoon gevat het, geloop het? Wat gee hy vir Greg as geskenk? | (2) [2] |
| 64.5 | Waarom is dit ironies dat die smous aandring dat hulle die geskenk moet aanvaar? | (1) [3] |

**(6 punte)**

**Hoofstuk 65**

| | | |
|---|---|---|
| 65.1 | Wat kan jy aflei uit Plank se voorkoms? | (1) [3] |
| 65.2 | Waarheen wys Plank moet hulle gaan om die vrou wat op hulle wag te ontmoet? | (1) [1] |
| 65.3 | Bestudeer die voorkoms van die vrou op bladsy 327. Hoe sluit Valkyrie se voorkoms by haar naam aan? | (1) [3] |
| 65.4 | Hoe het Plank probeer om vir Greg te waarsku? Verduidelik waarom Greg nie betyds die waarskuwing gesien het nie. | (1) [2]<br>(1) [3] |
| 65.5 | Wat dra by om die spanning te verhoog? | (2) [3] |
| 65.6 | Hoe weet Greg dat dit die Baker was wat met hom in die Accademia-galery gepraat het? | (1) [2] |
| 65.7 | Noem twee ruimtes waar Greg voorheen vir Valkyrie gesien het. | (2) [2] |
| 65.8 | Hoe slaag Xander daarin om sy angsaanval te beheer? | (1) [2] |
| 65.9 | Is die parallel van Lady Macbeth en Valkyrie op bladsy 332 geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |

**(12 punte)**

**Hoofstuk 66**

| | | |
|---|---|---|
| 66.1 | Wat was die verbintenis tussen Rian Trollip en Sebastian Stadler? Hoe het Sebastian Stadler se pa tydens sy vormingsjare bygedra tot die wreedheid van die Baker? | (2) [3] |
| 66.2 | Verduidelik waarom dokter Rian Trollip in die tronk beland het en hoe hy uiteindelik tot sy einde gekom het. | (2) [2] |
| 66.3 | Noem 3 tekens op bladsy 336 en 337 wat toon dat dit Greg is wat vergiftig is. | (3) [2] |
| 66.4 | "Omdat ek lamlendige mense verafsku." (p. 338) Noem die karaktereienskap van die Baker wat deur hierdie woorde beklemtoon word. | (1) [3] |
| 66.5 | Verduidelik waarom die aanhaling op Elsewhere se webblad in hierdie hoofstuk herhaal word. | (1) [3] |
| 66.6 | Wat het in die Baker se laboratorium gebeur? Wie was verantwoordelik daarvoor? Verduidelik waarom hy dit gedoen het. | (3) [2] |
| 66.7 | Is die beeld van Alexander die Grote en die Gordiaanse knoop gepas in die slot van hierdie hoofstuk? Motiveer jou antwoord. | (2) [5] |

**(14 punte)**

**Hoofstuk 67**

| | | |
|---|---|---|
| 67.1 | Hoe het Xander daarin geslaag om die inkriminerende inligting oor die Baker se bedrywighede te verkry? Waarvoor het hy alles bewyse? Wat beplan hy om daarmee te doen? | (4) [2] |
| 67.2 | Waaroor handel die Baker se nuwe projek? | (2) [1] |
| 67.3 | Verduidelik hoe die weer en Greg se toestand, wat progressief toeneem, daartoe bydra dat die spanning verhoog. | (4) [3] |
| 67.4 | Wat beveel Xander aan die Baker en sy trawante om te doen? (p. 342) | (1) [2] |
| 67.5 | Hoe word Greg se lewe gered? Wat was die oorsaak van sy vergiftiging? | (2) [1] |
| 67.6 | Water is ’n simbool van reiniging. Watter emosie ervaar Greg wanneer dit begin reën? | (1) [3] |
| 67.7 | Waarom kon regter Gericke se lyk nooit gevind word nie? | (1) [2] |

| | | |
|---|---|---|
| 67.8 | Wat gee daartoe aanleiding dat Xander die Baker doodskiet? | (1) [3] |
| 67.9 | Hoe sou jy opgetree het indien jy in dieselfde situasie as Xander was? | (1) [5] |

**(17 punte)**

**Hoofstuk 68**

| | | |
|---|---|---|
| 68.1 | Na watter slang verwys die titel van hierdie hoofstuk? Hoe verskil dit met die verwysings na die deurlopende motief in die vorige hoofstuk? | (1) [1]<br>(2) [3] |
| 68.2 | Wat was Valkyrie se handeling na die dood van die Baker? | (2) [2] |
| 68.3 | Bestudeer die gesprek tussen Plank en Greg op bladsy 347. Noem twee karaktereienskappe van Plank wat waargeneem word in die gesprek. | (2) [3] |
| 68.4 | Hoe word die konflik tussen Greg en Xander uiteindelik ontlont? | (2) [2] |
| 68.5 | Xander was sy hande in die kanaal op bladsy 349. Verduidelik die simboliek van sy handeling. Hoe sluit dit by die palindroom wat hy aan Greg gestuur het aan? | (2) [3] |
| 68.6 | Hoe word die vreedsame atmosfeer wat onder die groep op die boot heers, versteur? | (2) [2] |
| 68.7 | “As jy wil wraak neem, moet jy twee grafte grawe.” Evalueer krities hoe hierdie spreekwoord op beide Xander en Greg van toepassing is. | (2) [5] |
| 68.8 | Wat is die verband tussen hoofstuk 1 en 68? | (2) [3] |
| 68.9 | Waarom het die koerante berig dat dit Greg Owen is wat dood is? | (1) [2] |

**(18 punte)**

**Epiloog**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Wat is die funksie van die rekenaarterm in die epiloog? | (1) [3] |
| 2. | Watter tipe verteller word in die epiloog aangewend? Waarom dink jy is hierdie tipe verteller effektief binne die konteks van die roman? | (1) [1]<br>(1) [4] |
| 3. | In watter ruimte vind die epiloog plaas? | (1) [1] |
| 4. | Na wie se begrafnis word in die epiloog verwys? | (1) [1] |
| 5. | Hoe word die innerlike konflik van Greg Owen ontlont? | (2) [3] |
| 6. | Dink jy Chris Owen het gekry wat hy verdien het? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 7. | Sê in jou eie woorde wat die slotsin van die roman beteken. | (1) [3] |
| 8. | Watter insig het die roman vir jou as leser gebring? | (1) [5] |

**(10 punte)**

## 2. Opsteltipe-vrae

Die literêre opstel vereis:

- ’n goeie kennis van die intrige en inhoud van die verhaal.
- ’n deeglike kennis van literêre begrippe soos ruimte, konflik, temas en deurlopende motiewe.
- ’n deeglike kennis van die karakters en hulle karaktereienskappe.

Die literêre opsteltipe vraag bestaan gewoonlik uit ’n kombinasie van die karakter en literêre begrippe wat in die KABV aangetoon word. Dit is nie bloot die oorvertel van die verhaal nie, maar ’n evaluering of ontleding van die vraag. Dit is belangrik dat die kandidaat gestruktureerd skryf en insig toon.

Om ’n suksesvolle opstel te skryf moet jy:

1. vooraf beplan.
2. ’n goeie inleiding skryf.
3. elke paragraaf begin met die hoofgedagte of stelling.
4. elke stelling ondersteun met feite of bewyse uit die roman.
5. ’n goeie slot skryf waarin jy tot ’n gevolgtrekking kom.

Moontlike opstelvrae.

1. Donker Web is ’n ontwikkelingsroman wat fokus op die groei en ontwikkeling van die protagonis.

   Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde.

2. “Die ou wat wil wraak neem, moet twee grafte grawe.

   Bespreek hierdie aanhaling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde.

3. In *Donker Web* reis Greg Owen na Turkye en Italië, maar terselfdertyd gaan hy ook op ’n lewensreis.

   Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde.

4. Die tronkruimte van Kgosi Mampuru-gevangenis het ’n groot impak op die lewe van Chris Owen, sy vrou en seun, Greg Owen.

   Bespreek in ’n opstel die invloed van die tronkruimte op die Owen-gesin.

5. Die rol wat vaderfigure speel, staan in hierdie roman op die voorgrond.

   Skryf ’n opstel van 400 tot 450 woorde waarin jy die invloed van vaderfigure op Greg, die Baker en Xander bespreek.

6. Water is ’n deurlopende motief in Donker Web.

Skryf ’n opstel van 400 tot 450 woorde waarin jy verduidelik watter rol water in die lewe van Greg Owen en Xander Gericke speel.

7. “Ek weet nou wie jy is, Greg. Jy bly weg van my meisiekind af.”

   Dirk Schutte is aanvanklik veroordelend weens Greg Owen se identiteit, tog help hy later vir Greg om die Baker te ontmasker. Bespreek Dirk Schutte as newekarakter in ’n opstel van 400 tot 450 woorde.

8. Wantroue beïnvloed die verhouding tussen Greg en Xander en belemmer hulle vermoë om as ’n span saam te werk.

   Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde.

9. Bespreek in ’n opstel van 400 tot 450 woorde die redes waarom Greg en Xander as buitestanders beskou word.

10. In die klimaks van die roman neem die spanning progressief toe.

    Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde.

Voorbeeld opstel:

**Donker Web is ’n ontwikkelingsroman wat fokus op die geestelike groei, ontwikkeling en insig van die protagonis, Greg Owen.**

**Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde.**

Hierdie is ’n breë raamwerk van feite. Al die feite hoef nie genoem te word nie. Enige ander toepaslike feite wat nie in die raamwerk genoem is nie, kan ook korrek wees.

*Moontlike inleiding: Donker Web* is ’n ontwikkelingsroman (Entwicklungsroman), want die hoofkarakter, Greg Owen, se geestelike ontwikkeling, groei en verandering word in die roman beklemtoon. Die roman draai om die hoofkarakter se ingesteldheid teenoor die lewe.

- **Greg leer dat jy nie so maklik van die verlede kan ontslae raak nie.** Hy was vas oortuig dat die verlede ’n hoofstuk van sy lewe was wat hy afsluit en het uitgesien daarna om te gaan studeer in Stellenbosch. Hy word geïdentifiseer deur ’n gas by die gastehuis in Beaufort-Wes aangaande sy pa se wandade met Project Nursery Rhyme. ’n Student by die Vensters-optrede verafsku hom omdat hy sy pa vir die wolwe gegooi het. “Jy het jou pa in die tronk gesit.” (bladsy 38)
- **Greg word deur ander veroordeel sonder dat hulle hom leer ken.** Greg se medestudente hou hom op ’n afstand en skinder van hom weens sy pa se betrokkenheid by Project Nursery Rhyme en sy tronkstraf. Dirk Schutte verbied sy dogter, Lisa, om vir Greg en Plank te sien. Dain February is die enigste student wat met hom vriende maak. Hy sê dat almal weet van sy pa. “Lyk my ek gaan nooit van my pa ontsnap nie. (p. 46)
- **Greg word ’n buitestander en vermy sosiale geleenthede.** Greg het aanvanklik saam met sy buurvrou, Chloe, en die ander eerstejaars geoefen vir die Vensters-optrede, maar die aand van die optrede besef hy dat hy

verander het en dat hy nie meer deel van die groep kan wees nie. “Dis nie meer wie ek is nie.” Hy onttrek hom al meer, wil nie saam met Chloe op afsprake gaan nie. Chloe noem hom ’n sluiper omdat hy heeltyd in sy woonstel bly. Plank sê: “Maar nou sit jy hier soos ’n haas in ’n gat.”

- **Greg word ontnugter deur sy ma se buite-egtelike verhouding.** Toe Greg die Paasnaweek sy ma wil verras, kry hy self die verrassing van sy lewe. Hy is ontnugter dat sy ma ’n skelm verhouding het. Sy erken dat sy en André Symington al ’n geruime tyd ’n paartjie is. Sy ma sê: “Daar is meer geheime in hierdie gesin as waarvan jy weet, Greg.” (bladsy 74)
- **Greg besef dat sy pa hom kwalik neem oor sy tronkstraf.** Daar is ’n gespanne atmosfeer tydens Greg se besoek aan sy pa in die Kgosi Mampuru II- gevangenis. Sy pa vaar uit oor die haglike omstandighede waarin hy verkeer en die slegte kos wat hy eet. “Sorry se gat. Dis jy wat my hier gesit het.” (bladsy 78)
- **Greg besluit om die Baker op te spoor en te ontmasker.** Tydens die hofsaak het Dok Pienaar en Greg se pa geweier om die identiteit van die Baker bekend te maak. Sy pa waarsku hom om die Baker uit te los. Hy kom af op inligting oor Rian Trollip en vermoed dat hy die Baker is, maar beland in ’n doodloopstraat wanneer hy hoor dat hy in die tronk dood is. Greg skakel met sy vrou, wat vinnig die oproep beëindig toe hy oor die Baker begin uitvra. Later word ’n pakkie met ’n nota en ’n gebrande boek by sy woonstel afgelewer. “Hoe hou hy my pa-hulle stil. Dis wat ek gaan uitvind.” (bladsy 48)
- **Greg kom agter dat vreemde mense hom dophou en agtervolg en raak skrikkerig.** In die eerste weke van sy verblyf in Matieland vertel sy vriend, Plank, vir hom dat ’n vreemde vrou navraag oor hom gedoen het. ’n Rukkie nadat hy begin navraag doen het oor die Baker sien hy ’n man op ’n motorfiets wat hom dophou. Toe hy terugkeer na die Paasnaweek kry hy ’n dreigboodskap op sy woonstel se skuifdeur. “Jy en jou hacker buddy moet my uitlos.”
- **Talle waarskuwings van die Baker skrik nie vir Greg af nie.** Greg toon karakter en deursettingsvermoë omdat hy hom nie laat afskrik deur die Baker nie. Tom se lyk word ontdek in die Eersterivier. Daar word foto’s aan hom gestuur van sy ma wat deur die Baker se manne agtervolg word. Hy kry ’n waarskuwing by die aanhoudingselle dat hulle sy pa sal seermaak in die tronk indien hy nie ophou om te soek na die Baker nie. Steeds bly Greg gedetermineerd om die Baker in die hande te kry.
  “Ek doen dit vir my familie. Vir ons naam. Dis ’n saak van eer.” (bladsy 105)
- **Greg en Xander moet leer om hulle verskille opsy te stoot en om saam te werk om die Baker op te spoor.** Greg weet dat Xander die enigste een is wat hom sal kan help en dat hy “’n deal met die duiwel” moet aangaan. Xander wou aanvanklik nie vir Greg help nie, totdat hy die video van sy pa se teregstelling kry en besef dat dit die Baker is wat dit gestuur het en nie Greg nie. Xander sê: “Ons gaan hierdie ding eens en vir altyd uitsort.”
- **Greg besef dat hy moet eerlik wees as hy en Xander die Baker wil opspoor.** Greg steek dinge vir Xander weg om seker te maak dat hy hom nie weer kan manipuleer nie. Hy stuur ’n gemanipuleerde foto aan Xander om voort gee dat hy die transpondeerder in sy hand ingeplant het. Hy vertel hom nie dat die transpondeerder eintlik in Plank se hand is nie. Dit veroorsaak konflik en Xander wil nie met hom saamwerk nie. Toe Xander later instem om hom te help met die soektog vertel hy hom nie van die gebrande boek nie wat lei tot verdere konflik.

- **Greg moet moeilike keuses maak om sy doelwit te bereik.** Plank se ondeurdagte optrede om met 'n Turkse smous vriende te maak, veroorsaak dat hulle moet vlug voor die Baker se manne. Xander weier dat Plank saam met hulle na Italië moet gaan en stel Greg voor 'n keuse. Hy moet kies tussen hom en Plank. Greg kies vir Xander en laat 'n verwese Plank agter wat in die Baker se kloue beland. "Hy stel ons in gevaar. Hy is 'n las. 'n Risiko wat ons nie kan bekostig nie. Hy bly!"
- **Greg ervaar innerlike konflik.** Die feit dat hy sy beste vriend in Turkye moes agterlaat herinner hom aan die dag toe iemand teen hom gekies het. Hy dink terug aan sy pa se woorde: "Dit kon eerder jy gewees het." Daardie woorde van sy pa het sy wêreld laat stilstaan. Hy het nooit met iemand daaroor gepraat nie, maar sy pa se verraad en verwerping het aanleiding gegee tot 'n kommunikasiegaping tussen hom en sy pa en die wete dat hy nooit goed genoeg sal wees vir hom nie. "Jy's nes jou pa." (bladsy 244)
- **Greg is onverantwoordelik om alleen na die Baker se adres te gaan.** Deur middel van kuberkraking stel hulle vas wat die Baker se adres in Florence is. Hy kan die aand nie slaap nie en loop na die Baker se woning. Die man en vrou in die huis kyk na hom asof hulle hom ken. Xander is woedend toe hy daarvan uitvind. "Het ons nou weer 'n gebrande-boek-situasie waar jy dinge probeer wegsteek?" (bladsy 255) Die volgende dag vind hulle uit dat Greg se optrede alles verongeluk het, want die Baker het weer verdwyn.
- **Greg besef dat hy in lewensgevaar verkeer.** Toe Xander en Greg die Baker se gesig herken, dink hulle dat hulle die Baker vas het, maar die selfoon wat Greg weggesteek het, het verdwyn. 'n Stalletjiessmous wys hulle in watter rigting die persoon met die selfoon gegaan het. Plank hou die selfoon in sy hand vas en sê dat 'n vrou vir hulle in die Koninklike Tuine wag. Valkyrie wag hulle in en dan verskyn die Baker en sê dat een van hulle vergiftig is. Greg kom agter dat dit hy is toe sy visie glip, hy begin sweet, raak naar en 'n spasma ruk deur sy lyf. "Een van julle pragtige mense se einde is naby. Een van julle ... is vergiftig."
- **Xander red Greg se lewe en vra om vergifnis.** Xander red Greg se lewe toe hy vir die Baker sê dat hy sy kode gekraak het, sy laboratorium se rekenaars het hy geblokkeer en hy sal al die inligting aan die polisie gee as hy nie maak soos wat hy sê nie. Greg kry die teenmiddel by Valkyrie en Xander skiet die Baker dood. Terwyl hulle op die Canale Grande wegvaar sê Xander: "Ek is jammer oor wat ek aan jou gedoen het, Greg. Jy is nie jou pa nie. Jy het dit nie verdien nie." Greg vergewe vir Xander en sê dat dit verby is.
- **Greg besef dat daar 'n prys is om te betaal wanneer jy wraak neem.** "As jy wil wraak neem, moet jy twee grafte grawe," was die woorde wat Greg se ma aan hom gesê het. Greg se pa is byna vermoor in die tronk, sy ma is agtervolg en hy verloor sy beste vriend toe Plank doodgeskiet word in die kanaal. Greg kom tot die insig dat die wraak nie so soet is as wat hy gedink het nie, want al is die Baker dood het hy iemand vir wie hy baie omgegee het verloor en daar is niks wat hy daaraan kan doen nie.
- **Greg en sy pa versoen.** Na sy terugkeer besoek Greg weer sy pa in die tronk. Chris Owen bieg teenoor Greg dat hy nie 'n goeie pa vir hom was nie en sê dat hy hom nie sal kwalik neem as hy hom nie weer besoek nie. Greg kom tot insig dat bloed dikker is as water en vergewe sy pa. "Ek sal weer kom kuier, Pa."
- **Greg weet dat daar nog baie struikelblokke in die toekoms sal wees.** Hy kom tot die insig dat jy die mense wat jy lief het, moet koester en vashou aan

dit wat jy het. "… om in hierdie lewe te oorleef, het jy nie ’n koeëlvaste baadjie nodig nie. Jy moet bombestand wees."

*Moontlike slot:* Greg word in lewensgevaarlike situasies geplaas, maar hy leer om as jong volwassene die aanslae van die lewe te hanteer en dat dit beter is om te vergewe as om wraak te neem.

## 3. Konsepvraestel: *Donker Web* – Fanie Viljoen

Beantwoord óf VRAAG 1 (opstelvraag) óf VRAAG 2 (kontekstuele vraag)

**VRAAG 1 – *DONKER WEB* - OPSTELVRAAG**

Water is ’n deurlopende motief (leitmotiv) in die roman, *Donker Web.*

Bespreek die denotatiewe en konnotatiewe betekenis van water in ’n opstel van 400-450 woorde.

**[25]**

**OF**

**VRAAG 2**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**Teks A**

*Ek is so jammer. Ek het nie geweet nie,* tik ek vir Xander.
My woorde klink simpel, leeg, ontoereikend.
*Dan was dit nie jy wat die video op die server gesit het nie?*
*Nee.*
’n Ruk lank is daar geen nuwe boodskap nie. Maar dan, uiteindelik, brand die woorde oor my skerm. *Dit moet dan die Baker wees. Jy is reg, ons moet hom kry.*
*Sal jy my help?*
*Ja.*
*Jy bedoel ons gaan wraak neem?*
*Ons gaan hierdie ding vir eens en vir altyd uitsort.*
Hy ontwyk my vraag, systap dit soos ’n vaardige rugbyspeler. Moet dit my bang maak? Ek weet nie. Ek het immers aan my eie bas gevoel hoe Xander wraak neem, maar ek het nou tot hier gekom. Die Gordiaanse knoop moet losgemaak word.
*Weet jy waar ek bly?* Tik ek.
*Ja.*
*Cool.*
*Maar ek kom nie na jou toe nie.*
*???*
*Jy kom na my toe.*
*Waar’s jy?*
Weer antwoord hy ’n hele ruk lank nie. Dan …
*Ek gaan vir jou twee pakkies stuur.*
Net dit. Geen verdere verduideliking nie. Toe ek weer sien verdwyn ons hele gesprek van Telegram af. Die video ook.

**Let Wel: Die kognitiewe vlakke word nie in hierdie vraestel aangedui nie en dit lyk soos die vraestel wat jy tydens die eksamen sal skryf. Die vraestel voldoen aan die vereistes van die KABV. Daar is 40% vlak 1 en 2 vrae; 40% vlak 3 vrae en 20% vlak 4 en 5 vrae.**

2.1 Wat is die funksie van die kursiefgedrukte woorde in die uittreksel? (1)

2.2 Na watter ander video het Greg aanvanklik gedink word daar verwys? Xander stuur op ’n later stadium vir die Baker ’n video van ’n kat. Waarom doen hy dit? (2)

2.3 Watter verbintenis het Chris Owen met die Baker? Tydens watter insident het die Baker laat deurskemer dat hy weet van Greg en Xander se verbintenis? (2)

2.4 Verduidelik waarom Greg en Xander onderskeidelik na die Baker soek. (2)

2.5 Dink jy Greg het reg opgetree om vir Xander te nader om na die Baker te soek? Motiveer jou antwoord. (1)

2.6 Benoem die beeldspraak in die onderstreepte woorde van reël 12. (1)

2.7 Noem TWEE waarskuwings wat die Baker aan Greg gerig het om sy soektog na hom te staak. Watter karaktereienskap openbaar Greg as hy steeds volhou met sy soektog na die Baker? (3)

2.8 Greg het voorheen ’n pakkie van ’n anonieme sender ontvang. Wat was in dáárdie pakkie? Hoe het die inhoud van die anonieme sender se pakkie vir Greg en Xander gehelp om op die spoor van die Baker te kom? (2)

2.9 Verduidelik waarom Xander daarop aandring dat Greg na hom toe moet kom. (1)

**Teks B**

“Omdat ek lamlendige mense verafsku. Rian se laaste oomblikke was glo uiters onaangenaam. Alles gereël. Soos Dok s’n.” Dan smalend: “Dis nogal jammer jou pa het die aanval oorleef.”

“Hy is in ICU!” roep ek. Weer spoeg ek slym uit my mond. Spoegdrade hang aan my lippe. Vrees pak my beet. Bly net op jou voete, Greg. Grawe diep vir elke greintjie krag wat jy kan kry. Bly op jou voete. Hou jou kop helder. Fokus!

Oom Dirk se gesig word rooi van woede. Hy pluk aan die kleefband om sy gewrigte. Die wagte sis ’n waarskuwing in sy oor. Dan word hy teësinnig kalmer.

“Vir nou is jou pa in hoësorg, ja,” sê die Baker. “Maar sy tyd sal kom, soos joune ook.”

’n Naarheid wel in my keel. My arm ruk onwillekeurig. Greg jy is besig om te vrek. Jy gaan soos ’n hond vrek. Dis die Baker wat dit aan jou gedoen het. Dis hy!

“Soek jy ’n bietjie water, Greg?” Berekend kom Valkyrie nader. “Of dalk hiervan?” Sy swaai die inspuiting voor my. Ek probeer dit gryp, maar Sy pluk dit weg. Lag saam met die Baker vir hulle grappie.

’n Spasma golf deur my. Ek vee die spoegdrade weg by my mond. Dan word ek amper naar. Ayla se oë volg my benoud. Oom Dirk wil help, maar met sy hande vasgebind is hy hulpeloos.

“Julle spannetjie dink julle kan my stuit, nie waar nie?” vra die Baker uiteindelik. “Maar julle verstaan nie die duistere onderstrominge van die wêreld nie. Dit is soos menigte slange wat krioel in ’n onderwêreldse rivier van bloed. Sommige van my kontakte is magtige mense. Jy het enkeles ontmoet, Greg.”

2.10 In watter spesifieke ruimte speel teks B af? (1)

2.11 Watter gebeure gaan teks B vooraf? (1)

2.12 Verduidelik waarom die Baker van Rian ontslae geraak het. Wat dink jy is die rede waarom hy vir Dok laat doodmaak het? (2)

2.13 Bestudeer reëls 4-7. Watter tipe verteller word hier gebruik? Evalueer die gepastheid van hierdie tipe verteller. (2)

2.14 Noem die deurlopende motief in die onderstreepte frase in reël 24. By watter geleentheid het Greg die Baker se magtige kontakte ontmoet? (2)

2.15 Hoe het Xander daarin geslaag om te verhoed dat Greg sterf van die gif? (1)

2.16 Bestudeer reël 11 in **Teks A**. Dink jy Xander het daarin geslaag om sy probleem heeltemal op te los? Motiveer jou antwoord. (1)

**[25]**

## 4. Moontlike antwoorde van kontekstuele vrae per hoofstuk.

**NASIENRIGLYNE**

**<u>Die omslag</u>**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink dit is Xander, √ want in die vorige boek, *Onderwêreld*, was Greg blond en Xander (Eckardt) was donker. √ | (2) [4] |
| 2. | *Onderwêreld*. √ | (1) [1] |
| 3. | Nee, dit lyk na ’n Europese stad. √ Die argitektuur van die geboue verskil van die in Suid-Afrika. / Dit lyk na ou geboue. √ Venesië. √ | (3) [4] |
| 4. | | |
| 4.1 | Greg Owen. √ | (1) [1] |
| 4.2 | Die leser verwag dat die hoofkarakter, Greg Owen, sal sterf. √ | (1) [3] |
| 4.3 | Persoonlike opinie. Ja, ek het *Onderwêreld* gelees en wil weet wat verder met Greg gebeur het en of sy pa wel tronk toe is. √ | (1) [5] |
| 5. | Tafelberg Uitgewers. √ | (1) [1] |

**(10 punte)**

**Motto en proloog**

| | | |
|---|---|---|
| | **<u>Motto</u>** | |
| 1. | Dit skep ’n onheilspellende atmosfeer. √ | (1) [3] |
| 2. | *1984* van George Orwell. √ | (1) [1] |
| 3. | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit is gevaarlik om wraak te neem, want dit is ’n negatiewe aksie wat kan veroorsaak dat jy self ook seerkry. √ | (1) [5] |
| | **<u>Proloog</u>** | |
| 4. | Dit skep ’n rekenaaragtergrond. √ | (1) [3] |
| 5. | Reboot verwys na ’n aksie om oor te begin. Dit dui op ’n nuwe begin vir Greg na sy pa in die tronk beland het. √ | (1) [3] |
| 6. | Xander Gericke. √ | (1) [2] |
| 7. | Personifikasie. √ | (1) [3] |
| 8. | Hy kom agter dat hulle anders lyk as die gaste wat gewoonlik by die huis kuier. / Hy sien dat hulle informeel aangetrek is en nie soos sy pa se gereelde gaste lyk wat altyd in pakke geklee is nie. √ | (1) [3] |
| 9. | Hy is geskok, want sy hande bewe en hy sê vir Xander dat hy moet gaan wegkruip. √ | (1) [3] |
| 10. | Hy is bang dat die onwelkome gaste by die voordeur hom sal seermaak of doodmaak. / Hy wil sy seun beskerm teen die mense by die voordeur. √ | (1) [3] |
| 11. | Hulle het ’n liefdevolle verhouding, want sy pa sê vir Xander dat hy lief is vir hom. / Die pa is beskermend teenoor Xander en sê dat hy moet gaan wegkruip. √ | (1) [3]<br>(1) [3] |
| 12. | Vergelyking. √ Ja, dit is effektief, want die aankoms van die vreemde mense veroorsaak dat die regter bang word, net soos ’n mens vir monsters sal bang word. √ | (1) [5] |
| 13. | | (2) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| | Dit is 'n aanhaling uit die eerste boek, *Onderwêreld*. √ Die aanhaling word beklemtoon om spanning te wek. √ | |

**(15 punte)**

**Hoofstuk 1**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Deur die herhaling word die gedeelte beklemtoon omdat dit die kern van die verhaal saamvat. / Die herhaling beklemtoon die tema van die verhaal. √ | (1) [4] |
| 1.2 | Sandhurst, Johannesburg. √ | (1) [1] |
| 1.3 | Die eerstepersoonsverteller skep geloofwaardigheid. / Die eerstepersoonsverteller kan die karakter se emosies wat hy ervaar die beste weergee. / Die tipe verteller betrek die leser by die gebeure en skep afwagting. √√ | (2) [2] |
| 1.4 | Daar heers 'n somber/hartseer atmosfeer. √ "in hierdie somberte"/ "skemeragtige plek" / "sonder klank" / "swaar gevoel." √ | (2) [3] |
| 1.5 | Hulle wou nie met die Owens assosieer nie weens die misdaad waarvoor Chris Owen aangekla is. Hulle is verafsku deur Chris Owen se misdaad. Hulle kry skaam omdat Chris Owen in die tronk is weens terrorisme en wil nie wys dat hulle met die Owens vriende is nie. √ Thomas Lawson. √ | (2) [2] |
| 1.6 | Die universiteit van Stellenbosch. √ | (1) [1] |
| 1.7 | Innerlike konflik. √ | (1) [3] |
| 1.8 | 'n Mens kan nie altyd wen nie, maar as jy verloor, leer jy om nie weer dieselfde foute te maak nie. √ | (1) [5] |
| 1.9 | Dit hou die leser nuuskierig en verplig hom/haar om verder te lees sodat hy kan uitvind wat dit was.√ | (1) [3] |
| 1.10 | Greg koester die kosbare herinneringe aan John en probeer hard om hom nie te vergeet nie. √ "... probeer ek verbete vasklou aan die tye wat ons saam was." √ Sy ma is platgeslaan deur sy dood en kan nie sy dood verwerk nie. √ "... geheimenisse van die see beland waar jy op jou eie verdrink." / "en ek het geskree En geskree. En geskree." √ (enige ander motivering binne die konteks) | (4) [3] |
| 1.11 | Nee, sy sê sy was vasgekeer in die "verdomde huis" √ en dat sy uit frustrasie geskree het. √ | (2) [2] |

**(18 punte)**

**Hoofstuk 2**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | 'n BMW 118i-sportmodel. √ | (1) [1] |
| 2.2 | Hy wil seker maak dat hy hom nie vergeet nie. / Hy kan nie die foto uit die huis vat nie, daarom neem hy 'n foto van die foto. √ | (1) [2] |
| 2.3 | Die leser kan aflei dat die twee broers baie geheg aan mekaar was. / Die leser kan aflei dat Greg nie die dood van sy broer wil aanvaar nie, daarom verbeel hy hom dat hy hom nog hoor. √ | (2) [3] |
| 2.4 | 'n Raakvatter-vrou is iemand wat alles wat sy aanpak goed doen en altyd in beheer van 'n situasie is. √ Die vorige aand het sy vertel hoe sy soms net geskree het soos iemand wat ongebalanseerd is, maar die volgende oggend is sy stylvol aangetrek en haar grimering is perfek. √ | (2) [3] |
| 2.5 | "Jy gaan ver <u>paaie</u> loop ..." is figuurlik (konnotatief). Dit verwys na | |

| | | |
|---|---|---|
| | die paaie van die lewe waarop Greg gaan loop/ sy lewenspad. √ | |
| | “Die pad is lank ...” is letterlik (denotatief). Dit verwys na die | (2) [3] |
| 2.6 | fisiese pad wat hy moet ry vanaf Johannesburg na Stellenbosch. √ | |
| | Greg se ma wil vir hom sê dat hy die verlede moet vergeet en | (1) [3] |
| 2.7 | fokus op sy toekoms. √ | |
| | Eckardt (Xander) wat hom mislei het sodat hy kan wraak neem op | |
| | die Owens en Dok. √ Greg is deur Eckardt (Xander) gemanipuleer | (2) [3] |
| 2.8 | en was self verantwoordelik vir sy pa se arrestasie. √ | |
| | Hy wou wraak neem op Dok en Chris Owen omdat hulle | (1) [2] |
| 2.9 | verantwoordelik was vir sy pa, die regter, sê dood. √ | |
| | Eckardt (Xander) word as boos voorgestel. / Dit laat hom soos ’n | (1) [3] |
| 2.10 | slegte mense lyk. √ | (1) [3] |
| 2.11 | Geheime. √ | (1) [1] |
| 2.12 | Thomas Lawson. √ | |
| | Jy moenie die mense wat jou in die verlede ondersteun het, | (1) [3] |
| 2.13 | afskryf nie, want jy kan hulle dalk weer nodig kry. √ | |
| | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, ek dink dit is onregverdig, | (1) [4] |
| | want Greg het geglo hy doen die regte ding en het deur sy optrede | |
| 2.14 | die lewe van duisende mense wat aan die virus sou sterf gered. √ | |
| | Hy het dit daar gelos, want dit het geen betekenis vir hom gehad | |
| | nie, want hy was nie meer deel van Lawson Kollege en hulle | |
| | tradisies nie. / Hy het nie meer geglo aan die waardes van Lawson | (2) [3] |
| | nie. / Daar was baie min van sy vriende wat hom ondersteun het. | |
| 2.15 | √√ | |
| | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit is onregverdig, want John het | |
| | op sy eie meriete presteer en die skool moet steeds trots wees op | |
| | hom. / OF Ja, die skool wil hulle distansieer van die Owens | (1) [5] |
| | daarom is dit regverdig om dit terug te besorg en nie net te | |
| | vernietig nie. √ | |

**[20 punte]**

**Hoofstuk 3**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Greg word gou kwaad. / Hy is ongeskik. √ | (1) [3] |
| 3.2 | Randkarakters / figurante. √ | (1) [2] |
| 3.3 | Die getal sewe word as die volmaakte getal gesien. √ (Dit kan | |
| | daarop dui dat Greg se lewe nou volmaak is en dat hy kan | |
| | aangaan met sy lewe, ongelukkig doen hy dit nie en besluit om die | |
| | Baker op te spoor. | (1) [2] |
| 3.4 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Chloe is spontaan en probeer net | |
| | om vriende te maak, sy doen niks verkeerd nie. | |
| | Of: Chloe is irriterend en opdringerig, sy kan mos sien Greg stel | |
| | nie belang in haar vriendskap nie. Sy moet hom uitlos. √ | (1) [5] |
| 3.5 | Daar word gesuggereer dat Greg ’n kuberkraker is. √ | (1) [3] |
| 3.6 | Dit impliseer dat Plank aan hom dink as een van sy Lawson- | |
| | vriende. / Dit dui daarop dat hulle saam op skool was en steeds | |
| | die tradisie handhaaf. √ | (1) [3] |
| 3.7 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink dit is verkeerd om | |
| | universiteit toe te gaan en net op meisies en pret te fokus. As jy | |
| | universiteit toe gaan, moet jou fokus op jou studies sodat jy | |
| | sukses kan behaal. √ | (1) [5] |
| 3.8 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink hulle het haar verbied | |
| | om hom te sien omdat hulle skaam is oor die feit dat hy ’n | |

| | | |
|---|---|---|
| | kuberkraker is en sy pa gearresteer is. / Hulle is waarskynlik gesiene mense wat nie wil hê dat hulle beeld moet skade ly as gevolg van hulle dogter se kêrel nie. √ | (1) [4] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 4**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Dit is aan die einde van Januarie / begin Februarie / die begin van die jaar. √ | (1) [1] |
| 4.2 | Die week waarin die eerstejaars by die universiteit oriënteer word. /Oriëntasie-week / Dit is soortgelyk aan ontgroening, maar in hierdie geval word die eerstejaars bygestaan om hulle voete te vind op die kampus. √ | (1) [2] |
| 4.3 | Sy is spontaan / gewild / gewoond daaraan om leiding te neem / baasspelerig. √ | (1) [3] |
| 4.4 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, hoe gouer ’n eerstejaar deel raak van ’n groep, hoe beter, anders kan die student vereensaam of oorweldig voel deur die druk en opskop. √ | (1) [4] |
| 4.5 | Greg is ’n jaar ouer as die res van die eerstejaars omdat hy nie dadelik na matriek begin studeer het nie. / Hy is meer volwasse as die ander studente en is ’n ernstige tipe persoon. / Greg het die vorige jaar baie trauma beleef na sy pa se arrestasie en tronkstraf, dit is vir hom moeilik om te maak asof dit nie gebeur het nie. √√ | (2) [3] |
| 4.6 | Sy pa se hofsaak / tronkstraf / hy moes die skool verlaat en as ’n privaat kandidaat matriek skryf / sy broer se selfdood. √ | (1) [2] |
| 4.7 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: ’n Vriendin van Dok Pienaar wat Greg dophou om wraak te neem op hom / Dok Pienaar se vrou / Iemand wat deur die Baker gestuur is om hom dop te hou. √ Dit is dieselfde vrou wat hy tydens die hofsaak gesien het. √ | (1) [4]<br>(1) [3] |
| 4.8 | Hy voel nie deel van die opwinding nie. / Hy is te volwasse vir sulke ligsinnigheid. / Hy het verander. √ | (1) [3] |
| 4.9 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, hy ken nie vir Greg nie en weet nie waardeur Greg gegaan het nie.<br>Of: Ja, dit is onaanvaarbaar om jou pa vir die wolwe te gooi, ’n mens moet jou familie ten alle koste beskerm. √ | (1) [4] |
| 4.10 | Paradoks / paradoksale teenstelling. √<br>Dit voel vir hom asof hy nie daar hoort nie. / Hy is tussen baie mense, maar voel eensaam. / Hy voel almal veroordeel hom en dat hy nie vriende het nie. √ | (2) [3] |

**(13 punte)**

**Hoofstuk 5**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Sy pa was self ’n besigheidsman voordat hy tronk toe is. / Hy het Turret Media besit en wou hê dat Greg in sy voetspore moet volg en die besigheid moet oorneem. √ | (1) [3] |
| 5.2 | Metafoor. √<br>Die stapel boeke word gelykgestel aan ’n toring. / Hy het so baie boeke, as dit alles op mekaar gepak is, lyk dit soos ’n toring. √ | (1) [2]<br>(1) [3] |
| 5.3 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Greg is bang dat ander mense hom in die verleentheid sal stel deur hom te verwerp of vrae aan hom sal stel oor sy pa se misdaad. √ | (1) [4] |
| 5.4 | | |

| | | |
|---|---|---|
| | Dit verwys na al die sportaktiwiteite waaraan hy deelneem. / Dit | (2) [2] |
| 5.5 | verwys na die praktiese deel van sy kursus. √ Chris Owen / Sy | (1) [1] |
| 5.6 | pa. √ | (1) [3] |
| 5.7 | Rugby. √ | (2) [2] |
| | Sy ma is gelukkig. √ | |
| 5.8 | Lisa. √ Sy is mooi, het ’n elfiegesig, swart hare en blou oë. √ | (1) [5[ |
| | Die vergelyking is effektief, want Greg kruip in sy woonstel weg | (1) [3] |
| 5.9 | soos ’n haas in ’n gat sal wegkruip as hy bang is. √ | |
| 5.10 | Wantroue / gebreekte vertroue. √ | (1) [2] |
| 5.11 | Lisa se pa / Dirk Schutte. √ | |
| | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, hy is ’n volwasse persoon | |
| | wat veronderstel is om te weet dat jy nie iemand veroordeel | (1) [4] |
| | sonder om die persoon te leer ken nie. √ | |

**(14 punte)**

## Hoofstuk 6

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Hy verwys na sy pa se betrokkenheid by Project Nursery Rhyme en die gepaardgaande tronkstraf. √ Die vrou by die gastehuis in Beaufort-Wes. √ Die student by Vensters. √ | (3)[2] |
| 6.2 | ’n Kloon is iemand wat dieselfde is as iemand anders / ’n Presiese weergawe van ’n ander persoon. √ Plank moet in dieselfde koshuis bly as sy pa toe hý op universiteit was. √ | (2) [2] |
| 6.3 | “... niemand anders so met my laat praat nie.” / “sonder dat hy jou wil seermaak.” √ | (1) [3] |
| 6.4 | Plank neem nie vir Greg kwalik omdat Lisa se pa haar verbied het om met hulle vriende te wees nie. / Hy is nie kwaad omdat dit Greg se skuld is dat hy nie vir Lisa mag sien nie. / Greg is verbitter omdat Xander hom mislei het en veroorsaak het dat sy pa in die tronk beland, maar Plank koester geen wrok as iemand hom skade berokken nie. √ | (1) [3] |
| 6.5 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hulle weet dalk hoe wreed hy is en dat hy hulle en hul familie sal doodmaak as hulle oor hom praat. √ | (1) [4] |
| 6.6 | “Soos ’n fyn web se eerste draadjie wat gespan word.”/ “Alle spinnewebbe begin met die eerste silwer draadjie.” √ | (1) [3] |
| 6.7 | Die motoriese moment is die gebeure wat die handeling aan die gang sit, Greg se besluit om die Baker op te spoor sit die handeling aan die gang. √ | (1) [3] |

**(10 punte)**

## Hoofstuk 7

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Hy het kennis van farmakologie, siektes en virologie. / Hy is ongeveer so oud soos Greg se pa. / Niemand weet wat sy kontakbesonderhede is of waar hy hom bevind nie. / Hy is intelligent. √√√ | (3) [1] |
| 7.2 | Dokter Rian Trollip. √ Hy is ’n dokter. / Hy en Chris Owen was vriende. / John het nie van hom gehou nie omdat daar iets vreemd aan hom was. / Hy was ’n Vrymesselaar. √√ | (3) [2] |
| 7.3 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Vrymesselaars beweeg gewoonlik in dieselfde kringe. / Al sy vriende het vreemde kontakte wat mekaar beskerm soos wat Thomas Lawson in hoofstuk 1 laat deurskemer het. | (1) [4] |

| | | |
|---|---|---|
| | OF: Nee, daar is geen bewys in die roman daarvan nie. As hy ’n Vrymesselaar was, kon een van sy vriende gekeer het dat hy in die tronk beland. √ | |
| 7.4 | Greg kry toegang deur middel van die Wayback Machine. √ | (1) [2] |
| | Sy is nie ’n belangrike karakter nie, want daar word slegs na haar verwys. / Sy is nooit in gesprek met iemand nie. / Sy dra nie by | |
| 7.5 | tot Greg se karakterontwikkeling nie. √ | |
| | Thomas Lawson. √ | |
| | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, hulle behandel vir Greg | (1) [3] |
| 7.6 | onregverdig, want hy het niks te doen met sy pa se verkeerde | (1) [2] |
| 7.7 | dade nie. / Hy is ’n onskuldige slagoffer wat gestraf word vir dit wat sy pa gedoen het. √ | |
| | Rian Trollip het in die tronk selfdood gepleeg. √ | |
| | | (1) [4] |
| 7.8 | | (1) [3] |

**(12 punte)**

**Hoofstuk 8**

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Hy het haar kontaknommer in ’n berig oor ’n fondsinsamelingsprojek waarby sy betrokke was gesien / haar naam en kontaknommer is in die berig aangedui. √ | (1) [2] |
| 8.2 | Haar tong sleep / sy antwoord hakkelend / haar tong trek lui aan die woorde. √ | (1) [2] |
| 8.3 | Sy verafsku hom omdat hy aangekla is vir kinderpornografie / Sy sê hy het met kinders gelol. √ | (1) [2] |
| 8.4 | Hy het haar dalk gedreig en sy is bang vir hom. / Dit is dalk iemand naby aan haar wat sy wil beskerm. √ | (1) [3] |
| 8.5 | Dit is moeilik om uit te kom, want jy loop jou telkens vas sonder om die regte pad te vind. √ | (1) [3] |

**(5 punte)**

**Hoofstuk 9**

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Sarkasme / ironie / metafoor. √ | (1) [3] |
| 9.2 | Al die studente weet dat Greg se pa ’n misdadiger is en tronkstraf uitdien. √ | (1) [3] |
| 9.3 | Dirk Schutte het vir Greg om verskoning gevra vir sy gedrag tydens hulle eerste ontmoeting. √ | (1) [2] |
| 9.4 | Dirk ondervra hom op dieselfde wyse as wat inspekteur Cele en sersant Botha hom destyds ondervra het. √ | (1) [3] |
| 9.5 | Greg se pa is ’n misdadiger, maar Lisa se pa is ’n polisieman. / Chris en Greg het nie ’n goeie verhouding nie, terwyl Lisa se pa haar net wil beskerm. √ (Albei kante vir 1 punt) | (1) [3] |
| 9.6 | Konnotatief, √ want dit verwys nie na die fisiese donker nie, maar na die bose dade van mense wat betrokke is by die verkeerde goed. √ | (2) [3] |
| 9.7 | Hy tree vaderlik op. / Hy is ’n omgeemens. / Hy is beskermend. / Hy is regverdig. / Hy is humoristies. √ | (1) [3] |
| 9.8 | Hy het te veel stres ervaar en is ongeskik vir diens verklaar. √ | (1) [1] |
| 9.9 | Nee, dit klink asof hy te veel drink. √ Dit lyk asof hy wil huil as hy oor sy werk as polisieman praat. √ | (2) [4] |

**(11 punte)**

**Hoofstuk 10**

| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | Dat iemand 'n pakkie gaan stuur of sal ontvang. √ | (1) [2] |
| 10.2 | Lisa het Plank se Tinder profiel gesien en is kwaad vir hom omdat hy dit nie uitgewis het nie. √ | (1) [2] |
| 10.3 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Een van die Baker se mense. √ Greg het navraag oor hom gedoen en hy het daarvan gehoor, nou wil hy vasstel wat Greg se planne is. √ | (2) [4] |
| 10.4 | Twee koeverte, een met 'n boodskap in √ en die ander koevert het 'n gebrande boek in. √ | (2) [1] |
| 10.5 | Die Baker. √ Selfvertroue /determinasie / deursettingsvermoë. √ | (2) [3] |
| 10.6 | Hy lei af dat die boek baie oud is, want die bladsye is geel en bros. √ Die boek is beskadig in 'n brand. √ | (2) [1] |
| 10.7 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit is effektief, want dit gee die leser 'n idee hoe die inhoud van die boek lyk. / Die diagram toon chemiese formules wat hom 'n leidraad kan gee oor die Baker se projekte. √ | (1) [5] |

**(11 punte)**

**Hoofstuk 11**

| | | |
|---|---|---|
| 11.1 | Valkyrie of Walkures was vroulike geeste wat tydens veldslae besluit het wie moes sterf of wie moes lewe. √ | (1) [2] |
| 11.2 | Hy het die vorige aand min geslaap omdat hy besig was met navorsing oor die Baker. √ | (1) [3] |
| 11.3 | April. √ "Dis môre Goeie Vrydag." √ | (2) [3] |
| 11.4 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink dit is verkeerd, want die gebruik van Ritalin kan verslawend wees. Die effek van Ritalin is slegs van korte duur en skep 'n vals idee van die werklikheid. √ (enige aanvaarbare antwoord.) | (1) [5] |
| 11.5 | Hy gaan vir sy ma in Sandhurst, Johannesburg kuier. √ | (1) [1] |
| 11.6 | 'n Mens is veronderstel om by 'n stopstraat te stop, maar Greg sê dat hy die persoon ignoreer soos 'n stopstraat. / Baie mense stop nie by 'n stopstraat nie, maar dit is teen die wet om stopstrate te ignoreer. √ | (1) [3] |
| 11.7 | Hy ry met 'n uber. √ | (1) [2] |
| 11.8 | Ja, want dit maak die leser nuuskierig om uit te vind wat die skok is wat Greg gekry het. √ | (1) [4] |

**(9 punte)**

**Hoofstuk 12**

| | | |
|---|---|---|
| 12.1 | Hy het 'n slaapbroek aan, is kaalvoet en kaal bolyf. √ | (1) [2] |
| 12.2 | Hiperbool. / Metafoor. √ | (1) [3] |
| 12.3 | Die oudste seun in die gesin, John, het selfdood gepleeg. √ Chris Owen, die pa in die gesin, is in die tronk. √ | (2) [3] |
| 12.4 | Sy was alleen/eensaam. √ | (1) [2] |
| 12.5 | Kgosi Mampuru II-gevangenis. √ Hulle is aangekla van terrorisme, want hulle het mense doodgemaak. / Gevaarlike misdadigers word in C-Max aangehou.√ | (2) [1] |
| 12.6 | Die gevangenes hoop om vrygelaat te word, maar die haglike omstandighede in die tronk veroorsaak dat daar wanhoop is, want hulle weet nie of hulle dalk in die tronk doodgemaak sal word nie. √ | (1) [3] |
| 12.7 | Op bladsy 27 was hy netjies aangetrek in 'n pak klere en 'n das tydens die hofsaak, √ maar nou het hy 'n tronkoorpak aan en lyk | |

| | | |
|---|---|---|
| 12.8 | ouer, maerder en verwaarloos. √ Hy kry swaar in die tronk, eet nie goed nie en slaap nie goed nie. √ | (3) [3] |
| | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, dit is nie Greg se skuld dat hy in die tronk is nie, hy het die misdaad begaan en moet daarvoor gestraf word. √ | (1) [5] |
| 12.9 | Hy raak kwaad as hy die Baker se naam hoor en beveel vir Greg om hom uit te los. √ Hy is geskok toe hy Valkyrie se naam hoor, want hy het nie geweet dat Greg iets van haar weet nie. √ | (2) [2] |

**(15 punte)**

**Hoofstuk 13**

| | | |
|---|---|---|
| 13.1 | Nicole. √ | (1) [1] |
| 13.2 | Die baba vat baie van haar tyd en sy gee nie aandag aan haar voorkoms nie. √ | (1) [3] |
| 13.3 | Sinekdogee. √ | (1) [3] |
| 13.4 | Onverskillig / onverantwoordelik. √ (enige ander gepaste omskrywing) | (1) [2] |
| 13.5 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, ek is jammer vir haar omdat haar ouers haar nie honderd persent ondersteun nie. Of: Nee, sy moes verantwoordelik opgetree het en eerder gefokus het op haar toekoms as wilde partytjies. √ | (1) [5] |
| 13.6 | Sy wou hê dat sy en Greg hul verhouding moet hervat, maar Greg het reeds aanbeweeg en stel nie belang in haar nie. / Hy vertrou haar nie en haar ouers wil nie hê dat sy in ’n verhouding met Greg mag wees nie. √ | (1) [2] |
| 13.7 | Greg se ma was op bladsy 24 afsydig teenoor Thomas Lawson, maar nou wil sy vir Greg dwing om by hom te gaan eet. √ Greg se ma sê dat Thomas Lawson besigheidsidees het waaraan hulle kan saamwerk, maar Greg studeer Sportwetenskap wat niks te doen het met besigheid nie. √ | (2) [3] |
| 13.8 | Xander Gericke. √ Die Baker. √ Die gebrande boek. / Enige bewys dat hy na die Baker soek. √ | (3) [2] |
| 13.9 | Innerlike konflik. √ Xander het vir Greg misbruik om wraak te neem en hy was die oorsaak van Greg se gesin se vernietiging daarom twyfel Greg of hy hom moet kontak. √ | (2) [3] |
| 13.10 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, Xander het net gedoen wat hy gedink het reg is. Greg se pa kon baie ander mense se dood beteken het daarom is hý eintlik die duiwel en nie Xander nie. √ | (1) [4} |

(**14 punte)**

**Hoofstuk 14**

| | | |
|---|---|---|
| 14.1 | Hierdie vergelyking is gepas, want dit ondersteun Greg se leefwêreld waar hy gereeld op die rekenaar doenig is. √ | (1) [5] |
| 14.2 | Hy is glad nie lus daarvoor nie en beplan om vinnig weg te glip. √ | (1) [3] |
| 14.3 | Sy is baie mooi en jonk terwyl Thomas Lawson oud is. / Hy verkies om so ’n vrou te hê omdat hy net die beste begeer, sy is soos ’n trofee wat almal kan bewonder. √ | (1) [3] |
| 14.4 | Sebastian Stadler, generaal Winters, Mildred Fortuin en haar man, Elbert Swartz, Joggie Dreyer, Gabby. (enige 3) √√√ | (3) [1] |
| 14.5 | Dit is ’n ouerige man met ’n skraal gesig vol plooie en grys hare wat agteroor gekam is. √ Sebastian Stadler. √ | (2) [2] |
| 14.6 | | |

| | | |
|---|---|---|
| | Om diere dood te maak en op te stop. √ Dit is wreed om | (2) [3] |
| 14.7 | onskuldige diere soos katte dood te maak. √ | |
| | Thomas Lawson oordeel Greg se besluit omdat hy Sportwetenskap studeer en nie in ’n besigheidsrigting belangstel nie. √ Lawson wil vir Greg ’n besigheidsgeleentheid aanbied, maar Greg stel nie | (2) [3] |
| 14.8 | daarin belang nie. √ | (1) [1] |
| | Greg stuur vir Xander ’n boodskap op sy blog, √ | |

**(13 punte)**

**Hoofstuk 15**

| | | |
|---|---|---|
| 15.1 | ’n Palindroom is ’n woord of ’n sin wat vorentoe en agtertoe presies dieselfde lees. √ Was ook die sondes af, nie net die gesig nie. √ | (2) [2] |
| 15.2 | Hy wil Greg dwing tot selfondersoek. / Hy wil hê dat Greg sy eie sondes bely. √ | (1) [3] |
| 15.3 | Ja, hy gesels lekker met haar en sê dat hy bly is dat Plank haar saamgenooi het. √ | (1) [2] |
| 15.4 | Hy is ’n galante heer, want hy trek die stoel vir Lisa uit. √ | (1) [3] |
| | Hy het ’n selfie sonder ’n hemp vir Greg se ma gestuur. / Hy maak rekenaarspeletjie-geluide as hy dink niemand hoor hom nie. / Hy waai vir kinders en trek snaakse gesigte sodat hulle kan lag. / Hy lyk soos iemand wat ’n spinnekop in sy broek het as hy dans. √ (enige 1) | (1) [1] |
| 15.5 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit is doodonskuldige praatjies en hy bedoel nie om vir Plank daardeur seer te maak nie. √ | (1) [4] |
| 15.6 | Sy bring Plank se sagte kant na vore. / Sy maak hom skaam. / Hy is gewoonlik vol grappe, maar nou voel hy verleë. √ | (1) [3] |
| 15.7 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, ek dink nie dit is opreg nie, hy doen dit net om vir Xander tevrede te stel sodat hy hom kan help. √ | (1) [4] |

**(9 punte)**

**Hoofstuk 16**

| | | |
|---|---|---|
| 16.1 | Hy het vir Xander in die verlede, in Greg se matriekjaar, gehelp om wraak te neem op die Owens. √ | (1) [2] |
| 16.2 | Hy en Xander is albei kuberkrakers. √ Albei verkies om hul identiteit geheim te hou. / Greg noem vir Xander die duiwel en daar is ’n duiwelse glimlag op die T-hemp. √ | (2) [3] |
| 16.3 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit is ’n veilige plek waar ander mense nie kan sien dat hulle bymekaar is nie. √ | (1) [4] |
| 16.4 | Daar is meer as vyfhonderd mense regop onder die vloer begrawe. √ | (1) [1] |
| 16.5 | Greg se houding is uitdagend en dit klink asof hy beplan om weer wraak te neem. √ Hy wil vir Xander omkoop om te help en Xander het genoeg van sy eie geld. √ | (2) [3] |

**(7 punte)**

**Hoofstuk 17**

| | | |
|---|---|---|
| 17.1 | Hy steek dit agter die Conrad Botes-skildery weg. √ | (1) [2] |
| 17.2 | Hy deel dit met Lisa, √ Plank √ en Chloe. √ | (3) [1] |
| 17.3 | Hy is ontwykend / kruip weg in sy woonstel / meng nie met ander nie / verkies om alleen te wees. √ | (1) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| 17.4 | Sy wil hê dat Greg die sekuriteitskameras moet kraak sodat sy dit kan gebruik vir 'n projek. √ | (1) [3[ |
| 17.5 | Hy sien Tom se lyk op die rivierbedding van die Eersterivier toe hy oor die houtbrug loop. √ | (1) [3] |

**(7 punte)**

**Hoofstuk 18**

| | | |
|---|---|---|
| 18.1 | Hy glo dat die Baker verantwoordelik is vir Tom se dood en dat hy deeglik is en nie leidrade sal agterlaat nie. √ | (1) [3] |
| 18.2 | Professor Kabi. √ | (1) [1] |
| 18.3 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Greg besef nie die gevaar van opkikkers nie. / Hy weet nie dat dit kan veroorsaak dat die gebruiker se organe ingee nie. √ | (1) [5] |
| 18.4 | Hy ontvang foto's van sy ma in sy dropbox. √ Tom se lyk in die Eersterivier. √ Hy is die meeste ontsteld oor die foto's van sy ma, √ want hy is in Stellenbosch en kan haar nie beskerm nie. √ | (2) [2] |
| 18.5 | Hy stap elke dag oor die brug en daar is 'n man op 'n motorfiets wat hom gereeld dophou en bewus is van sy bewegings. √ | (2) [3]<br>(1) [3] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 19**

| | | |
|---|---|---|
| 19.1 | Hy wil nie herken word nie. / Hy probeer om sy identiteit geheim te hou. √ | (1) [1] |
| 19.2 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hy en Tom was goeie vriende. Hy wou dalk na Tom se begrafnis gaan. √ | (1) [4] |
| 19.3 | In die rigting van die Botaniese Tuine. √ Hy wil nie met Greg praat nie, want hy het niks vir hom te sê nie. √ | (1) [1]<br>(1) [3] |
| 19.4 | Xander is 'n drawwer en hy is fikser as Greg. √ | (1) [2] |

**(5 punte)**

**Hoofstuk 20**

| | | |
|---|---|---|
| 20.1 | | |
| 20.1.1 | Vergelyking. √ | |
| 20.1.2 | Metafoor. √ | (2) [2] |
| 20.2 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, waar Greg ook al gaan veroorsaak hy chaos. / Dit was Greg se skuld dat Plank en Lisa byna opgebreek het. / Na hy vir Tom by die kerk ontmoet het, is hy doodgemaak. √ (enige ander relevante antwoord) | (1) [4] |
| 20.3 | Hy dink dat die boodskap van Xander af kom. √ | (1) [1] |
| 20.4 | Hulle praat Kaapse Afrikaans gemeng met bendetaal. √ (verswakking van vokale / weglating van medeklinkers aan die einde van 'n woord / assimilasie / Engelse woorde / eiesoortige woorde soos dala.) Dit dui op hul bendeagtergrond / dat hulle misdadigers is. √ (enige 1) | (2) [3] |
| 20.5 | Die Baker het met die persoon ooreengekom om die boodskap vir Greg te gee. √ | (1) [3] |
| 20.6 | Dit is 'n dreigboodskap wat Greg beveel om op te hou soek na die Baker, √ want as hy dit nie doen nie sal die Baker sorg dat Greg se pa in die tronk aangerand of doodgemaak word. √ | (2) [3] |
| 20.7 | Nee, Greg is gedetermineerd om die Baker op te spoor en te hardkoppig om sy soektog te laat vaar. √ | (1) [4] |

**(10 punte)**

## Hoofstuk 21

| | | |
|---|---|---|
| 21.1 | Hy raak bang en wil iets doen om sy pa te waarsku. √ Hy weet nie of hy hom kan bel nie en die tronkbewaarders is gewoond aan die geweld in die tronk dat hulle niks sal doen om hom te beskerm nie. √ | (2) [3] |
| 21.2 | Hy is waaksaam / agterdogtig / uitgeslape. √ | (1) [3] |
| 21.3 | Dit is moontlik iemand wat vir die Baker werk en gereeld vir hom soortgelyke take doen daarom sal hy voorsorg tref dat sy motor nie geïdentifiseer kan word nie. √ | (1) [3] |
| 21.4 | Hy ry na die naaste polisiekantoor en die agtervolger blaas die aftog. √ | (1) [1] |
| 21.5 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Dirk Schutte is ’n afgetrede polisieman wat sal weet hoe om die situasie te hanteer. √ | (1) [4] |
| 21.6 | Dit verwys na ’n baie moeilike saak wat net met kragtige maatreëls opgelos kan word. √ | (1) [3] |
| 21.7 | Tydens die vorige ontmoeting het hy vir Greg aangeraai om die kuberkrakery te laat staan, nou moedig hy hom aan om aan te gaan met ’n lewensgevaarlike taak. √ | (1) [3] |

**(8 punte)**

## Hoofstuk 22

| | | |
|---|---|---|
| 22.1 | Dat hy soos Alexander die Grote in staat is om moeilike take op te los. √ | (1) [3] |
| 22.2 | Dain February. √ | (1) [2] |
| 22.3 | Hy wil dit ignoreer omdat die e-posadres verdag lyk. √ Xander. √ | (2) [2] |
| 22.4 | Hy verwys na die video van sy pa se teregstelling. √ | (1) [1] |
| 22.5 | Hy is verafsku oor die wreedheid van die mense in die video, √ maar is verlig dat sy pa nie deel daarvan was nie. √ | (2) [3] |
| 22.6 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die Baker. √ Hy het voorheen vir Greg gewaarsku dat hy en sy “hacker buddy” hom moet uitlos en die Baker het gesorg dat Tom, Xander se vriend, doodgemaak word. √ | (2) [4] |
| 22.7 | In die proloog word regter Gericke by sy huis aangerand, die video van sy teregstelling dui op die handeling wat daarna plaasgevind het. √ | (1) [3] |

**(10 punte)**

## Hoofstuk 23

| | | |
|---|---|---|
| 23.1 | Project Nursery Rhyme sou gelei het tot die dood van mense wat hy nie ken nie, √ maar hy ken vir regter Gericke en is persoonlik betrokke sodat hy kan toesien dat hy doodgaan. √ Of: Hy wou geld maak met Project Nursery Rhyme, √ maar hier help hy om die regter te vermoor omdat hy nie sy omkoopgeld wou aanvaar nie. √ | (2) [3] |
| 23.2 | Die Baker het verwag dat Xander sal bang raak en nie vir Greg sal help om na hom te soek nie, √ maar dit spoor hom aan om wraak te neem op hom. √ | (2) [3] |
| 23.3 | Dit word kursief gedruk om dit te skei van die res van die verhaal. / Die skrywer druk dit kursief om te toon dat dit ’n | |

| | | |
|---|---|---|
| 23.4 | geskrewe gesprek tussen twee persone is. / Dit hef die gesprek uit. √ | (1) [2] |
| 23.5 | Xander word metafories as die jakkals gesien, want hy is geslepe en weet hoe om moeilike situasies te hanteer. / Xander is gevaarlik soos ’n jakkals en sal nie genade toon vir die Baker nie. √ | (1) [3] |
| 23.6 | Xander wil seker maak dat hulle kommunikasie veilig is en dat die inligting nie in ’n kraker of die Baker se hande beland nie. √ | (1) [3] |
| | Klief √ | (1) [2] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 24**

| | | |
|---|---|---|
| 24.1 | ’n Transpondeerder (elektroniese mikroskyfie), twee pakkies alkohollappies, steriele gaas, plastiek handskoene, ’n instrument wat soos ’n inspuiting lyk. (enige 4) √√√√ | (4) [1] |
| 24.2 | Dit kan jou help om rigting te hou / te hoor /te sien / liggaamsfunksies beheer / jy het nie meer sleutels of bankkaarte nodig nie. (enige 2) √√ | (2) [2] |
| 24.3 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, Xander het in die verlede vir Greg beheer en hy sal dit nie weer toelaat nie. √ | (1) [4] |
| 24.4 | Hy moet dit na ’n tatoeëerwinkel vat en die transpondeerder in sy hand laat plant. √ | (1) [2] |
| 24.5 | Hy wil seker maak of hy Greg kan vertrou. / Hy wil vir Greg in sy mag hê om hom te beheer. √ | (1) [3] |
| 24.6 | Greg sal op daardie wyse die enigste persoon wees wat die rekenaar kan ontsluit sodoende sal hulle kommunikasie nie in die verkeerde hande beland nie. √ | (1) [3] |

**(10 punte)**

**Hoofstuk 25**

| | | |
|---|---|---|
| 25.1 | Sy is ’n kunsstudent met ’n spontane geaardheid, haar woonstel is vol bont skilderye en ’n swart muur waarop sy kan skryf of teken. √ | (1) [3] |
| 25.2 | Hy sal haar help om die sekuriteitskameras van die universiteit te kraak vir haar kunsprojek. √ | (1) [2] |
| 25.3 | Hy wil vir Xander om die bos lei. √ Hy wil dit laat lyk asof hy wel die transpondeerder in sy hand geplant het al is dit nie waar nie. √ | (2) [3] |
| 25.4 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Chloe het goeie werk gedoen en die foto lyk eg. √ Of: Nee, Xander is uitgeslape en sal wonder waarom die metadata van die foto uitgevee is. √ | (1) [4] |
| 25.5 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, hy het geen bewyse dat dit waar is nie en praat slegs die media na. Of: Ja, wat hy sê is die waarheid. Daar is tans talle ondersoeke van korrupsie in Suid-Afrika waar voormalige staatsleiers betrokke was. √ | (1) [5] |
| 25.6 | Hy vind vir Plank, wat vol bloed is, omdat hy die transpondeerder in sy hand geplant het. √ | (1) [2] |
| | Dit kan veroorsaak dat Xander hom wantrou indien hy agterkom dat Greg nie sy bevele gehoorsaam nie. √ | (1) [3] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 26**

| | | |
|---|---|---|
| 26.1 | Hy het dagga gerook en nie besef wat hy doen nie. √ Hy het gedink dit is “cool” en wou dit probeer. √ | (2) [2] |
| 26.2 | Hy is ondersoekend / hou daarvan om te eksperimenteer. √ Hy is onverantwoordelik / impulsief. √ (oorweeg ander gepaste karaktereienskappe) | (2) [3] |
| 26.3 | Dit is intertekstueel, want dit verwys na ’n ander teks, in hierdie geval ’n film. √ Hannibal the Cannibal was ’n kannibaal wat mense geëet het en bloedige tonele agtergelaat het soos die in Greg se woonstel. / Albei verwys na baie bloed. √ | (2) [3] |
| | Hy het dit nie ontsmet nie. / Hy het nie die alkohollappies | |
| 26.4 | gebruik nie. √ | |
| | Hy wil die transpondeerder by ’n hospitaal laat uithaal. √ Die | (1) [1] |
| 26.5 | dokter of hospitaalpersoneel sal vrae vra wat hulle nie sal kan | |
| | beantwoord nie. √ | (1) [1] |
| | Hy wou nie vir Greg ontstel nie. / Hy is nog onder die invloed | (1) [3] |
| 26.6 | van dagga en kan nie normaal dink nie. √ | |
| | | (1) [2] |

**(10 punte)**

**Hoofstuk 27**

| | | |
|---|---|---|
| 27.1 | | |
| 27.1.1 | Naïef / liggelowig / goedgelowig. √ | |
| 27.1.2 | Die transpondeerder bevat die kode om die skootrekenaar te | (1) [2] |
| | ontsluit. √ | (1) [1] |
| 27.1.3 | Nee, die transpondeerder is in Plank se hand en nie in Greg s’n nie. √ | (1) [3] |
| 27.1.4 | Die woorde is effektief, want dit veroorsaak dat Greg skrik. √ | (1) [5] |
| 27.2 | Dit is moontlik dat die Baker se mense reeds sy rekenaar gekraak het, want daar was al iemand in sy woonstel en die Baker weet van sy ondersoek. √ | (1) [2] |
| 27.3 | In Istanboel in Turkye waar hy woon. √ | (1) [1] |
| 27.4 | Waarskynlik einde Mei of begin Junie. √ Greg het nog net twee semestertoetse oor en die halfjaareksamen lê nog voor. √ | (2) [3] |
| 27.5 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek sou verkies om eksamen te skryf, want ’n mens se toekoms is baie belangriker as wraak. √ | (1) [5] |
| 27.6 | Die transpondeerder wat die skootrekenaar ontsluit, is in sy hand daarom moet hy saamgaan, want daarsonder is die skootrekenaar nutteloos vir Greg. √ Plank moet van die aandele wat sy pa vir hom gegee het, verkoop om geld te kry vir die vliegkaartjie. √ | (2) [2] |
| 27.7 | Greg reis na Turkye omdat hy Xander se hulp benodig om die Baker op te spoor, maar vir Plank is dit byna soos ’n oorsese vakansie. √ | (1) [3] |

**(12 punte)**

**Hoofstuk 28**

| | | |
|---|---|---|
| 28.1 | Greg is bevrees dat iemand hom agtervolg. √ | (1) [3] |
| 28.2 | Dagga. √ | (1) [1] |
| 28.3 | Hy bel sy ma. √ | (1) [1] |
| 28.4 | Greg se broer, John, het selfdood gepleeg en hy weet dat sy ma steeds oor hom treur daarom is dit onvanpas. √ | (1) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| 28.5<br><br><br>28.6<br><br><br><br><br><br><br><br>28.7<br><br>28.8<br><br><br><br><br><br><br>28.9 | Sy is nie gelukkig nie, want sy was met ’n man getroud wat selde by die huis was, boonop het haar oudste seun selfdood gepleeg wat haar hart gebreek het. √<br>Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit is logies dat hy sy ma sal groet voordat hy oorsee gaan anders sou sy bekommerd wees oor hom as sy hom nie in die hande kan kry nie.<br>Nee, dit stel hulle lewe in gevaar, want as die Baker weet waarheen hulle op pad is, kan hy hulle volg en vir almal, Xander inkluis, uit die wegruim. √<br>Die aankomssaal is helder verlig en verwelkomend, √ terwyl Greg onseker en bang voel oor sy herontmoeting met Xander. √<br>Dit is die leuse van Lawson-kollege. √ Die skool wou niks met die Owens te doen gehad het nadat Greg veroorsaak het dat die skoolhoof en sy pa in die tronk beland nie. √ Greg het ’n goeie daad gedoen deur ’n virus te keer, maar die skool het dit steeds veroordeel en selfs John Owen se memorabilia aan die Owens terugbesorg. √<br>Xander hou nie daarvan dat ander mense hom moet sien nie. / Hy wil sy identiteit beskerm. √ In die Basilica Cistern √ | <br><br>(1) [3]<br><br><br><br><br><br>(1) [4]<br><br><br>(2) [3]<br>(1) [2]<br><br><br><br><br>(2) [3]<br><br>(2)[3] |

**(13 punte)**

**Hoofstuk 29**

| | | |
|---|---|---|
| 29.1 | Personifikasie. √ Die beeldspraak is effektief, want Turkye lê grootliks in Asië, maar daar is ook ’n deel wat in Europa is. √ | (1) [2]<br>(1) [5] |
| 29.2 | Daar is baie koepeldakke √ en torings. √ | (2) [2] |
| 29.3 | Xander weet nie dat die transpondeerder in Plank se hand ingeplant is nie. / Hy is onder die indruk dat die transpondeerder in Greg se hand is. √ | (1) [3] |
| 29.4 | Die Versonke Paleis. √ Dit was voorheen ’n waterreservoir. / Daar is ’n ondergrondse katedraal in die Basilica Cistern. √ | (1) [1]<br>(1) [3] |
| 29.5 | Dit is donker in die gebou daarom is dit geskik, want Xander wil nie raakgesien word nie / hy wil sy identiteit beskerm. √ | (1) [3] |
| 29.6 | Die Medusa-kop skep ’n onheilspellende atmosfeer. √ | (1) [3] |
| 29.7 | Tom / regter Gericke / selfs Xander en Greg. √√ | (2) [2] |
| 29.8 | Konnotatief. √ Hy vertrou nie vir Xander nie omdat hy hom al bedrieg het. / Dit is Xander se skuld dat die Owen-gesin verwoes is. √ | (2) [3] |
| 29.9 | Dit verwys na ’n rekenaarterm. / Dit is ’n terugverwysing na die vorige boek, *Onderwêreld*. √ Xander is ’n kuberkraker daarom sluit die rekenaarterm aan by sy persoonlikheid. √ | (2) [3] |

**(15 punte)**

**Hoofstuk 30**

| | | |
|---|---|---|
| 30.1 | Hy was bang dat Xander ’n pistool sal uithaal en hom sal skiet. √ | (1) [2] |
| 30.2 | Hulle het mekaar ongeveer twee jaar gelede gesien en tydens hulle vorige ontmoeting het Xander vir Greg ingelig dat hy hom misbruik het om wraak te neem op sy pa. √ | (1) [3] |
| 30.3 | Hy is manipulerend / baasspelerig. √ | (1) [3] |
| 30.4 | Hy het voorheen ’n skuilnaam gebruik en wil nie hê die mense moet iets van hom weet nie. / Hy is ’n buitestander en wil niemand naby hom toelaat nie. / Hy is agterdogtig en versigtig omdat hy bang is dat die Baker hulle kan opspoor. √ | (1) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| 30.5 | Hy wil verhoed dat hy die SIM-kaart gebruik. / Hy wil seker maak dat niemand hulle kan opspoor deur die SIM-kaart nie. √ | (1) [2] |
| 30.6 | Hy is woedend en weier om vir Greg te help omdat hy hom wantrou. √ Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, dit is onaanvaarbaar, want hy het nie vir Greg kans gegee om te verduidelik wat gebeur het nie. √ Greg het al die pad na Turkye gereis om hom te ontmoet, hy ken niemand in Turkye nie en sal sukkel om op sy eie reg te kom. √ | (1) [3]<br>(2) [4] |
| 30.7 | Wantroue / verraad / mag. √√ | (2) [3] |

**(10 punte)**

**Hoofstuk 31**

| | | |
|---|---|---|
| 31.1 | Hagia Sophia √ Blou Moskee. √ | (2) [1] |
| 31.2 | Hulle besluit om iets te eet √ en 'n hotel te gaan soek waarin hulle kan oornag. √ | (2) [2] |
| 31.3 | Hy wil nie hê dat sy kinders 'n kloon moet wees soos hy nie, maar dat hulle self moet besluit wat hulle met hul lewe wil doen. √ | (1) [3] |
| 31.4 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Greg is verheug, want hy is bly dat Xander hom gaan help om die Baker op te spoor.<br>Nee, Greg het nie 'n ander keuse as om Xander se hulp te vra nie. √ | (1) [4] |
| 31.5 | Hulle was saam in matriek op Lawson Kollege en hy weet dat Plank altyd vol grappe is. √ | (1) [3] |
| 31.6 | Ayla. √ | (1) [2] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 32**

| | | |
|---|---|---|
| 32.1 | Die Bo-Kaap. √ Albei ruimtes word gekenmerk deur die kleurvolle huise. √ | (2) [2] |
| 32.2 | Engels, √ Turks √ en Afrikaans. √ | (3) [1] |
| 32.3 | Dit skep 'n misterieuse atmosfeer. √ | (1) [3] |
| 32.4 | Ayla se ouers werk vir Doctors Without Borders. √ | (1) [1] |
| 32.5 | Hy wantrou vir Xander en Ayla en is bang dat die limonade vergiftig is. √ | (1) [3] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 33**

| | | |
|---|---|---|
| 33.1 | Onbenullighede. √ | |
| 33.2 | Albei is doelgerig / vasberade / gedetermineerd om die Baker op te spoor. √ | (1) [2] |
| 33.3 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink dit is verkeerd dat die media nie mag sê of skryf wat hulle wil nie, want dan is die inligting wat deurgegee word aan die publiek eensydig en moontlik onwaar. √ | (1) [3]<br>(1) [5] |
| 33.4 | Die oorsaak van die konflik is Xander en Greg se stryery oor hul ouers. √ Die gevolg daarvan is dat Xander 'n emosionele ineenstorting kry. √ Dit word ontlont deur Greg wat om verskoning vra √ en Ayla wat iets in Xander sê oor fluister om hom te kalmeer. √ | (4) [3] |
| 33.5 | Hy het van Tom afskeid geneem. √ | (1) [2] |
| 33.6 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Greg weet dat Xander agterbaks kan wees, daarom moet hy homself beskerm. | |

| | | |
|---|---|---|
| | Of: Nee, Greg weet dat Xander kwaad was omdat hy hom nie van die transpondeerder in Plank se hand vertel het nie en dat die geheim van die gebrande boek weer wantroue kan veroorsaak. √ | (1) [4] |
| 33.7 | Hy draf soggens. √ | (1) [1] |

**(10 punte)**

**Hoofstuk 34**

| | | |
|---|---|---|
| 34.1 | Die titel van die roman is *Donker Web* en hierdie hoofstuk handel oor die donker web, 'n webtuiste waar daar handelgedryf word met onwettige ware. √ | (1) [3] |
| 34.2 | Plank verwys spottend daarna as 'n plek waar jy dwelms kan koop, maar die donker web dryf handel met onwettige vuurwapens, vervalste geld en huurmoordenaars wat baie gevaarliker is. √ | (1) [3] |
| 34.3 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Xander se pa, regter Gericke, het met 'n Montblanc-pen geskryf die dag toe hy verdwyn het, dit is moontlik sy pen wat hy geërf het. √ | (1) [4] |
| 34.4 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit is funksioneel, want dit help die leser om te verstaan hoe die donker web werk. √ | (1) [4] |
| 34.5 | Die feit dat die donker web anonimiteit vooropstel. √ | (1) [3] |
| 34.6 | Hulle mag niks aflaai nie. / Die kamera en mikrofoon moet afgeskakel wees. / Skerms mag nie op die maksimum grootte gebruik word nie. / Java en Flash moet afgeskakel wees. / Hulle mag nie "add-ons" gebruik nie. √√ (enige 2) | (2) [2] |
| 34.7 | Xander sê dat Greg nie op enige vreemde goed mag klik nie, maar vir hom lyk alles vreemd, want hy was nog nooit op die donker web se webtuiste nie. √ | (1) [3] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 35**

| | | |
|---|---|---|
| 35.1 | Candon / 'n Turkse straatsmous. √ Xander wil nie hê dat enige iemand iets van hom of sy blyplek moet weet nie. √ | (2) [3] |
| 35.2 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Xander tree regverdig op, want as Plank sy foon gebruik, kan dit hulle blootstel √ en die Baker sal hulle kan opspoor. √ | (2) [5] |
| 35.3 | Hy vloek onderlangs, maar is steeds kalm. √ | (1) [2] |
| 35.4 | Hy is 'n chemikus of 'n dokter met kennis van virusse. / Hy kan medikasie/vaksines vervaardig. / Hy sal iemand doodmaak vir geld. √√ (enige 2) | (2) [2] |
| 35.5 | Hulle wil hom uit die donker lok met 'n versoek vir 'n nuwe projek. √ | (1) [2] |
| 35.6 | Pardoks. √ | (1) [3] |
| 35.7 | Hulle het nie genoeg kennis van die chemiese stowwe nie, daarom moet hulle navorsing doen. √ | (1) [3} |

**(10 punte)**

**Hoofstuk 36**

| | | |
|---|---|---|
| 36.1 | Hy is kwaad omdat die gebrande boek se leidrade hulle gouer op die regte spoor sou plaas, maar Greg het dit geheim gehou wat die proses vertraag. √ | (1) [3] |
| 36.2 | Die tekening in die boek is 'n chemiese struktuur vir Mandrax. / Daar is 'n lys met die dodelikste chemikalieë. √ Hy vermoed dat | |

| | | |
|---|---|---|
| | die Baker betrokke was by Project Coast wat geëksperimenteer het met chemiese oorlogvoering. √ | (2) [3] |
| 36.3 | Hy is geskok. √ Greg het vir hom en Lisa van die boek vertel en hy het die boek self gesien. √ | (2) [2] |
| 36.4 | Die ontdekking van die boek veroorsaak dat Xander agterdogtig is en vir Greg wantrou. √ | (1) [3] |

**(6 punte)**

**Hoofstuk 37**

| | | |
|---|---|---|
| 37.1 | Ja, Greg studeer Sportwetenskap en rugby is sy gunstelingsportsoort daarom is dit gepas. √ Die woord "tackle" verwys na 'n terugslag naamlik die gebrande boek wat hy weggesteek het wat konflik tussen hom en Xander veroorsaak | (1) [4]<br>(1) [3] |
| 37.2 | het. √ | (1) [1] |
| 37.3 | Gif. √<br>Ja, sy weet dat Xander en Greg met vuur speel en is bang vir die | (1) [3] |
| 37.4 | gevolge daarvan. √ | (1) [2] |
| 37.5 | Sy is ondersteunend, maar maan hom om versigtig te wees. √<br>Die leser kan aflei dat Plank nie 'n idee het wat Novichok is nie. √ | (1) [3] |

**(6 punte)**

**Hoofstuk 38**

| | | |
|---|---|---|
| 38.1 | Novichok is 'n dodelike senumiddel. / Dit veroorsaak beskadiging van jou senuweestelsel. √ | (1) [1] |
| 38.2 | Hulle wil 'n soortgelyke middel as Novichok gebruik om die Baker te lok. √ Klandestiene labs, mediese toksikoloë, militaristiese blaaie, webblaaie wat werwing doen vir chemiese en biologiese oorlogvoering, plekke wat ondergrondse mediese navorsing doen, webblaaie wat mediese rekords verkoop en verskaffers van mediese toerusting. √√ (enige 2) | (1) [3]<br>(2) [1]<br>(2) [2] |
| 38.3 | Die Amerikaanse vloot was verantwoordelik vir die ontstaan van die donker web. √ Hulle wou die regering se kommunikasie beskerm. √ | |

**(6 punte)**

**Hoofstuk 39**

| | | |
|---|---|---|
| 39.1 | "Heilige Wysheid" verwys na die Hagia Sophia wat 'n gebou / besienswaardigheid is. √ Dit kan ook figuurlik op wysheid dui wat heilig is. √ | (2) [3] |
| 39.2 | Xander het die voorreg om deur 'n liefdevolle pa grootgemaak te word verloor. √ Greg het sy broer verloor. / Hy het sy pa verloor omdat hy die rede was dat hy tronk toe moes gaan. √ | (2) [3] |
| 39.3 | Gli is die kat wat al jare in die museum bly. √ | (1) [1] |
| 39.4 | Hy wys vir hom 'n paar marmer-brokstukke wat deel was van die oorspronklike gebou. √ Hy wil aan hom verduidelik waar hy aan die palindroom gekom het wat deel was van die vorige gebou se steenvonte. √ | (1) [1]<br>(1) [4] |
| 39.5 | Skoonmaak / reiniging / hergeboorte. √ | (1) [2] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 40**

| | | |
|---|---|---|
| 40.1 | Hy voel skuldig omdat hy vir Plank afskeep. √ | (1) [2] |

| | | |
|---|---|---|
| 40.2 | Die boodskappe van die Chinese word uitgeskakel omdat dit onwaarskynlik is dat die Baker vanuit die Ooste kom. √ | (1) [3] |
| 40.3 | Elsewhere word met ’n hoofletter geskryf omdat dit ’n eienaam is. / Dit is die naam van ’n webtuiste. √ | (1) [3] |
| 40.4 | Nee, hy lê meestal en slaap of dwaal rond en gesels met Candon. / Plank besef nie die erns van die situasie nie en maak simpel aanmerkings. √ | (1) [3] |

**(4 punte)**

**Hoofstuk 41**

| | | |
|---|---|---|
| 41.1 | Elsewhere se webblad is baie negatief, dit propageer geweld en chaos. √ | (1) [3] |
| 41.2 | Die inleidingsblad van Elsewhere sê dat vreeslike dinge sal gebeur, maar dat jy nie moet breek nie en die eerste motto van *Donker Web* het dieselfde strekking en sê dat jy nie moet bang wees nie. √ | (1) [3] |
| 41.3 | Daar word verwys na George Orwell se boek, *1984*. √ | (1) [2] |
| 41.4 | Greg vind uit dat Xander angsaanvalle kry as daar oor sy pa se dood gepraat word. √ | (1) [2] |
| 41.5 | Hulle het ontmoet op ’n konferensie van die Freedom House wat internetvryheid wêreldwyd monitor. √ | (1) [1] |
| 41.6 | Daar is nie ’n intieme verhouding tussen haar en haar ouers nie en hulle sien mekaar min. √ | (1) [3] |
| 41.7 | Font Code. √ Hy het nie meer ’n selfoon om ’n foto te neem nie. √ | (2) [2] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 42**

| | | |
|---|---|---|
| 42.1 | Xander wou gaan draf, maar vergeet tydelik van die drawwery. √ | (1) [3] |
| 42.2 | Hy dink dit is gevaarlik √ en waarsku vir Greg teen die gebruik van middels wat jy nie by ’n dokter kry nie. √ | (2) [2] |
| 42.3 | Hulle gaan draf. √ | (1) [1] |
| 42.4 | Hy ken vir Xander as ’n ernstige/intense persoon wat nooit sy skanse laat val nie, maar nou speel hy met kinders. √ | (1) [3] |
| 42.5 | Greg is nederig/beskeie. √ | (1) [3] |
| 42.6 | Ja, hy steek sy gevoelens vir Ayla weg. / Hy steek ook die feit dat sy pa hom as jong seun na John se dood verwerp het weg. √ | (1)[4] |
| 42.7 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die Baker is ’n baie intelligente persoon wat maatreëls in plek sal hê of persone het wat vir hom werk om seker te maak dat niemand sy netwerk binnedring of hom bedreig nie. √ | (1) [4] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 43**

| | | |
|---|---|---|
| 43.1 | Xander klap die skootrekenaar toe en glo dat hulle plan misluk het. √ Vasberadenheid/deursettingsvermoë. √ | (2) [2] |
| 43.2 | Hulle wil sy Bitcoin-adres navolg, √ die programmatuur op die bediener naspeur √ of kyk of hy ’n spoor met datakrummels agtergelaat het soos metadata van die video wat hy gestuur het. √ | (3) [3] |
| 43.3 | Die video van sy pa se teregstelling is ontstellend en hy het die vorige keer ’n angsaanval gekry toe hy daarna gekyk het. √ | (1) [1] |
| 43.4 | | |

| | | |
|---|---|---|
| 43.5<br>43.6 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Greg en Xander werk saam as ’n span, want albei het goeie idees en hulle probeer alle moontlikhede ondersoek. √<br>Hulle gaan ’n video van ’n kat op die bediener plaas, maar dit sal nie werk as hy dit wil kyk nie. √ Hy sal Codec moet aflaai en dan kan hulle sy IP-adres verkry. √<br>Florence, Italië. √ | (1) [4]<br>(2) [2]<br>(1) [1] |

**(10 punte)**

**Hoofstuk 44**

| | | |
|---|---|---|
| 44.1 | Hulle sal nie met hulle Suid-Afrikaanse paspoorte na Europa kan reis nie. √ Xander bestel Europese paspoorte op die donker web. √ | (2) [2] |
| 44.2 | Xander. √ | (1) [1] |
| 44.3 | | |
| 44.3.1 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, wanneer die mens wonderlike tegnologiese ontdekkings maak, verbeel hy hom hy is so magtig en dink hy is ’n superwese. √ | (1) [5] |
| 44.3.3 | Verlies van identiteit. √ | (1) [3] |
| 44.4 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit is ’n effektiewe vergelyking, want ’n mens is geneig om gratis aanbiedinge te aanvaar sonder om te wonder oor die nagevolge daarvan. √ | (1) [4] |

**(6 punte)**

**Hoofstuk 45**

| | | |
|---|---|---|
| 45.1 | Hulle verken Istanboel en besoek besienswaardighede. √ Dit sal ongeveer tien dae duur om hulle vervalste paspoorte te ontvang. √ | (2) [2] |
| 45.2 | ’n Metaal-olielampie. √ | (1) [1] |
| 45.3 | Hy sê dat ’n mens lekker sal kan visvang in die Basilica Cistern. √ | (1) [3] |
| 45.4 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Plank is nie net ’n grapmaker en goeie vriend nie, hy is ’n diepsinnige, sielvolle persoon wat die dieper dinge in die lewe waardeer. √ | (1) [5] |
| 45.5 | Personifikasie, √ om te kreun is ’n menslike eienskap wat aan lewelose voorwerpe soos lekkers gegee word. √ | (2) [2] |
| 45.6 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, die paspoorte lyk soos die amptelike weergawe en daar is selfs doeanestempels in die paspoorte. √ | (1) [4] |
| 45.7 | Plank storm in en sê dat hy opgemors het en dat hulle groot moeilikheid het. √ | (1) [3] |

**(9 punte)**

**Hoofstuk 46**

| | | |
|---|---|---|
| 46.1 | Sy vriend Candon sê dat daar mense by hom was wat navraag oor hulle gedoen het. / Hulle het spesifiek verwys na drie Suid-Afrikaanse mans en ’n Turkse meisie. √ Plank het Candon se selfoon gebruik om vir Lisa te bel. √ Die mense wat oor hulle navraag gedoen het weet waar hulle bly. √ | (3) [2] |
| 46.2 | Daar ontstaan konflik tussen Plank en Xander. / Xander beveel dat hulle dadelik moet pak en moet vlug. / Xander gooi die | |

| | | |
|---|---|---|
| | skootrekenaars stukkend. / Die mense wat hulle soek, bars die woonstel binne. / Xander weier dat Plank saam met hulle moet gaan. √√ (enige 2) | |
| 46.3 | Hulle vlug uit op die terras en sluit die deur van buite voordat hulle oor die muurtjie spring. √ ’n Uber-taxi neem hulle na die lughawe. √ | (2) [2] |
| 46.4 | Hy kies vir Xander. √ Hy weet dat hy nie sonder Xander die Baker in die hande sal kry nie. / Hy glo dalk dat die Baker net weet van hom en Xander en dat Plank veilig sal wees.√ Plank was deur dik en dun sy vriend en het hom nog nooit in die steek gelaat nie, maar nou laat hy hom agter. √ | (2) [2]<br>(1) [1]<br>(2) [3] |
| 46.5 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Plank is deur die Baker se mense gevang en gemartel om uit te vind wat Xander en Greg se planne is. √ | (1) [4] |

**(11 punte)**

**Hoofstuk 47**

| | | |
|---|---|---|
| 47.1 | Sy pa het die dag van John se selfdood vir Greg gesê dat dit eerder hy moes wees wat moes doodgaan. √ Dit het innerlike konflik by Greg veroorsaak omdat hy verwerp gevoel het deur sy pa. √ | (2) [3] |
| 47.2 | John se selfdood √ en dit wat sy pa vir hom gesê het / sy pa het hom verwerp. √ | (2) [3] |
| 47.3 | Nee, Greg is glad nie soos sy pa nie. Hy probeer altyd om die regte ding te doen en hy het geen ander keuse gehad as om vir Plank agter te laat nie. √ | (1) [5] |
| 47.4 | Hy sien nie die verhouding tussen hom en Xander as vriendskap nie, maar bloot ’n pakt/’n ooreenkoms. √ | (1) [1] |
| 47.5 | Dit was moontlik mense wat vir die Baker werk. √ | (1) [2] |
| 47.6 | Die spanning word verhoog toe die doeanebeampte sy kollega roep en met hom praat voordat hy Greg se paspoort stempel. √ | (1) [2] |
| 47.7 | Leonardo da Vinci-internasionale lughawe. √ | (1) [1] |
| 47.8 | Hotel Domus Florentiae. √ | (1) [1] |
| 47.9 | Die agterdeurtoegang kan help om persoonlike inligting op die Baker se skootrekenaar vind. √ | (1) [3] |

**(11 punte)**

**Hoofstuk 48**

| | | |
|---|---|---|
| 48.1 | Die son begin eers half nege saans sak. √ | (1) [2] |
| 48.2 | ’n Teken van hoop / ’n teken dat Plank veilig is. √ | (1) [3] |
| 48.3 | Hulle vind sy straatadres/fisiese adres. √ Gekodeerde lêers. (encrypted files) √ | (2) [3] |
| 48.4 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, die Baker kan hom sien en gevange neem sonder dat Xander daarvan weet. / Hy kan die Baker die skrik op die lyf jaag en hy kan vlug. / Dit sal konflik tussen hom en Xander veroorsaak omdat Xander nie daarvan hou dat Greg iets doen sonder om hom in te lig daaroor nie. √√ (enige twee aanvaarbare menings) | (2) [4] |
| 48.5 | Hy sien ’n man en ’n vrou in die huis wat na hom kyk asof hulle hom ken. √ Hy hoor swaar klaviermusiek. √ | (2) [2] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 49**

| | | |
|---|---|---|
| 49.1 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Plank het hulle veiligheid bedreig en byna hul plan om die Baker te vind verongeluk. | |
| | Of: Nee, enige mens verdien ’n tweede kans, Plank het nie met opset hulle veiligheid in gedrang gebring nie. √ | (1) [4] |
| | Hy is woedend en dit lyk asof hy vir Greg wil slaan. √ Persoonlike | (1) [3] |
| 49.2 | opinie, byvoorbeeld: Ja, Greg en Xander het so hard gewerk om die Baker op te spoor en Greg kan hulle kanse beduiwel om hom vas te trek. √ | (1) [4] |
| | Hy gaan na die Accademia-galery. √ Hy voer ’n gesprek met ’n | |
| 49.3 | ouerige man en ’n dame fluister in sy oor dat die dokter baie dinge weet. √ Die sambreel met die gargoyle-kop is kenmerkend. √ | (3) [2] |
| | Die Baker en sy vrou is nie meer by sy woning nie. √ | (1) [3] |
| 49.4 | Dirk Schutte / Lisa se pa. √ | (1) [1] |
| 49.5 | | |

**(8 punte)**

## Hoofstuk 50

| | | |
|---|---|---|
| 50.1 | Hy is skrikkerig vir Dirk en dink omdat Dirk ’n oud-polisieman is, hy dalk die Baker is. / Hy weet dat hy baie konneksies het / en dink dat hy dalk betrokke kon wees by chemiese en biologiese oorlogvoering. / Die feit dat hy vanaf die Baker se huis hulle agtervolg het, plaas hom onder verdenking. (enige 2) √ √ | (2) [3] |
| 50.2 | Vergelyking. √ | (1) [2] |
| 50.3 | Daar is ’n teddiebeer in. √ In die binnekant/opstopsel van die teddiebeer is ’n pistool. √ Hy het dit op die donker web bestel. √ | (3) [2] |
| 50.4 | Hy rig die pistool op Greg. √ | (1) [3] |
| 50.5 | Persoonlik opinie, byvoorbeeld: Ek dink dit is onaanvaarbaar om ’n pistool op iemand te rig, want ongelukke gebeur maklik en iemand kan doodgeskiet word. √ | (1) [5] |

**(8 punte)**

## Hoofstuk 51

| | | |
|---|---|---|
| 51.1 | Hy het net ’n grappie gemaak en wou net Greg se reaksie sien. √ | (1) [3] |
| 51.2 | Dirk Schutte. √ By die Palazzo Vecchio. √ | (2) [1] |
| 51.3 | Die pistool maak hom bang / dit laat hom ongemaklik voel / hy wil nie daaraan raak nie. √ ’n Mens kan daaruit aflei dat Greg waarskynlik nog nooit ’n vuurwapen hanteer het nie. / Greg glo nie aan geweld nie. √ | (2) [3] |
| 51.4 | Medusa: Basilica Cistern in Istanboel. √ Dawid: Accademia-galery. √ | (2) [2] |
| 51.5 | Hy het ’n boodskap vir Greg gebring. / Greg se ma het gevra dat hy vir Greg ’n boodskap moet bring. √ | (1) [2] |

**(8 punte)**

## Hoofstuk 52

| | | |
|---|---|---|
| 52.1 | Sy ma is bekommerd oor hom. √ Dok Pienaar is dood. √ Chris Owen is ernstig aangerand in die tronk en hy lê in die hospitaal se intensiewe hoësorgeenheid. √ | (3) [2] |
| 52.2 | | (1) [2] |

| | | |
|---|---|---|
| 52.3 | Plank het vir Lisa gebel en sodoende het Dirk geweet waar om hulle in die hande te kry. / Plank het waarskynlik vir Lisa gesê dat hulle na Italië toe gaan. √ | (1) [3] |
| 52.4 | Die vergelyking verwys na 'n lem en Dok is met 'n skerpgemaakte tandeborsel wat soos 'n lem ingespan word, doodgesteek. √ | (1) [3] |
| 52.5 | Die feit dat hy op sy hoede was ná Dirk hom op 'n manier gewaarsku het dat iemand hom wil doodmaak. √ | (1) [4] |
| 52.6 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, die Baker het vir Greg gewaarsku en omdat hy nie sy soektog wou laat staan nie, het hy die dreigement uitgevoer. √ | (1) [3] |
| | Hy is bang dat hy vir die Baker werk en dat die water vergiftig is. √ | |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 53**

| | | |
|---|---|---|
| 53.1 | Ja, Greg oorweeg dit om op te hou soek na die Baker omdat sy pa byna doodgemaak is. √ | (1) [3] |
| 53.2 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, almal van hulle is boos en bedreig die mensdom se veiligheid, want hulle het beplan om mense dood te maak en die Baker maak steeds enige iemand wat hom bedreig dood. √ | (1) [4] |
| 53.3 | Ja, hy het al sy kontakte by die Italiaanse ambassade gebruik om 'n visum te kry. / Hy het van Suid-Afrika na Italië gevlieg om vir Greg te help. √ | (1) [2] |
| 53.4 | Hy stel die soektog na die Baker gelyk aan om berg te klim. √ | (1) [2] |
| 53.5 | Dirk kan sy ervaring as polisieman gebruik om te help om die Baker vas te trek. √ | (1) [3] |

**(5 punte)**

**Hoofstuk 54**

| | | |
|---|---|---|
| 54.1 | Greg het aanvanklik, toe hy vir Xander leer ken het, gedink hy is sy vriend terwyl Xander hom net gebruik het om wraak te neem. √ | (1) [3] |
| 54.2 | Hy wil die Baker se webkamera van sy skootrekenaar kraak om vas te stel wie hy is. √ | (1) [2] |
| 54.3 | Hiperbool/oordrywing. √ | (1) [3] |
| 54.4 | Hy het die agterdeurtoegang toegemaak. √ Hulle kan deur die Meterpeter-program sy webkamera op 'n afstand manipuleer. √ | (2) [2] |
| 54.5 | Hulle neem 'n foto van sy webkamera en sien op die agtergrond 'n gebou naby water, 'n persoon wat naby hulle sit, sê vir hulle dat dit 'n kerk in Venesië is. √ | (1) [3] |
| 54.6 | Hulle moet na Venesië reis. √ | (1) [1] |

**(7 punte)**

**Hoofstuk 55**

| | | |
|---|---|---|
| 55.1 | Venesië. √ | (1) [1] |
| 55.2 | Hy het vir Greg-hulle op die trappe hoor praat. √ Greg en Xander is so waaksaam om hulle inligting op die rekenaar te beskerm, | (1) [2] |

| | | |
|---|---|---|
| | maar hulle praat oop en bloot oor hul planne om na Venesië te | (1) [3] |
| 55.3 | gaan. √ | |
| | Greg kyk self gedurig oor sy skouer en dink dat hy agtervolg | (1) [3 |
| 55.4 | word, maar hy beskuldig nou vir Xander daarvan. √ | |
| | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, Greg was desperaat om | |
| | Xander se hulp te kry om die Baker op te spoor, hy het | |
| | aanvanklik verkies om niks met Xander te doen te hê nie omdat | (1) [4] |
| 55.5 | hy hul gesin vernietig het. √ | (1) [3] |
| 55.6 | Oksimoron. √ | (1) [1] |
| | Airbnb-blyplek / ’n studio / ’n plek waar ’n kunstenaar soms | |
| 55.7 | kom werk. √ | (2) [1] |
| 55.8 | Die gebrande boek. √ Hy sien ’n klein bloedkolletjie. √ | |
| | Professor Kabi, Thomas Lawson, Generaal Winters, André | (3) [1] |
| 55.9 | Symington. (enige 3) √√√ | |
| | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Thomas Lawson. √ Dit is | |
| | vreemd dat Lawson so aanhoudend probeer om sy hulp aan | |
| | Greg aan te bied terwyl hy niks gedoen het om Chris Owen uit | (2) [5] |
| | die tronk te hou nie. √ | |

**(14 punte)**

**Hoofstuk 56**

| | | |
|---|---|---|
| 56.1 | “Die ou wat wraak wil neem, moet twee grafte grawe.” √ Dit | (1) [1[ |
| | suggereer dat jy self in die proses sal seerkry. √ | (1) [3] |
| 56.2 | Personifikasie. √ | (1) [3] |
| 56.3 | Die Baker. √ | (1) [1] |
| 56.4 | Hy dink dat Xander vir Ayla sosiaal manipuleer en haar net | |
| | misbruik om wraak te neem op haar pa. √ Persoonlike opinie, | (1) [3] |
| | byvoorbeeld: Nee, daar is ’n spesiale band tussen Ayla en Xander | |
| | en dit lyk asof hy regtig lief is vir haar. / Ayla se pa kan nie die | |
| | Baker wees nie, want die plek waarvoor hy werk, Doctors | |
| | Without Borders, beywer hulle vir goeie gesondheidsorg | |
| | dwarsoor die wêreld, hulle sal nie poog om mense dood te maak | |
| | nie. √ | (1) [5] |

**(6 punte)**

**Hoofstuk 57**

| | | |
|---|---|---|
| 57.1 | ’n Mens kan aflei dat Greg ’n goeie mens is wat nie wil hê ander moet seerkry nie. √ Jy kan aflei dat Greg iets voel vir haar en haar wil beskerm. √ | (2) [3] |
| 57.2 | Hy vind haar op die Rialto-brug. √ | (1) [1] |
| 57.3 | Daar is baie toeriste wat verskillende tale praat. √ | (1) [3] |
| 57.4 | Sy wil dit nie glo nie, want sy ken vir Xander en is lief vir hom. √ Sy glo dat haar pa ’n goeie mens is en nie tot boosheid in staat is nie. √ | (2) [3] |
| 57.5 | Ayla en haar ouers was nog nooit na aan mekaar nie, want sy sien hulle min. √ | (1) [2] |
| 57.6 | Die Baker is ’n viroloog wat met virusse eksperimenteer wat mense siek maak, net so word Xander vergelyk met ’n virus wat mens siek maak en skade berokken. √ | (1) [3] |
| 58.7 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, Xander het hom gewaarsku om weg te bly van Ayla. Hy weet dat Xander en Ayla in ’n verhouding is en speel met vuur. √ | (1) [4] |

**(9 punte)**

**Hoofstuk 58**

| | | |
|---|---|---|
| 58.1 | Hy sê dat hy besig was op Chris Owen se rekenaar. √ Hy het Greg se pa se Voyager miles gekraak en vir hom 'n vliegtuigkaartjie gekoop daarmee. √ | (2)[2] |
| 58.2 | Dit is Greg se kuberkraker skuilnaam. √ | (1) [3] |
| 58.3 | Hy is besig om 'n emosionele ineenstorting te kry. √ In hulle huis in Istanboel was hy en Greg in 'n woordewisseling en hy het soortgelyk opgetree. √ | (2) [3] |
| 58.4 | Prometheus word aan Xander gelykgestel. √ Daar word geïmpliseer dat Xander wou goed doen om vir Greg te help om die Baker op te spoor, want hy het berou omdat hy Greg en sy gesin se lewens verwoes het. √ | (1) [2]<br>(1) [3] |
| 58.5 | Nee, Xander het verander, hy probeer regtig vir Greg help. Hy sal nie sy huis in Turkye prysgegee het as hy nie opreg was nie. / Xander vergewe telkens vir Greg as hy 'n misstap begaan en plaas alles in die stryd om te vergoed vir die kwaad wat hy aan Greg gedoen het. √ | (1) [5] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 59**

| | | |
|---|---|---|
| 59.1 | Hy hou die Baker se webkamera dop. √ | (1) [2] |
| 59.2 | "Maar selfs 'n spinnekopweb lyk onskuldig totdat die vlieg daarin beland" / " ... hoekom bewe die spinnekopweb van my intuïsie" / "... die eintlike ou wat in die donker hoekie sit ..." √ √ (enige 2) | (2) [3] |
| 59.3 | Greg vertrou nie vir Xander nie en glo dat hy iets wegsteek. / Hy wil vasstel of Xander ook dink dat Ayla se pa die Baker is. √ | (1) [3] |
| 59.4 | Hy hoor die stemme van 'n man en 'n vrou, √ swaar klaviermusiek √ en sagte biepgeluide van iemand wat 'n nommer op 'n selfoon skakel. | (3) [1] |
| 59.5 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die Baker se vrou / Valkyrie. √ | (1) [4] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 60**

| | | |
|---|---|---|
| 60.1 | Dit is 'n ouerige gryskop man wat sy hare agteroor kam, wasbleek vel, ruie wenkbroue, prominente neus, diep plooie en saamgeperste lippe. √ Greg het hom al twee keer gesien (by Thomas Lawson se huis en in die Accademia-galery). √ | (1) [1]<br>(1) [3] |
| 60.2 | 'n Video word vanaf die Baker se webkamera op Xander se skootrekenaar se hardeskyf gestoor. √ | (1) [1] |
| 60.3 | Hy lees oor Project Coast, chemiese stowwe en metodes, Vlakplaas en Eugene de Kock. √ Die gebrande boek het verwysings na chemiese oorlogvoering en gevaarlike stowwe. √ | (1) [2] |
| 60.4 | Dirk Schutte. √ Dirk was jare lank in die polisie en sal onthou van groot misdaadsake soos Project Coast en Sebastian Stadler wat die polisie nooit kon vastrek nie. √ | (1) [1]<br>(1) [3] |
| 60.5 | Tydens 'n partytjie by Thomas Lawson se huis. √ Ja, dit was vreemd dat 'n wildvreemde man vir Greg vertel van sy wreedheid teenoor diere. / Thomas Lawson het gespanne gelyk in die Baker se teenwoordigheid. √ | (1) [2]<br>(1) [3] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 61**

| | | |
|---|---|---|
| 61.1 | Dit verwys na binêre syfers wat gebruik kan word om 'n rekenaar te kraak. Xander het die Baker se skootrekenaar gekraak. √ | (1) [3] |
| 61.2 | Die polisie het jare gelede na Sebastian Stadler gesoek, maar die dossiere en Stadler het beide verdwyn. √ | (1) [2] |
| 61.3 | Die kombuis word gebruik as 'n strydkamer, hulle plak notas en foto-uitdrukke op die muur om 'n duidelike prentjie te kry oor hoe om die soektog na die Baker op te los. √ | (1) [3] |
| 61.4 | Teen die muur van die strydkamer is foto's en notas wat letterlik (denotatief) met mekaar verbind word om die saak op te los. √ Die draad van die web wat vasgeknoop word, verwys figuurlik (konnotatief) na hoe die die inligting soos 'n web gebind word om die Baker vas te trek. √ | (2) [3] |
| 61.5 | Uitschotkraal. √ Chemie en medies. √ Hy was betrokke by spesiale projekte (Koverte operasies) van die weermag en werk nou op sy eie aan bose projekte. √ | (3) [1] |
| 61.6 | Hulle wil hom opspoor deur met selfone te loop en soek na hom wat beelde sein na Xander se rekenaar en hom deur middel van gesigsherkenning identifiseer. √ | (1) [1] |

**(9 punte)**

**Hoofstuk 62**

| | | |
|---|---|---|
| 62.1 | Skermskote van die video word uitgedruk en gekoppel aan die programmatuur van die gesigsherkenningsprogram om 'n ooreenkoms met die foto van die Baker op te spoor. √ | (1) [2] |
| 62.2 | Dit verwys na George Orwell se boek *1984* waar kameras gebruik is om mense vir vier en twintig uur van die dag dop te hou. / Kameras wat mense dophou en identifiseer. √ Intertekstualiteit. √ | (2) [3] |
| 62.3 | Selfone met goeie kameras en voorafbetaalde data. √ Gesigherkenningsprogram. √ | (2) [2] |
| 62.4 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink Greg is bang dat die Baker hulle sal vang en dieselfde aan hulle doen as wat hy met Xander se pa gedoen het. √ Greg het die vorige aand navorsing gedoen oor Project Coast en was so geskok oor die inligting dat dit nog in sy onderbewussyn is en na vore kom as hy slaap. √ | (2) [4] |
| 62.5 | Xander het vir Greg hoor skree en het gedink dat hy in lewensgevaar is en wou hom beskerm. √ | (1) [3] |

**(8 punte)**

**Hoofstuk 63**

| | | |
|---|---|---|
| 63.1 | Naby San Giorgio Maggiore, restaurant en plekke wat toeriste kan besoek. √ Die foto wat hulle na Venesië gelei het, het San Giorgio Maggiore op die agtergrond gehad en die Baker mag dalk besienswaardighede besoek of by 'n restaurant eet. √ | (2) [2] |
| 63.2 | Hulle sal 'n paar ure op straat wees om die Baker te identifiseer en as 'n selfoon gedurig 'n video neem, gebruik dit baie batterykrag. √ | (1) [3] |
| 63.3 | Gondels / waterkanale / "waterstrate". √ | (1) [2] |
| 63.4 | Greg gaan sit op 'n trappie van die Londra Place-hotel, naby die monument van Victor Emmanuel II. √ Hy moes nog 'n "power bank" by die woonstel gaan haal. √ | |
| 63.5 | | (2) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| 63.6 | Xander moet die rekenaarskerm dophou om te sien wanneer die Baker se gesig geïdentifiseer word. √<br>Hy is bang dat iemand die selfoon sal vat. √ Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, daar is baie toeriste in Venesië en enige iemand kan die selfoon vat. / Die Baker is uitgeslape en hy kon hulle dalk heeltyd dopgehou het sonder dat hulle weet daarvan, as hy die selfoon vat, sal die selfoon hom na hulle lei. √ | (1) [1]<br>(1) [3]<br>(1) [4] |

**(9 punte)**

**Hoofstuk 64**

| | | |
|---|---|---|
| 64.1 | Metafoor. √ | (1) [3] |
| 64.2 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, hulle weet hoe gevaarlik die Baker kan wees en moet hulle self kan beskerm.<br>OF: Nee, Venesië wemel van toeriste, onskuldige persone kan dalk seerkry. √ | (1) [4] |
| 64.3 | Hulle kom agter dat die selfoon weg is. √ | (1) [1] |
| 64.4 | ’n Stalletjiessmous. √ ’n Pet met ’n leeu en vlerke voorop. √ | |
| 64.5 | Die smous se doelwit is om geld uit die toeriste te maak, maar nou gee hy iets weg. √ | (2) [2]<br>(1) [3] |

**(6 punte)**

**Hoofstuk 65**

| | | |
|---|---|---|
| 65.1 | Die leser kan aflei dat Plank gevange gehou is en dat hy erg aangerand is en in pyn verkeer. √ | (1) [3] |
| 65.2 | Hulle moet na die Giardini Riali (Koninklike Tuine) gaan. √ | (1) [1] |
| 65.3 | Die masker wat sy dra het ’n kort snawel soos ’n valk en vlerke langs haar kop. √ | (1) [3] |
| 65.4 | Hy het ’n boodskap op die foon wat hy vir Greg gegee het, getik om hulle te waarsku dat dit ’n lokval is. √ Hy was te angstig en ontsteld toe hy die Baker se mense sien dat hy nie die boodskap opgemerk het nie. √ | (1) [2]<br>(1) [3] |
| 65.5 | Die donderweer √ en die feit dat een van die groepslede vergiftig is. √ | (2) [3] |
| 65.6 | Hy herken die sambreel met die gargoyle-kop wat uit hout gekerf is. / Die sambreel lyk soos die een wat hy in die Accademia-galery gesien het. √ | (1) [2] |
| 65.7 | In die hof tydens sy pa se verhoor. √ Naby sy woonstel in Stellenbosch toe sy navraag gedoen het oor hom. (In die Accademia-galery.) √ | (2) [2] |
| 65.8 | Hy fokus op sy asemhaling en sy sintuie om die angsaanval te beheer. √ | (1) [2] |
| 65.9 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, in Macbeth het Lady Macbeth haar man aangespoor om die koning dood te maak, so het Valkyrie vir Stadler aangespoor om ’n buiteband oor die regter se kop te trek. √ | (1) [5] |

**(12 punte)**

**Hoofstuk 66**

| | | |
|---|---|---|
| 66.1 | Hulle was neefs wat soos broers saam grootgeword het. √<br>Sebastian se pa was baie kwaai en het hulle gereeld pak gegee. √ | (2) [3] |
| 66.2 | | |

| | | |
|---|---|---|
| | Die Baker het kinderpornografie op sy rekenaar geplant en hy is | (2) [2] |
| 66.3 | daarvoor gearresteer. √ Die Baker het iemand in die tronk opdrag gegee om hom dood te maak. √ | (3) [2] |
| 66.4 | Hy kan nie meer fokus nie / hy kry koors / hy sweet / hy lyk bleek / spoeg slym uit sy mond. √√√ (enige 3) | (1) [3] |
| 66.5 | Hy is hooghartig / hoogmoedig / meerderwaardig / ly aan ’n grootheidswaan. √ | |
| | Dit is die Baker se webblad en beklemtoon sy lewensuitkyk. / Dit wakker vrees aan by die karakters en verhoog die spanning. | (1) [3] |
| 66.6 | √ Al die laboratorium se rekenaars is met ’n wagwoord gesluit. √ | |
| | Xander. √ Dit was sy troefkaart, indien hulle in die moeilikheid beland. / Hy het bewyse versamel om die Baker te laat boet vir | (3) [2] |
| 66.7 | sy dade. √ | |
| | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, net soos Alexander die Grote kragdadig te werk moes gaan, √ het Xander ook kragtige maatreëls in plek om ’n oorwinning oor die Baker te behaal. √ | (2) [5] |

**(14 punte)**

## Hoofstuk 67

| | | |
|---|---|---|
| 67.1 | Hy het die Baker se kode gekraak en al die gekodeerde lêers ontsyfer om die inligting te kry. √ Inligting oor Project Nursery Rhyme, die name van sy “magtige kontakte” en sy nuwe projek oor breinbeheer. √√ (enige 2) Hy wil dit vir die FBI, SA Polisie en enige owerheid wat daarin belangstel, gee. √ | |
| | Breinbeheer / om iemand te beheer en te martel van ’n afstand | (4) [2] |
| 67.2 | af. √ Gene manipuleer om alle mense se breine te beheer. √ | |
| | Reën: Die wolke pak saam, die weer dreun al harder en dan | (2) [1] |
| 67.3 | begin dit reën. √√ Greg: Die Baker sê dat een van hulle vergiftig is, Greg besef dit is hy toe hy sukkel om te fokus, sweet, naar raak en spasmas van die gif kry wat deur sy liggaam versprei. √√ | |
| | Hy sê dat hulle hul wapens in die kanaal moet gooi, dan sal Ayla | (4) [3] |
| 67.4 | en Dirk hulle by die hek uitvat. √ | |
| | Hy vat die teenmiddel by Valkyrie en Plank spuit hom in. √ Die | (1) [2] |
| 67.5 | pet wat hy by die smous se stalletjie gekry het, was deurweek met Paraoxon. √ | |
| | Vertroosting. (Die water (reën) is vertroostend vir Greg op bladsy | (2) [1] |
| 67.6 | 344.) √ | |
| | Die Baker het sy lyk toegebind met sakke, gewigte aan sy enkels | (1) [3] |
| 67.7 | geketting en in die see gegooi. √ | |
| | Xander verloor kop toe hy hoor hoe die Baker van sy pa se lyk | (1) [2] |
| 67.8 | ontslae geraak het en skiet die Baker dood. √ | |
| | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek sou hom net gewond het en | (1) [3] |
| 67.9 | die polisie gebel het om hom te arresteer. (enige aanvaarbare opinie) √ | |
| | | (1) [5] |

**(17 punte)**

## Hoofstuk 68

| | | |
|---|---|---|
| 68.1 | Die Canale Grande. √ Hierdie slang is letterlik ’n kanaal vol | (1) [1] |
| | water, √ terwyl die vorige hoofstuk verwys na slange as bose mense. √ | (2) [3] |
| 68.2 | | |

| | | |
|---|---|---|
| 68.3 | Sy het aanvanklik gevlug, √ maar toe op ’n snelboot gespring, teen die groep se boot vasgery en op hulle geskiet. √ | (2) [2] |
| 68.4 | Hy is ’n goeie vriend en vergewensgesind. / Hy is ’n dromer wat altyd op positiewe dinge fokus. / Hy is humoristies, want hy verbreek ernstige situasies met humor. √√ (enige 2) | (2) [3] |
| 68.5 | Xander vra vir Greg om verskoning vir dit wat hy in die verlede aan hom gedoen het √ en Greg vergewe hom. √ | (2) [2] |
| 68.6 | Xander wil figuurlik die bloed van die Baker wat hy doodgeskiet het van sy hande afwas. √ Deur wraak te neem en iemand dood te skiet, doen jy sonde en raak net soos die mense wat jy haat, hy het dus ook sonde om af te was. √ | (2) [3] |
| 68.7 | Valkyrie se snelboot bots met hulle s’n en daar word op hulle geskiet. √ Plank sterf in die kanaal. √ | (2) [2] |
| 68.8 | Albei sal skuldgevoelens ervaar al het hulle daarin geslaag om wraak te neem. √√<br>OF:<br>Xander het bloed op sy hande en moet saamleef met die wete dat hy skuldig is aan moord. √ Greg sal homself verwyt omdat hy sy beste vriend aan die dood afgestaan het. √ | (2) [5] |
| | In hoofstuk 1 is ’n deel van ’n koerantberig wat bevestig dat iemand in Venesië sterf en afwagting word geskep omdat die leser wil weet wie dit is. √ In hoofstuk 68 word dit bekend wie gesterf het en waarom die koerante berig het dat Greg Owen dood is. √ | (2) [3] |
| 68.9 | Die transpondeerder wat vir Greg Owen bedoel was, was in Plank se hand ingeplant daarom het die polisie gedink dit is Greg wat dood is. √ | (1) [2] |

**(18 punte)**

**Epiloog**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Dit dui daarop dat alles wat in die verlede gebeur het, uitgewis word sodat almal ’n nuwe lewe kan begin. √ | (1) [3] |
| 2. | Derdepersoonsverteller. √ Aan die einde van die roman word daar van buite na al die karakters gekyk en word dit nie net uit Greg se perspektief vertel nie. / Die derdepersoonsverteller fokus nie net op Greg se emosies nie, maar ook op sy pa s’n. √ | (1) [1]<br>(1) [4] |
| 3. | Dit tronkruimte. / Kgosi Mampuru II-gevangenis. | (1) [1] |
| 4. | Dit verwys na Plank se begrafnis. √ | (1) [1] |
| 5. | Hy bieg teenoor Greg dat hy nie ’n goeie pa was nie en vra om verskoning. √ Hy sê vir Greg dat hy nie skuldig hoef te voel indien hy nie weer wil kom nie. √ | (2) [3] |
| 6. | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, iemand wat onskuldige mense wil doodmaak verdien om lewenslank in die tronk te sit. Of: Nee, Chris Owen besef hy het verkeerd opgetree en elke sondaar verdien nog ’n kans om reg te maak wat hy verkeerd gedoen het. √ | (1) [4] |
| 7. | Soms is daar groot uitdagings en terugslae in ’n mens se lewe wat baie moeilik is om te bowe te kom. √ | (1) [3] |
| 8. | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek het tot die insig gekom dat dit nie die moeite werd is om wraak te neem nie, want jy kan self seerkry. √ | (1) [5] |

**(10 punte)**

## 5. Moontlike antwoorde van konsepvraestel

**NASIENRIGLYNE**

As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

Opstelvrae:

As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete. Die nasienriglyne is slegs ’n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die rubrieke vir die nasien van opstelvrae by die roman om die opstelvraag na te sien.

Kontekstuele vrae:

As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

**Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

**VRAAG 1: *DONKER WEB* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- **Dit is ’n breë raamwerk van feite.**
- **Al die feite word nie genoem nie.**

**Die kandidaat skryf ’n gepaste inleiding.**

- **Daar word denotatief en konnotatief na water verwys as Greg saam met Tom in die NG Moederkerk in Stellenbosch is.** Die doopvont in die kerk word letterlik vol water gegooi as iemand gedoop word, maar verwys na die figuurlike sondes van die mens wat afgewas word. (denotatief en konnotatief)
- **Die rivier op die kanselkleed het ’n figuurlike betekenis, terwyl Tom se lyk letterlik in die Eersterivier gevind word.** *’n Rivier van Lewende Water* is ’n positiewe verwysing wat die Bybel en sy beloftes as lewende water uitbeeld. Die volgende hoofstuk se titel is “’n Rivier van dooie water”. In hierdie hoofstuk word Tom se lyk (denotatief) in die swart water van die Eerste Rivier gevind. Dit staan in kontras met die woorde op die kanselkleed. Die Baker verwys in die klimaks van die roman figuurlik (konnotatief) na “slange wat krioel in ’n onderwêreldse rivier van bloed.” (denotatief en konnotatief)
- **Die palindroom: “Was die sondes af, nie net die gesig nie,” kan letterlik (denotatief) en figuurlik (konnotatief) geïnterpreteer word.** Xander gaan wys vir Greg die Hagia Sophia. Die Hagia Sophia het die

palindroominskripsie in die eerste steenvonte gehad. Die betekenis van die palindroom: "Was die sondes af, nie net die gesig nie", sinspeel figuurlik op Greg se sondes. Hy moet bely dat hy 'n sondaar is voordat Xander hom sal help. (denotatief en konnotatief)

- **Die Basilica Cistern is die fisiese plek waar Greg vir Xander ontmoet**. Dit word die Versonke Paleis genoem en was voorheen 'n waterreservoir. Die hele vloer van die Basilica Cistern is oordek met water en daar swem visse in die water. Greg sien Xander se beeld in die refleksie van die water. (denotatief)
- **Plekname van sekere ruimtes in die roman is (denotatief) naby water**. Greg besoek Thomas Lawson by sy huis in Clifton wat by die see is. Daar word verwys na Jeffreysbaai waar die Owens se vakansiehuis is. Xander se huis het 'n uitsig oor die Goue Horing, die inham van die Bosporus. Die Baker se huis is langs die Arnorivier in Florence. Venesië is die waterstad. (denotatief)
- **Xander is bang dat die bottel water, wat Dirk vir Greg aanbied, vergiftig is.** Xander vertrou nie vir Dirk nie. Dirk noem die water "windpompsjerrie". (denotatief) Beide Dirk en Xander drink van die water om te bewys dat geeneen van hulle bang is nie. (konnotatief)
- **Die Baker vertel dat hulle Xander se pa se lyk in die see gegooi het.** Die Baker sê dat hulle regter Gericke se lyk in sakke gesit het, gewigte aan sy enkels vasgemaak het en oor die see gevlieg het. Voor hy sy verhaal kon voltooi, skiet Xander hom dood. (denotatief)
- **Valkyrie bied vir Greg spottenderwys water aan in die Koninklike Tuine.** Greg raak naar as gevolg van die gif in sy liggaam. Valkyrie spot met hom toe sy vra of hy water wil hê en lag hom uit. (denotatief)
- **Die Baker verwys na water as iets wat verbind word met transformasie, purifikasie en skoonmaak, maar hy glo nie daaraan nie.** Hy sê spottend: "Kom ons was die sondes af en kyk waar dit ons bring. (konnotatief)
- **Die Baker het 'n sambreel met 'n gargoyle-kop om te keer dat hy nat word as dit reën.** Hy het die sambreel in die Accademia-galery gehad toe hy met Greg by die Dawid-beeld gesels het. Die Baker staan onder die sambreel in die Koninklike Tuine toe dit begin reën. (denotatief)
- **Progressie vind in die laaste paar hoofstukke plaas omdat die moontlikheid van reën toeneem en dit uiteindelik begin reën.** Wolke pak saam → die wolke dreun → dit raak donkerder → die wolke daal laer → daar is 'n gedreun → en die eerste druppels wat val → 'n swaar rammeling → "Deur die reënnewels kyk ek hoe dit plasse … blinkrooi stroompies." ( denotatief) Die wolke wat saampak en die uiteindelik reën ondersteun die spanning wat toeneem.
- **Die reën is vir Greg figuurlik 'n bron van troos.** "Die druppels val liggies op my gesig asof hulle my wil troos." (konnotatief)
- **Gevaarlike wapens beland in die water van die Canale Grande.** Xander beveel die Baker se manne om hulle vuurwapens in die kanaal te gooi. Hy gooi ook die pistool waarmee hy die Baker doodgeskiet het in die kanaal. (denotatief) Hy was sy hande in die kanaal asof hy figuurlik die bloed van sy hande wil afwas. (konnotatief)
- **Plank sterf in die Canale Grande.** Valkyrie se snelboot bots teen Greg-hulle en hulle beland in die water. Later word Plank se lyk uit die kanaal gehaal. (denotatief)

Die kandidaat skryf 'n gepaste slot.

**(25)**

**VRAAG 2: *DONKER WEB* – KONTEKSTUELE VRAE**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Die woorde wat kursief gedruk is, is deel van geskrewe woorde in teksboodskappe tussen Greg en Xander. / Dit word op hierdie manier geskei van die verteller se gedagtegang. / Dit beklemtoon dat dit boodskappe is en nie deel is van 'n fisiese gesprek (dialoog) nie. √ | (1) [3] |
| 2.2 | Hy het gedink Xander verwys na die video wat hy van Tom se lyk geneem het. √ Hy stuur aan die Baker die video om die IP-adres van sy rekenaar vas te stel. / Hy wil weet in watter land die Baker hom bevind. √ | (2) [3] |
| 2.3 | Chris Owen, Dok en die Baker was vennote in Project Nursery Rhyme. √ Die Baker se mense het by Greg se woonstel ingebreek en op die skuifdeur 'n boodskap gelos: "Jy en jou hacker buddy moet my uitlos." Xander is die hacker buddy. / Xander se vriend, Tom, het vir Greg besoek en is deur die Baker vermoor. √ | (2) [3] |
| 2.4 | **Greg** wil hê dat die Baker saam met Dok en sy pa in die tronk moet gaan sit en ook moet boet vir sy betrokkenheid by Project Nursery Rhyme. / Hy doen dit vir sy familie se naam, dit is vir hom 'n saak van eer. √<br>**Xander** besef dat die Baker ook verantwoordelik was vir sy pa se verdwyning en wil weet wat van sy pa geword geword het. / Hy wil wraak neem op die Baker, want hy weet dat hy sy pa doodgemaak het. √ | (2) [2] |
| 2.5 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Greg weet hoe goed Xander met kuberkraking is daarom het hy hom nodig. Hy sou nooit op sy eie daarin geslaag het om die Baker te laat boet vir sy dade nie. √<br>OF: Nee, Xander het vir Greg voorheen misbruik om wraak te neem en hy kan dit weer doen. / Dit is eintlik sy skuld dat Greg skuldgevoelens ervaar omdat hy onwetend sy pa ook agter tralies laat beland het. √ | (1) [4] |
| 2.6 | 'n Vergelyking. √ | (1) [1] |
| 2.7 | Daar was 'n dreigboodskap op sy woonstel se skuifdeur wat hom beveel het om hom uit te los. / Iemand het sy ma in 'n winkelsentrum in Johannesburg agtervolg en foto's aan Greg op sy Dropbox gestuur. / 'n Persoon in die aanhoudingselle het Greg gewaarsku dat hy die Baker moet los anders gaan sy pa seerkry. / Tom se lyk is, die dag nadat hulle ontmoet het, by die houtbrug waaroor hy daagliks na die universiteit toe loop, gelos as waarskuwing. (Tom se tong is uitgesny.) √√ (enige 2) | (2) [2] |
| | Deursettingsvermoë / determinasie (of 'n omskrywing soos: Hy gee nie moed op nie en maak klaar wat hy begin het.) √ | (1) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| 2.8 | ’n Nota aangaande die Baker en ’n gebrande boek. √ Xander het gesien dit is formules vir gevaarlike gifstowwe wat in chemiese oorlogvoering soos Project Coast gebruik is en met ’n soortgelyke projek op die internet (Die donker web en Elsewhere se webblad) die Baker probeer uitlok sodat hulle hom kan vastrek. √ | (2) [3] |
| 2.9 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Xander voel nie veilig in Suid-Afrika nie, want sy vriend Tom is reeds deur die Baker in Stellenbosch laat vermoor. / Xander weet dat die Baker weet waar Greg woon, maar hy weet nie waar Xander woon nie, want hy is baie sekuriteitsbewus en beskerm sy identiteit. √ | (1) [4] |
| 2.10 | Dit speel af in die Koninklike Tuine (Giardini Reali) in Venesië. (Volledige antwoord word vereis) | (1) [2] |
| 2.11 | ’n Stalletjiessmous het aan Greg ’n pet gegee en gewys waarheen die persoon wat die selfoon gevat het verdwyn het. Hulle het vir Plank met die selfoon in sy hand gevind en hy het vir hulle gesê dat daar ’n vrou in die Koninklike Tuine vir hulle wag. √ | (1) [3] |
| 2.12 | Rian wou vir die polisie vertel van Project Nursery Rhyme daarom moes hy hom stuit. √<br>Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die Baker het dalk te hore gekom dat Dok vir die polisie wil vertel waar die Baker woon. √ | (1) [2]<br>(1) [4] |
| 2.13 | Die eerstepersoonsverteller (ek-verteller). √ Hierdie tipe verteller is gepas, want dit verskaf geloofwaardigheid omdat Greg self sy waarneming oor die uitwerking van die gif op sy liggaam kan weergee. / Die eerste persoonsverteller is Greg Owen en hy kan sy emosies oor die effek van die gif op sy liggaam die beste weergee. / Die tipe verteller is effektief omdat dit beklemtoon hoe Greg homself staal teen die effek van die gif wat hy moet weerstaan. √<br>(Die evaluering moet verwys na die spesifieke reëls – geen generiese antwoorde word aanvaar nie.) | (1) [1]<br>(1) [5] |
| 2.14 | Slange. √ Greg het sommige van die Baker se magtige kontakte by die ete van Thomas Lawson ontmoet. / In Thomas Lawson se woning in Clifton. √ | (2) [2] |
| 2.15 | Hy het die Baker se rekenaar gekraak en beheer oor sy laboratorium se rekenaars oorgeneem. / Hy het hom ingelig dat hy bewyse aangaande sy projek oor breinbeheer en sy betrokkenheid by Project Nursery Rhyme aan die polisie sal gee as hy nie doen wat hy sê nie. / Hy het die Baker beveel om sy wagte aan te sê om hul vuurwapens in die kanaal te gooi, toe kon Greg die teenmiddel by Valkyrie afneem en Plank die inspuiting toedien. √ | (1) [3] |
| 2.16 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, hy het die Baker doodgeskiet en hy sal hulle nooit weer kan pla nie.<br>OF: Nee, hy het nou bloed aan sy hande en hy sal met ’n skuldige gewete moet saamleef dat hy iemand vermoor het. / Valkyrie is | |

| | | |
|---|---|---|
| | nog op vrye voet. Sy sal moontlik op Xander wraak neem omdat hy haar man doodgeskiet het. √ | (1) [5] |

**(25)**

## 6. Glossarium van literêre begrippe

**Antagonis**

Die antagonis is die teenstellende karakter wat die protagonis bedreigd laat voel. Hy veroorsaak so worsteling en krisis by hom.

*Voorbeeld*: In *Donker Web* is die Baker, Sebastian Stadler, die antagonis wat vir Greg bedreigd laat voel. Greg voel dat die Baker moet boet vir sy dade. Die Baker gebruik sy trawante om vir Greg die skrik op die lyf te jaag. Dit veroorsaak dat Greg wonder of hy die soektog na die Baker moet laat vaar.

**Atmosfeer/stemming en toon**

Die atmosfeer of stemming kan beskryf word as ’n gevoelsfeer wat gewoonlik deur beskrywing of handeling opgeroep word.

*Voorbeeld*: Die atmosfeer in die Owens se huis is somber vanweë Chris Owen se betrokkenheid by ’n misdaad en sy tronkstraf in die Kgosi Mampuru II-gevangenis.

**Boodskap**

Wanneer die hoofkarakter tot ’n ander of nuwe insig kom, kan dit ’n bepaalde waarde daarstel wat deur die leser en gehoor nagestreef kan word.

*Voorbeeld*: In die slot van *Donker Web* voel Greg dat ’n mens jou nie self kan beskerm teen die aanslae van die lewe nie en dat jy moet “bombestand” wees.

**Chronologies**

Chronologiese tydsverloop is wanneer gebeure in die verhaal in die volgorde van tyd op mekaar volg.
*Voorbeeld*: Die gebeure in *Donker Web* volg op mekaar.

**Denotasie**

Denotasie verwys na die letterlike betekenis soos dit in ’n woordeboek sal voorkom. Dit wat jy fisies kan waarneem.
*Voorbeeld*: In die Basilica Cistern sien Greg ’n beeld van die kop van Medusa wat vol slange is.

**Derdepersoonsverteller**

Hierdie tipe verteller het ’n beperkte alwetendheid. Die verhaal word beskryf deur die oë van een van die karakters.
*Voorbeeld*: In die proloog van *Donker Web* word die verhaalgebeure uit die perspektief van Xander Gericke aangebied.

**Dialoog**

Dialoog is ’n gesprek tussen twee of meer mense waarin daar soms ’n woordewisseling plaasvind. Dit lei dikwels tot nuwe insigte. Dit belig die innerlike handeling van die karakter; op hierdie wyse word die oorsake en gevolge van die konflik uitgelig. Dialoog en taalgebruik weerspieël ook karakters se sosio-maatskaplike agtergrond.
*Voorbeeld*: In die dialoog tussen Greg en sy pa tydens sy besoek aan sy pa in die tronk kan die leser aflei dat Chris Owen sy seun verantwoordelik hou vir sy tronkstraf. Sy pa se kru taalgebruik op bladsy 78 toon aan dat hy aggressief is en dat daar nie ’n goeie verhouding tussen pa en seun is nie.

**Eerstepersoonsverteller**

Hierdie tipe verteller is een van die karakters in die roman. Dit is die beste tipe verteller om geloofwaardigheid te verseker omdat die verteller sy emosies en gevoelens die beste kan beskryf.

*Voorbeeld*: Greg Owen, die hoofkarakter is vanaf hoofstuk 1 tot 68 die verteller. "Ek probeer my aandag vir 'n oomblik daarvan afkry, want ek weet ek moet slaap." (bladsy 14)

**Emosies**

Emosies is die innerlike belewenis of gevoel van byvoorbeeld vreugde, angs, woede, jaloesie, boosheid of verdriet wat spontaan te voorskyn kom of deur 'n bepaalde situasie opgewek word. Emosies gaan egter nie net met subjektiewe gevoelens gepaard nie, maar ook met liggaamlike reaksies en bepaalde gedrag.
*Voorbeeld*: Greg se ma vertel aan hom in hoofstuk 1 hoe sy na haar seun, John, se selfdood soms as sy alleen was haar hartseer emosies uitgeskree het. Haar verwysing na die "verdomde huis" beklemtoon haar emosionele frustrasie.

**Eksposisie**

In die eksposisie leer die leser/gehoor die agtergrond, ruimte en die karakters ken.
*Voorbeeld*: Die proloog en die eerste ses hoofstukke van *Donker Web* is die eksposisie van die roman.

**Ellips**

Die ellips word ook die beletselteken of die stippels genoem. Dit vervul verskillende funksies. Dit kan aandui dat 'n karakter se spreekbeurt onvoltooid is omdat iemand hom/haar in die rede geval het. Dit vestig die aandag op 'n belangrike deel wat volg en verhoog die spanning. In sommige gevalle dui dit op 'n kort pouse. 'n Deel wat weggelaat word, word deur die ellips aangedui en die leser kan self dink wat die karakter wou sê.
*Voorbeeld*: Die Baker sê op bladsy 332: "Een van julle ... is vergiftig."

**Fragmentaries**

Wanneer die verloop van die roman nie chronologies op mekaar volg nie, maar die hede en die verlede mekaar afwissel deur middel van tydspronge soos terugflitse.
*Voorbeeld*: Alhoewel *Donker Web* in chronologiese volgorde geskryf is, is daar veral in hoofstuk 1 en 2 terugflitse na die vorige roman, *Onderwêreld*, wat verwys na Greg se broer se selfdood en Lawson Kollege wat Greg in sy matriekjaar verlaat het.

**Geloofwaardigheid**

Geloofwaardigheid verwys na die toestand of eienskap dat iets of iemand betroubaar is. Is die roman so geskryf dat dit met feite ondersteun word sodat die karakters en gebeure geglo kan word, met ander woorde dat hulle geloofwaardig is?
*Voorbeeld*: Die skrywer van *Donker Web* het baie navorsing gedoen om die inhoud van die boek geloofwaardig te maak. Op bladsy 356 is daar 'n opsomming van ware feite wat die inhoud ondersteun.

**Gesigspunt of fokus**
Die hoek waaronder 'n onderwerp vanuit 'n sekere oogpunt gesien word.
*Voorbeeld*: In die proloog word die derdepersoonsverteller gebruik. Die proloog word uit die gesigspunt van die twaalfjarige Xander vertel. Die res van die roman word uit Greg se gesigspunt vertel.

**Herhaling**
Herhaling word ter wille van uitheffing en beklemtoning gedoen. Dit skep ook spanning en dui kontras aan. Sekere uitdrukkings word herhaal omdat dit aansluit by die tema of subtemas van die verhaal.
*Voorbeeld*: "Was ook die sondes af, nie net die gesig nie." (bladsye 96, 134, 205 en 333)

**Hiperbool**
Dit is wanneer iets oordryf word om dit indrukwekkender te maak of om dit te beklemtoon.
*Voorbeeld*: "Dis Venesië," sê oom Dirk. "Daar is oral toeriste. <u>Hulle peul uit die paving uit."</u> (bladsy 318)

**Hoofkarakter (sien ook protagonis)**
Die hoofkarakter staan ook bekend as die protagonis en al die gebeure in die roman fokus op hom. Die meeste verteltyd word aan hom/haar afgestaan.
*Voorbeeld*: Greg Owen is die hoofkarakter in D*onker Web.*

**Houding**
Die houding van 'n karakter is die manier van optrede of die gedrag wat 'n karakter openbaar oor hoe hy/sy oor 'n saak voel.

*Voorbeeld*: Die Baker ly aan 'n grootheidswaan en het 'n meerderwaardige houding teenoor almal wat nie sy doel en waardes nastreef nie. "Omdat ek lamlendige mense verafsku." (bladsy 338)

**Innerlike konflik**

'n Karakter ervaar intense emosies waarmee hy in sy gemoed worstel. Hy/sy wroeg oor 'n saak wat hy/sy nie kan verwerk nie.

*Voorbeeld*: Greg ervaar innerlike konflik toe sy pa in die tronk aangerand word en in die hospitaal beland as gevolg van sy verbete soektog na die Baker. Hy oorweeg om die soektog te laat vaar.

**Intertekstualiteit**

'n Herhaling van woorde of 'n aanhaling uit 'n ander geskrewe teks soos die woorde van 'n lied, 'n fliek, 'n boek of 'n gedig.

*Voorbeeld*: "Big Brother is watching you." - 'n aanhaling uit die roman, *1984*, van George Orwell.

**Intrige**

Dit is die verhaalplan/plan van die dramatiese verloop (die "plot"). Gebeure word so ontplooi dat 'n spanningslyn opgebou word wat uiteindelik tot die klimaks van die roman ontwikkel.

*Voorbeeld*: Greg se pa is in die tronk terwyl hy studeer in Stellenbosch. Weens die kritiek van ander aangaande sy pa se misdaad besluit Greg om die Baker op te spoor. Hy sluit by Xander in Turkye aan. Hulle volg sy spoor na Florence en Venesië. Xander skiet die Baker dood en Greg raak versoen met sy pa.

**Ironie**

Die teenoorgestelde van wat gesê word, word bedoel. Die gebeure verloop anders as wat die leser/gehoor verwag.

*Voorbeeld*: Die leser verwag dat Greg op bladsy 241 vir Plank bo Xander sal kies, maar dan gaan hy saam met Xander verder en los vir Plank in Turkye agter.

**Karakteriseringstegniek**

Die manier hoe die leser 'n karakter leer ken, byvoorbeeld deur dialoog, voorkoms, kleredrag of dit wat ander karakters oor hom/haar sê.

*Voorbeeld*: Thomas Lawson is 'n gerespekteerde sakeman. Hy is Engelssprekend, die voertaal van die meeste internasionale sakemanne. Sy kleredrag, die kosmetiese

chirurgie wat geïmpliseer word deur sy styfgetrekte gesig, sy trofeevrou en die geleenthede wat hy aan Greg wil bied, karakteriseer hom as iemand wat dink geld kan alles koop.

**Karaktereienskap**
'n Eienskap wat eie aan 'n karakter is soos die leser die karakter leer ken deur sy handeling, dialoog of houding. 'n Karakter kan byvoorbeeld selfsugtig, jaloers of ongeskik wees.
*Voorbeeld*: Plank is 'n goeie vriend wat ernstige situasies met humor verbreek. "Hei, jou lekker hacker!"

**Karakterontwikkeling**
Die hoofkarakter verander deur die loop van die roman. Hy/sy tree anders op as aan die begin en kom tot insig.
*Voorbeeld*: Greg is hardkoppig om vol te hou met sy soektog om wraak te neem op die Baker. Hy besef geleidelik dat hy baie kan verloor toe sy pa aangerand word deur die Baker. Uiteindelik verloor hy sy beste vriend, Plank, en raak versoen met sy pa. Greg verander van 'n onseker, naïewe jongmens na iemand wat, as gevolg van struikelblokke, groei tot volwassenheid.

**Klanknabootsing**
Dit is die nabootsing van klank wat deur 'n woord voorgestel word.
Voorbeeld: Klippies kras onder ons voete. (bladsy 327)

**Klimaks**
Die klimaks is die hoogtepunt van die struktuur van die roman.
*Voorbeeld*: Die klimaks in *Donker Web* speel af in die Koninklike Tuine in Venesië toe Xander die Baker doodskiet.

**Konflik**
Konflik of botsing kom voor wanneer twee kragte teenoor mekaar gestel word. Innerlike konflik vind plaas wanneer die konflik in die gemoed van 'n karakter gebeur. Dit gebeur wanneer spanning in die karakter geskep word deur die botsing van emosies, begeertes, behoeftes of vrese, en wanneer een gevoel of drang die oorhand oor 'n ander probeer kry.

*Voorbeeld*: Greg en Xander is gedurig in konflik omdat Greg sekere inligting van hom weerhou en hulle mekaar wantrou.

**Konnotasie**

Dit is die figuurlike betekenis van ’n woord of uitdrukking.
*Voorbeeld*: Die Baker verwys na sy sakekennisse as <u>slange</u> omdat hulle almal boos en korrup is.

**Kontras**

Dit is ’n teenstelling waar mense/dinge/idees/situasies teenoor mekaar gestel of met mekaar vergelyk word.
*Voorbeeld*: Greg is verwonderd oor die lig in die aankomssaal van die Istanboel-lughawe en verwag dat Xander hulle daar sal ontmoet, maar hy kies ’n donker ontmoetingsplek, die Basilica Cistern.

**Krisis**

Die krisis is die deel van die struktuur van die roman waar die spanning hewiger raak en is net voor die klimaks van die roman.
*Voorbeeld*: Die krisis ontstaan toe Xander en Greg in ’n lokval beland en dit lyk asof die Baker met hulle gaan afreken. / Toe Greg agterkom dat dit hy is wat vergiftig is en kan sterf.

**Metafoor**

In ’n metafoor word die beeld in die plek van die eintlike voorstelling geplaas of twee sake wat verband hou met mekaar word gelykgestel.
*Voorbeeld*: Een slangkop, Dok, is dood. ’n Ander slangkop, my pa, is in ICU ...”

**Milieu**

Die milieu in die roman sluit tyd, ruimte en agtergrond in. Die roman is geskryf teen ’n sekere agtergrond en tydgleuf waarbinne die karakters in die ruimte optree.
*Voorbeeld*: Dié roman speel in verskillende ruimtes in Suid-Afrika, Istanboel, Florence en Venesië af.

**Motief**

’n Motief is ’n karakter, insident, voorwerp of abstrakte idee wat voortdurend in die roman na vore kom. Ons praat gewoonlik van ’n herhalende of deurlopende motief.

Die funksie van ’n motief is om die roman tot ’n eenheid saam te bind en belangrike gedagtes uit te hef.
*Voorbeeld*: Daar word gereeld in hierdie roman na slange verwys.

**Motto/Epigraaf**
Dit is ’n kort, kragtige aanhaling voor in die roman wat dien as agtergrond vir die lees van die roman. Die motto suggereer aan die leser waaroor die verhaal handel. Dit word gewoonlik kursief gedruk omdat dit ’n aanhaling uit ’n ander geskrewe werk is.
*Voorbeeld*: Daar is drie motto’s in *Donker Web*, byvoorbeeld: In the face of pain there are no heroes.

**Motoriese moment**
Die motoriese moment is daardie oomblik in die struktuur van die roman waar die handeling aan die gang gesit word.
*Voorbeeld*: Greg se besluit om die Baker op te spoor, is die motoriese moment.

**Naamgewing**
Sekere name van die karakters hou verband met bekende figure of is simbolies van aard.
*Voorbeeld*: Die verteller stel vir Xander Greicke gelyk aan Alexander die Grote wat deur kragdadige handeling die Gordiaanse knoop met sy swaard deurgekap het net soos Xander daarin slaag om die Baker se misdade deur losprysware aan die kaak te stel.

**Newekarakter**
Al die belangrike karakters wat die hoofkarakter, Greg Owen, se eienskappe na vore bring en bydra tot sy karakterontwikkeling is newekarakters.
*Voorbeeld*: Xander, Plank en Chris Owen is byvoorbeeld newekarakters.

**Oksimoron**
Twee teenstrydige woorde wat ’n kontras vorm, word direk langs mekaar geplaas.
*Voorbeeld*: Ek **slaap wakker**.

**Ontknoping/afloop/afwikkeling**

Die ontknoping, afloop of afwikkeling dui op die einde van die roman en is die laaste gedeelte van die roman.
*Voorbeeld*: Die epiloog waar Greg besoek aflê aan sy pa in die tronk is die ontknoping van die roman.

**Paradoks**
Dit is ’n bewering wat lyk of dit ’n teenstrydigheid bevat, maar wat op ’n dieper, geestelike vlak tog waar is, byvoorbeeld “om te lewe moet jy sterwe” of “stilbly is ook ’n antwoord”.
*Voorbeeld*: “Ek ek is alleen tussen al hierdie mense.” (bladsy 39)

**Parallelisme (ooreenkoms)**
Parallelisme ontstaan wanneer dieselfde gedagte op twee maniere, met effense variasie, uitgedruk word.
*Voorbeeld*: Xander gebruik die verhaal van Prometheus uit die Griekse mitologie as parallel vir sy eie skuldgevoelens en berou oor dit wat hy aan Greg gedoen het.

**Personifikasie**
Hierdie stylfiguur verwys na die gee van menslike eienskappe aan lewelose dinge, soos byvoorbeeld die venster loer tussen die blare deur, die tyd stap aan, die wind huil om die hoeke.
*Voorbeeld*: Dis ’n lewenskragtige stad wat wydsbeen staan oor Asië en Europa. (bladsy 155)

**Progressie**
Progressie dui op die vooruitgang of ontwikkeling wat opbou tot ’n hoogtepunt en word gebruik om die spanning te laat toeneem.
*Voorbeeld*: In die ruimte van die Koninklike Tuine word die spanning progressief verhoog deur die wolke wat saampak, begin dreun en rammel en uiteindelik begin dit reën.

**Protagonis**
Die protagonis is die karakter wie se gevoelens en ervaringe gewoonlik sentraal gestel word.
*Voorbeeld*: Greg Owen.

**Randkarakters/figurante**

Randkarakters is minder belangrike karakters wat geen noemenswaardige rol in die roman vertolk nie.

*Voorbeeld*: Die vrou by die gastehuis in Beaufort-Wes, die onbekende student by die Vensters-optrede, Greg se huishulp en die motorfietsryer wat vir Greg dophou.

**Ronde karakter**

Hoofkarakters word soms ronde karakters genoem omdat hulle karakterontwikkeling ondergaan.

*Voorbeeld*: Greg is ’n ronde karakter wat geestelik groei en tot die insig kom dat ’n mens jou nie self kan beskerm teen die struikelblokke in die lewe nie.

**Ruimte**

Dit is nie net die fisieke ruimte nie, maar ook die geestelike ruimte wat die atmosfeer en stemming insluit, wat die karakters beïnvloed en veroorsaak dat hulle op die ruimte reageer.

*Voorbeeld*: Die ruimte in die Kgosi Mampuru II-gevangenis is anders as die rykmanslewe waaraan Chris Owen gewoond was. Die geraas, swak kos en ongesonde omstandighede veroorsaak dat hy maerder en meer geboë lyk. Hy is ook gefrustreerd met sy omstandighede.

**Sarkasme**

Sarkasme is ’n manier van praat waar die persoon eintlik presies die teenoorgestelde bedoel van wat hy/sy sê. Sarkasme word gewoonlik gebruik om te spot en/of seer te maak.

*Voorbeeld*: “Jy is darem ’n emmer vol sonskyn, is jy nie?” (bladsy 60) Dain February is sarkasties oor Greg se ontwykende houding.

**Simbool**

’n Simbool is ’n teken of voorwerp wat ’n ander saak verteenwoordig. ’n Persoon kan ook as simbool van ’n spesifieke groep mense optree. Bekende simbole is die kruis, wat die Christendom verteenwoordig, en die kopbeen, wat gevaar voorstel.

*Voorbeeld*: Water is die simbool van reiniging en purifikasie in die palindroom: Was die sondes af, nie net die gesig nie.

**Sinekdogee**

Sinekdogee is gedeeltelike aanduiding, net ’n deel word genoem terwyl die geheel eintlik bedoel word.

*Voorbeeld*: Nicole klim uit die motor uit met “’n bondeltjie komberse” op bladsy 81. Sy het nie net ’n bondeltjie komberse in haar hande nie, maar haar baba, Colette.

**Spanning**

Spanning is ’n belangrike element in enige roman. Wanneer spanning geskep word, wonder die toeskouer wat volgende gaan gebeur.

*Voorbeeld*: Die Baker stuur ’n boodskap aan Greg en Xander en waarsku hulle dat hy hulle dalk sal opspoor voordat hulle hom kan opspoor.

**Stemming/atmosfeer en toon**

’n Gevoelsfeer wat gewoonlik deur beskrywing opgeroep word. Dit kan sober, verspot, vrolik, gespanne, droef, ligsinnig, ens. wees.

*Voorbeeld*: Daar is ’n gespanne atmosfeer toe Greg agterkom dat Xander en Ayla die gebrande boek ontdek het en antwoorde van hom verwag.

**Stereotipering**

Stereotipering is ’n gestandaardiseerde idee of siening van iemand of iets.

*Voorbeeld*: Greg word gestereotipeer as ’n “loser” wat sy pa vir die wolwe gegooi het.

**Subintrige**

Minder belangrike gebeure in die roman. Dit ondersteun gewoonlik die intrige in die roman.

*Voorbeeld*: Greg en Nicole se weersiens op bladsy 81 tot 83 is nie so belangrik nie, maar dit ondersteun die feit dat Greg besig is om te verander.

**Suggestie/ geïmpliseerde betekenis**

Wanneer iets gesuggereer of geïmpliseer word, word dit nie direk gesê nie, maar moet die leser tussen die lyne aflei wat die boodskap van die skrywer is.

*Voorbeeld*: Die twaalfjarige Xander Gericke sien in die proloog dat die mense wat by hulle huis opdaag op soek na sy pa nie die gewone kuiergaste is nie, maar vreemde mans in jeans en swart T-hemde wat suggereer dat hulle nie vriende van sy pa is nie.

**Taalgebruik**

Taal word gebruik om die kenmerke van 'n sekere persoon of groep te beklemtoon of te karakteriseer.

*Voorbeeld*: Die jongmense in die roman se taalgebruik is kenmerkend van die jeug wat sleng gebruik wat 'n mengsel is van Afrikaans en Engels. Dit maak die verhaal geloofwaardig, want dit is die manier hoe vandag se jongmense praat.

**Tema**

Die grondgedagte of kern van 'n roman word die tema genoem. Die leser/gehoor wil 'n tema hê waarvan die kern 'n aktuele lewensvraagstuk is en waaroor hulle kan nadink.

*Voorbeeld*: Die spreekwoord: "Die ou wat wil wraak neem, moet twee grafte grawe." beklemtoon die tema dat daar struikelblokke in die lewe is en dat 'n mens self sal seerkry as jy iemand anders wil seermaak.

**Terugflits**

'n Terugflits is 'n verwysing na 'n gebeurtenis of 'n gesprek wat in die verlede gebeur het.

*Voorbeeld*: In hoofstuk 2 is daar terugflitse na Greg se laaste dag by Lawson Kollege.

**Titel**

Die titel is die "naam" van die roman of 'n hoofstuk in die roman. Dit gee die leser 'n aanduiding waaroor die roman of 'n hoofstuk in die roman handel.

*Voorbeeld*: *Donker Web.*

**Tritagonis**

Die tritagonis staan tussen die strydende partye. Hierdie karakter kan verskeie rolle vervul, soos die oorsaak van die konflik, of die helper van die strydende partye.

*Voorbeeld*: Xander Gericke help vir Greg om die Baker te laat boet vir sy dade.

**Uiterlike konflik**

Wanneer twee strydende partye fisies mekaar die stryd aansê deur byvoorbeeld 'n vuisgeveg of met wapens of 'n woordewisseling het, word dit uiterlike konflik genoem. 'n Deurborende kyk kan ook 'n voorbeeld van uiterlike konflik wees.

*Voorbeeld*: Xander gooi Plank se selfoon stukkend omdat hy hul lewe in gevaar stel deur vir Lisa te bel en vriende te maak met die Turkse smous. (bladsy 185)

**Uitsteltegniek**
’n Skrywer gebruik soms die uitsteltegniek om die leser nuuskierig te hou sodat hy/sy die roman enduit sal lees omdat hy/sy wil weet wat gaan gebeur.
*Voorbeeld*: In hoofstuk 1 verwys die koerantberig na Greg Owen wat oorlede is, maar in hoofstuk 68 kom dit aan die lig dat dit eintlik Plank is wat dood is en dat sy liggaam verkeerdelik as Greg s’n geïdentifiseer is weens die transpondeerder wat vir Greg bedoel was, maar in sy hand geplant is.

**Vergelyking**
Twee sake met gemeenskaplike kenmerke word met mekaar vergelyk. Die woorde soos, net soos, nes of asof word gebruik om die ooreenkoms aan te dui, byvoorbeeld: hy is so stadig soos ’n skilpad.
*Voorbeeld:* Ayla se lag klink soos klokkies.

**Verteltyd**
Dit verwys na die tyd wat dit duur om die verhaal te lees.
*Voorbeeld*: Die verteltyd in dié roman is 346 bladsye.

**Vertelde Tyd**
Die vertelde tyd is die tydperk wat in die verhaal gedek word of die tydsduur.
*Voorbeeld*: Die vertelde tyd in *Donker Web* is ongeveer ses maande.

**Verwikkeling/ontwikkelingsfase**
Die verwikkeling/ontwikkeling verteenwoordig die grootste gedeelte van die intrige van die roman.
*Voorbeeld*: Die deel begin by Greg se besluit om die Baker op te spoor, sy soektog en hulle uiteindelike ontmoeting in die Koninklike Tuine.

**Woordspeling**
Woordspeling vind plaas wanneer ’n woord of ’n uitdrukking wat meer as een betekenis het só gebruik word dat al die verskillende betekenisse van toepassing is. Die uitdrukking kry dan ’n dubbele betekenis.

*Voorbeeld*: "… iewers tussen die bo- en die onderwêreld. Of dalk die anderwêreld." (bladsy 147)

**7. Glossarium van woorde in die teks**

| | |
|---|---|
| **Algoritmes** | Voorgeskrewe proses of stel reëls vir bewerkings en probleemoplossing. |
| **alkoholis** | Iemand wat aan drank verslaaf is. |
| **angsaanval** | Intense vrees gepaardgaande met simptome soos hartkloppings, duiseligheid en naarheid. |
| **anonimiteit** | Naamloosheid. |
| **Bombestand** | Kan nie deur 'n bom beskadig word nie. |
| **bromance** | 'n Besonderse hegte vriendskap tussen twee mans. |
| **chaos** | Wanorde/warboel. |
| **concierge** | Portier. |
| **deduksie** | Gevolgtrekking. |
| **doolhof** | 'n Plek wat doodlooppaadjies het / waar jy maklik kan verdwaal. (labirint) |
| **draadsitter** | Iemand wat nie kan besluit watter kant toe nie / wat nie wil kant kies nie. |
| **encrypted** | Gekodeerde. (dokument wat deur 'n kode beskerm word) |
| **farmakologie** | Leer van die maak van geneeskragtige plantstowwe vir mediese doeleindes. |
| **Fier** | Trots. |
| **forsers** | Frisser. |
| **fresko** | 'n Muurskildery met waterverf op nat, vars muurkalk. |
| **frontmaatskappy** | 'n Maatskappy wat net op papier bestaan en gebruik word om 'n ander maatskappy se aktiwiteite weg te steek. |
| **gargoyle** | 'n Monsteragtige (diere) figuur wat uit hout gekerf is. |

| | |
|---|---|
| **gondel** | ’n Kleinerige roeiboot in Venesië met ’n skerp punt. |
| **introspeksie** | Selfondersoek. |
| **karma** | Die omvang van die mens se dade tydens sy aardse bestaan. |
| **keistene** | Ronde of vierkantige klip of harde steen waarmee strate geplavei word. |
| **kelim** | ’n Handgeweefde tapyt. |
| **klandestiene** | Geheime. |
| **kloon** | ’n Presiese afbeelding of duplikaat van die oorspronklike. |
| **komyn** | ’n Egiptiese speseryplant waarvan die saad gebruik word. |
| **koverte** | Militêre operasies wat uitgevoer word, maar nie aan ’n sekere groep gekoppel kan word nie. |
| **kwantum fisika** | ’n Afdeling in fisika wat die kwantumteorie gebruik om die eienskappe van ’n fisiese stelsel te beskryf en voorspel. |
| **kwasi-sielkunde** | Kamma of sogenaamde sielkunde. |
| **lokval** | ’n Plan wat beraam word om iemand onverhoeds te oorval. |
| **majestueuse** | Indrukwekkende. |
| **memorabilia** | Gedenkwaardighede om ’n spesiale geleentheid of tydperk te onthou. |
| **metadata** | Inligting wat op die agtergrond gestoor word en ander data beskryf soos die outeur, datum en grootte van die lêer op die rekenaar. |
| **mikroskyfie** | ’n Mikroskyfie wat ’n unieke kode bevat om iets of iemand te identifiseer. |
| **moskee** | ’n Tempel waar Moslems aanbid. |
| **organogram** | Skematiese voorstelling van die struktuur van ’n maatskappy. |
| **pakt** | Samewerking tussen twee partye op bepaalde voorwaardes. |
| **paranoia** | Vervolgingswaansin, die persoon glo dat hy voortdurend agtervolg word. |
| **power bank** | ’n Gesofistikeerde elektroniese toestel wat krag stoor en oordra na ’n ander toestel soos ’n selfoon. |

| | |
|---|---|
| **promenade** | Loopgang/wandellaan. |
| **randsomware** | Losprysware / Dit is ’n tipe virus wat inligting op die slagoffer se rekenaar bekom. Die persoon kan dreig om die inligting bekend te maak of toegang op die rekenaar blokkeer totdat die slagoffer die losprys betaal. |
| **reminisce** | (reminissensie) ’n Vae herinnering aan iets. |
| **resonansie** | Weerklank/ natrilling. |
| **semantiek** | Betekenisleer. |
| **simit** | Turkse ronde broodjie wat met sesamsaad bestrooi is. |
| **skietstilstand** | Gewoonlik in oorlogsituasies waar daar ’n ooreenkoms aangegaan word om tydelik op te hou skiet. In *Donker Web* is dit eerder ’n wedersydse ooreenkoms tussen Xander en Greg om hulle verskille opsy te stoot en saam te werk. |
| **smalend** | Honende / verkleinerend / met minagting behandel. |
| **Smet** | Skandvlek. |
| **Soldervertrek** | ’n Vertrek aan die bokant van die huis. / ’n Vertrek tussen die balke en die plafon. |
| **Somberte** | Swaarmoedige/hartseer/droewige atmosfeer. |
| **Spasma** | ’n Pynlike sametrekking van spiere. |
| **Spitsvondig** | Skerpsinnig. |
| **studio** | Ateljee. |
| **takelwerk** | ’n Stelsel van katrolle en toue om swaar voorwerpe op te hys. |
| **takseer** | Om iemand opsommend te bekyk om die waarde te bepaal van ’n persoon se karakter. |
| **tenger** | Skraal. |
| **terminus** | Eindstasie. (busstasie) |
| **terrorisme** | Geweldpleging / skrikbewind / terreurdade wat gepleeg word. |
| **trattoria(s)** | Italiaanse restaurante. |

| | |
|---|---|
| **trofeevrou** | ’n Mooi, jong vrou waarmee ’n eggenoot kan spog. |
| **Trojan** | ’n Gevaarlike rekenaarvirus wat onskadelik lyk, maar wat ’n rekenaar kan kontroleer en baie skade kan berokken. |
| **tsunami** | ’n Reeks getygolwe wat deur ondergrondse grondverskuiwings veroorsaak word. (as metafoor gebruik in *Donker Web*.) |
| **Voyager miles** | SAA-Voyager-lede kan lojaliteitspunte verdien indien hulle by ’n Total-vulstasie aankope per kaart of kontant doen en dit weer gebruik om vliegtuigkaartjies aan te koop. (1 liter brandstof=1 Voyager mile) |
| **vrank** | Skerp suur/bytende smaak. |
| **waterreservoir** | Opgaardam vir water. |
| **watertaxi** | ’n Vaartuig wat passasiers teen vergoeding op die water van een punt na die volgende vervoer, byna soos ’n publieke bus. |
| **Zero’s en one’s** | Binêre syfers (1 en 0) wat gebruik word in die werking van ’n rekenaar. |

**AFDELING B & C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA**

**[25 PUNTE] 2020**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD**<br><br>Interpretasie van onderwerp.<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks.<br><br>**15 PUNTE** | **12 -15**<br>-Uitsonderlike respons: 14 – 15<br>-Uitstekende respons: 12 – 13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | **9 - 11**<br>-Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | **6 - 8**<br>-Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van die genre en teks | **4 - 5**<br>-Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | **0 - 3**<br>-Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| **STRUKTUUR EN TAAL**<br><br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding.<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel.<br><br>**10 PUNTE** | **8 - 10**<br>-Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | **6 - 7**<br>-Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | **4 – 5**<br>-Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | **2 - 3**<br>-Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | **0 - 1**<br>-Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |

## 8. Bronnelys


Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. 2011. 9de uitgawe. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Kaapstad: Pharos.


**Internetskakels:**


http://www.fanieviljoen.co.za/tuis/biografie-2/
http://www.sun.ac.za/afrikaans/Pages/Historical-Background.aspx
https://.maryarrchie.com//medusa-in-greek-myth/
https://af.wikipedia.org/wiki/Wikipedia:Rekenaarterme
https://www.britannica.com//video/167573/video-Istanbul
https://www.britannica.com/topic/Valkyrie-Norse-mythology
https://www.britannica.com/video/179470/Overview-Turkey
https://www.history.com/news/what-was-the-gordian-knot
https://www.sun.ac.za/english/entities/archives/Documents/1957%20Matieland%202.pdf
Istanboel
www.ancient.eu>Medusa
www.ancient.eu>Prometheus


Fotoverwysings - internetskakels


https://api.creativecommons.engineering/v1/thumbs/78017f85-554f-4f5b-a27c-19508dfae5a0

https://api.creativecommons.engineering/v1/thumbs/8650987f-bc43-4cfd-8797-a3c649bcb41e

https://api.creativecommons.engineering/v1/thumbs/b0db220a-115f-4c19-91e2-919ea427514e

https://api.creativecommons.engineering/v1/thumbs/e1a189a6-11ee-4434-8dcb-57c63d000bdc

https://api.creativecommons.engineering/v1/thumbs/e339cb9c-d5ce-4796-a41e-26eba4d405a4

https://ccsearch.creativecommons.org/photos/8650987f-bc43-4cfd-8797-a3c649bcb41e

https://ccsearch.creativecommons.org/photos/d1291ec0-bf8b-4a52-adb0-7d7c3a0fa759

https://ccsearch.creativecommons.org/photos/d1291ec0-bf8b-4a52-adb0-7d7c3a0fa759

https://ccsearch.creativecommons.org/photos/f039cc37-02d0-4dc4-886d-3f402d816820

https://i.pinimg.com/originals/e2/a7/23/e2a723a46a1c453ec05c59a473704463.jpg

https://live.staticflickr.com/2192/2391850210_e7be6c1585_b.jpg

https://live.staticflickr.com/3107/2873332621_8342f83c1b.jpg

https://live.staticflickr.com/3893/14489256282_0872b2670a_b.jpg

https://live.staticflickr.com/728/31554471745_75772e271b_b.jpg

https://live.staticflickr.com/7409/11409270084_9c2a5af97a_b.jpg

https://search.creativecommons.org/photos/329cfa29-04e5-46d9-b828-3a3090e3da8c

https://search.creativecommons.org/photos/329cfa29-04e5-46d9-b828-3a3090e3da8c

https://search.creativecommons.org/photos/7addd32c-f8a3-4f51-a36e-5eed9e9cc472
https://search.creativecommons.org/photos/c4e353c7-5436-4c12-8a8c-659d1b571071

https://search.creativecommons.org/photos/c4e353c7-5436-4c12-8a8c-659d1b571071
https://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons/thumb/1/1a/Ambigram_palindrome_%CE%9D%CE%99%CE%A8%CE%9F%CE%9D%CE%91%CE%9D%CE%9F%CE%9C%CE%97%CE%9C%CE%91%CE%A4%CE%91%CE%9C%CE%97%CE%9C%CE%9F%CE%9D%CE%91%CE%9D%CE%9F%CE%A8%CE%99%CE%9D_%28Wash_your_sins%2C_not_only_your_face%2C_in_Greek%29.jpg/640px-
https://www.google.co.za/search?q=istanbul+airport+arrivals&sxsrf=ALeKk03StE1AId9CSXZjlbx_WtUVxhGB1w:1600512167919&source=lnms&tbm=isch&sa=X&ved=2ahUKEwjPtei5hPXrAhV0QUEAHVIEA-UQ_AUoAXoECA0QAw&biw=1366&bih=625#imgrc=6K0gso3zjwvL5M

https://www.google.com/url?sa=i&url=http%3A%2F%2Ftravelsmaps.com%2Fistanbul-turkey-istanbul-turkey-map-map-istanbul-turkey.html&psig=AOvVaw066K8ZYCOF4Qb6tSaqald0&ust=1599987371868000&source=images&cd=vfe&ved=0CAIQjRxqFwoTCJiTldCf4-sCFQAAAAAdAAAAABBM

https://www.witsjusticeproject.co.za/uploads/kgosi-mampuru.jpg

Resensies en e-posboodskappe:

https://www.litnet.co.za/donker-web-deur-fanie-viljoen-n-resensie/?fbclid=IwAR2LQ4WeVDPnh1UOhb7jKSAyqHFD6vPbWBDyjKFTBLIfqPVGHTPRw8Pkdyw

- Fanie Viljoen
- Dr. F.J. Labuschagne